

HOOFSTUK I

AMPSWONINGS

A INLEIDING

Die belangrikheid van die ampswoning blyk nêrens duideliker as in die Verenigde State van Amerika (VSA) nie, waar byna uitruilbaar na die uitvoerende President en sy huis, die Wit Huis (fig.1), verwys word. Hierdie voorbeeld word bevestig deur ampswonings in ander groot demokrasieë van die wêreld, soos Groot-Brittanje se 10 Downing Street (fig.2) in Londen.

‘n Ampswoning is die tuiste van die politieke leier van die land. Hierdie tipe woning toon ‘n duidelike verskil van die paleise wat deur konings bewoon word. Paleise het ten doel gehad om indrukwekkende en spoggerige geboue te wees om die belangrikheid van die monargie of land uit te beeld. Dit is gebou in die oortreffende trap met al die koninklike prag en praal. Die paleis van Versailles is ‘n voorbeeld hiervan.

In teenstelling daarmee is ampswonings die verblyfplekke van uitvoerende staatshoofde wat die verkose leiers van die volk is. Die staatshoof is dus die verteenwoordiger van die gewone man en die woning moet by die amp pas. Ampswonings het ‘n baie groter werkgerigte funksie. Dit is verblyfplekke waarin geleef en gewerk word, terwyl dit erkenning aan die status van die amp gee.

1. Praktiese funksie van ampswonings

Om ‘n vergelyking tussen ampswonings te tref, moet van die bekendste ampswonings van naderby beskou word.

President George Washington (1789-1797) het kort nadat hy President van die VSA geword het, besef dat besluit moes word watter vorm die presidensie ooreenkomstig met die statuur daarvan sou aanneem. Die President moes ook bepaal watter vorm die presidensie moes aanneem as die leier van ‘n demokrasie en nie van ‘n monargie nie. Moes die President in afsondering met sy werksaamhede voortgaan of moes die bevolking onbeperkte toegang tot hom hê? Daar kon van die voorbeelde van koningshuise en ander leiersgroepe geleer word hoe om te werk te gaan. Die besluite sou ‘n invloed

op die status van sy woning hê, aangesien die woning in daardie stadium die verblyfplek, onthaalplek en kantore van die President gehuisves het. Die woning was reeds te klein om al die personeel en die verskillende funksies van die President se kantoor te huisves. 'n Nuwe verblyfplek sou in elk geval in die nuwe federale hoofstad Washington, DC gebou moes word en die nuwe akkommodasie sou aan al die vereistes moes voldoen.¹

Die meeste ampswonings toon sterk ooreenkomste met mekaar. Dit is veral sigbaar in die akkommodasieskedules van dié wonings. Die praktiese funksies van ampswonings kan uit 'n vergelykende studie van bekende ampswonings afgelei word.

Ampswonings soos The Lodge in Australië en die Wit Huis in die Verenigde State van Amerika, is doelspesifiek as woning van die staatshoof opgerig. Ander wonings, soos die Palais de l'Élysée en 10 Downing Street, is tradisionele geboue wat as die ampswonings van staatshoofde nuwe funksies gevind het. Talle Europese staatswonings is nie gebou met die oog daarop dat dit die verblyfplek van die uitvoerende gesag sou wees nie. Tradisieryke geboue gevul met volksskatte is nuut aangewend om as akkommodasie vir staatshoofde te dien. As sodanig het 'n ampswoning soos die Palais de l'Élysée, die Franse Presidentswoning, reeds simboliek en geskiedenis aan die amp van die inwoner verskaf. Nuwe nasies en demokrasieë het vir hulle staatshoofde wonings opgerig of gekies wat nasietrots en identiteit uitgebeeld het.

Die wonings word gewoonlik verdeel in private woongedeeltes en openbare werkgedeeltes. Die woongedeelte behels slaap-, eet- en ontspanningsgeriewe vir die inwoners. Die grootte van die privaatgedeelte van ampswonings wissel van woning tot woning. In party wonings beslaan dit amper die hele woning, maar in ander is dit beperk tot klein gedeeltes van die ampswoning.

As woonhuis van die uitvoerende hoof huisves dit meestal kantore vir die staatshoof en 'n vergaderplek vir die kabinet. Daar is ook ontvangsplekke vir besoekers, onthaalplekke vir groter en kleiner groepe mense en soms ook oornagplekke vir gaste soos in die Wit Huis. Sommige ampswonings, soos die Wit Huis, het ook gedeeltes wat permanent of tydelik vir besigtiging deur die

¹ W. Seale, *The President's house, a history*, I, pp. 5-7.

publiek oopgestel is, terwyl ander, soos die Hôtel Matignon, die Franse Eerste Minister se amptelike verblyfplek, op spesifieke dae oopgestel word.²

Die ampswonings is ingerig met die oog op die taak wat die inwoners verrig en daarom moet die kantore, kamer vir die kabinet en onthaalvertreke aan spesifieke vereistes voldoen. George Washington het gevoel dat die Wit Huis altyd aan die veranderende vereistes van die President moes voldoen. Hy het dus verwag dat dié woning deur die jare verander, verbou en vergroot sou word.³

Een van die pligte van die uitvoerende staatshoof is om onthale vir gaste van die staat aan te bied. Vir dié doel moes die ampswoning oor onthaalvertreke beskik wat wissel van staatsbanketkamers, kleiner eetkamers, vertreke geskik vir middagonthale en vir die ontvangs van diplomatieke groepe. Met die beperkte tyd tot die leiers van lande se beskikking, was en is dit seker gerieflik vir die betrokke leiers om sulke onthale so na as moontlik aan hulle woon- en werkplekke te hê. Logisties en administratief was dit net geriefliker om alles onder een dak te versamel met toegang tot kombuisgeriewe wat die hele situasie sou vergemaklik.

By baie ampswonings vorm die tuine deel van die nalatenskap van die woning aan die mense van die land. The Lodge het 'n inheemse tuin in een gedeelte van die tuin⁴ en die tuine van die Hôtel Matignon is 'n spog-aspek van die woning.⁵ In die tuin van die Wit Huis is spesifieke bome en gedeeltes van die tuin wat direk met voormalige Presidente en hulle gades geassosieer kan word.⁶

Die ampswoning het ook 'n beskermplek van die staatshoof geword waar na sy veiligheid omgesien kan word. Die feit dat die uitvoerende hoofde opeenvolgend op een plek bly, het die verskaffing van sekuriteit vergemaklik. Die verblyfplek se sterk en swak plekke sover dit die veiligheid van die inwoners aangaan, is bekend eerder as wat 'n ondersoek na die sekuriteitsaspekte by 'n ander huis elke paar jaar nagegaan moet word. Die noodsaaklikheid vir die beveiliging van die inwoners van

2 [www. pagesjaunes.fr](http://www.pagesjaunes.fr).

3 W. Seale, *The President's house, a history*, I, p. 1057.

4 www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm

5 www.premier-ministre.gouv.fr.

6 White House Historical Association, *The White House an historic guide*, n.p.

so 'n verblyfplek het ook mettertyd toegeneem en een vaste verblyfplek sou die taak aansienlik vergemaklik.

'n Vereiste van 'n ampswoning is dat dit naby aan die regeringskantore moet wees. Die Palais de l'Elysée en die Wit Huis is voorbeelde van ampswonings wat naby aan die administratiewe kantore van die regerings geleë is. Dit sou administratiewe take en kommunikasie met die President of die Eerste Minister vergemaklik.

2. *Simboliese funksie*

Die ampswonings van lande is onmiddellik herkenbare simbole wat die uitvoerende gesag van die President of Premier verteenwoordig. Die woning van die staatshoof het die setel van gesag en deel van die identiteit van die staatshoof geword. In verskeie lande word die uitvoerende gesag aan die woning gekoppel en so daarna verwys. Die Wit Huis en 10 Downing Street is, onderskeidelik, sinoniem met die Amerikaanse President of die Britse Eerste Minister.

Die feit dat die uitvoerende staatshoof die verblyfplek bewoon, is ook simbolies in dié opsig dat die burgers van die staat die woning onderhou en die staatshoof in die posisie en ook in die ampswoning plaas. Die bevolking het hom as verteenwoordiger van die gewone mense daar geplaas.

Politiese situasies in Amerika is ontlont deur die blote feit dat die President na die Wit Huis teruggekeer het. So is die krisis van 1955 in Little Rock, waar rassetenspanning uitbreek het oor die vryheid van swart kinders om staatskole by te woon, opgelos deurdat president DD Eisenhower sy vakansie op Rhode Island onderbreek het en na die Wit Huis teruggekeer het. Sy terugkeer is op televisie bekend gemaak en die kalmerende uitwerking daarvan op die bevolking was opvallend.⁷

Eisenhower se voorganger, HS Truman, het ook die waarde van die Wit Huis as simbool besef. Gedurende die tyd waartydens aan die Wit Huis gewerk is en Truman in Blair House moes tuisgaan,

⁷ W. Seale, *The President's house, a history*, II, p. 1052.

het hy gereeld tydens televisie-uitsendings oor die straat gestap en gesorg dat die Wit Huis tydens sy toesprake die agtergrond gevorm het.⁸

Die Amerikaanse Wit Huis is meer as net 'n woning en amptelike onthaalgeriewe. Die bestuur van die Wit Huis probeer om aan besoekers die gevoel van kontinuïteit en stabiliteit van die presidensie en dus ook van die land oor te dra.⁹

Staatswonings bevorder eenheid onder die burgers van 'n land, omdat die woning nie aan partypolitiek met verskillende beleide en sienings verbind word nie. Die ampswoning is simbool van die uitvoerende gesag oor administrasies heen en word nie noodwendig met net een inwoner of een politieke party verbind nie.

'n Verdere funksie van staatswonings wat later ontwikkel het, was die uitbeelding en verteenwoordiging van die land se geskiedenis. Talle ampswonings dien as versamelplekke vir volkskatte, nasionale kunswerke en geskiedkundige voorwerpe. As sodanig is die ampswoning 'n nalatenskap van die geskiedenis van die land en soms ook van herinneringe aan vorige inwoners. In dié opsig is wonings soos die Palais de l'Elysée en die Wit Huis uitstekende voorbeelde. Die Palais de l'Elysée is vol kunsskatte en historiese versamelstukke wat oor drie eeue strek. In die Wit Huis is 'n daadwerklike poging aangewend om meubels en kunswerke uit vorige bedelings te versamel. Die Australiese Premierswoning, The Lodge, in Canberra, is in 1985 gerestoureer om die twintigerjare van die vorige eeu uit te beeld en Australiese kunswerke uit dié tyd deur is die Australian National Gallery aan die woning geleen. Margaret Thatcher het gedurende haar jare in 10 Downing Street sowel verskeie beeldhouwerke van Henry Moore as beelde en skilderye van bekende Britse figure van museums geleen en in die amptelike verblyfplek uitgestal.¹⁰

'n Verdere ooreenkoms tussen ampswonings is dat hulle die nasionale karakter van daardie land verbeeld. Die Georgiïaanse wonings in 10 Downing Street is in 'n onopvallende doodloopstraat en

⁸ W. Seale, *The President's house, a history*, II, p. 1052.

⁹ W. Seale, *The President's house, a history*, II, pp. 1054-1057.

¹⁰ M. Thatcher, *The Downing Street years*, p. 24.

dien as ‘n goeie voorbeeld van Engelse gedemptheid.¹¹ Die Palais de l’Elysée en Hôtel Matignon is deurspek van die Franse geskiedenis en boukuns en die Wit Huis is in die Amerikaanse klassieke boustyl wat deur Thomas Jefferson (1743-1826) aangehang is.¹²

B ENKELE BEKENDE AMPSWONINGS

1. *Die Wit Huis, Washington DC, Verenigde State van Amerika*



Figuur 1: Die ampswoning van die Amerikaanse President, die Wit Huis, Washington DC.

Uit: W. Seale, *The President's house*, (Washington DC, 1986.), n.p.

Met die totstandkoming van die Verenigde State van Amerika moes op ‘n nuwe hoofstad besluit word omdat elke onafhanklike staat sy eie hoofstad gehad het. Daar is besluit om ‘n nuwe federale hoofstad, Washington DC, naby Georgetown langs die Potomacrivier, tot stand te bring en dus ‘n

¹¹ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹² J. Glancey, *The story of architecture*, p. 124.

nuwe ampswoning vir die President aldaar op te rig. In 1792 is die ontwerp van die ampswoning by wyse van 'n kompetisie bepaal. Die kompetisie is in Julie 1792 deur James Hoban (ca. 1758-1831) gewen uit slegs 'n paar inskrywings waarvan een onder 'n skuilnaam was. Later is bespiegel dat dit die latere president Thomas Jefferson, (1801-1809) se eie inskrywing was. Toe die tweede president van die Verenigde State van Amerika, John Adams (1797-1801), in 1800 as die eerste inwoner ingetrek het, was die bouwerk nog nie afgehandel nie.¹³ Die Wit Huis is van daardie tyd af die amptelike woning van die President van Amerika en is deur al die Amerikaanse Presidente bewoon.

2. 10 Downing Street, Londen, Groot-Brittanje

Die straat waarin die woonhuis van die Britse Eerste Minister in Londen geleë is, is vernoem na sir George Downing. Downing het sy loopbaan as kapelaan vir die parlementêre magte in die burgeroorlog (1642-1646, 1648) in Brittanje begin, maar hy het spoedig besef dat die gety in die guns van koning Karel II (Charles II) gedraai het en hy het hom daarom aan die kant van die koning geskaar. Hy het grond in Whitehall gekoop en huise daar gebou. In 1731 het koning George II 10 Downing Street as geskenk aan sir Robert Walpole, die toenmalige Eerste Minister, aangebied. Walpole het dit as persoonlike geskenk geweier en dit het die amptelike woning van die Premiers van Brittanje geword. Een van die ander huise in Downing Street word deur die Britse minister van finansies, beter bekend as die "Chancellor of the Exchequer", bewoon. Verskeie veranderinge is aan die huise aangebring en nommers 10, 11 en 12 skakel aan mekaar.¹⁴ Dit is in der waarheid twee huise, die een voor die ander, wat met gange verbind is. Die voorste woning is 'n tipiese sewentiende-eeuse dorpswoning en die woning daaragter 'n herehuis met 'n ommuurde tuin met 'n uitsig op die Horse Guards' Parade. Die huise is in 1732 met mekaar verbind en Walpole het in 1735 ingetrek.¹⁵

Die woning het deur die eeue baie veranderinge, restourasie en bouwerk oorleef. Dit het verander om die nuwe funksies van die woning, die modes van die tyd en die persoonlike smake van die inwoners te akkommodeer. Selfs die basiese vereiste om die struktuur van die woning te ondersteun,

¹³ W. Seale, *The President's house, a history*, I, pp. 4-88.

¹⁴ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹⁵ M. Thatcher, *The Downing Street years*, p. 21; www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

het 'n invloed op die voorkoms gehad.¹⁶ Die feit dat die woning ten spyte van die onopgesmukte voorkoms daarvan, nogtans baie simboliese waarde het, is 'n les vir moderne argitekte.¹⁷



Figuur 2: 10 Downing Street, die Britse Eerste Minister se woning in Londen.

Uit: E. Jones & C. Woodward, *A guide to the architecture of London* (London, 1983.), p. 198.

10 Downing Street het 'n uitstalling van die beste Britse kunswerke op bruikleen van die Government Art Collection. Die kunswerke word gereeld gewissel om die besoeker aan Britse kuns bekend te stel.¹⁸

¹⁶ www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

¹⁷ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹⁸ www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

3. *Palais de l' Elysée, Frankryk*

As gevolg van die unieke grondwet van Frankryk het dié land twee uitvoerende regeringshoofde, elk met sy eie ampswoning. Die President is in beheer van buitelandse sake en woon in die Palais de l'Elysée en die Premier is in beheer van binnelandse beleid en woon in die Hôtel Matignon.¹⁹ In Frankryk is die Palais de l'Elysée en die Hôtel Matignon sinoniem met die twee ampte: so sal byvoorbeeld van kommentaar van die Elysée gepraat word.

Die argitek Armand-Claude Mollet is aangesê om op die stuk grond tussen die Rue du Fauborg St-Honoré en die Grand Cours, beter bekend as die Champs-Elysée, 'n woning vir die hertog van Evreux te bou. Die woning is sedert die oprigting daarvan tussen 1718 en 1722 reeds as een van die mooistes in Parys beskou. Die ontwerp is een van die beste modelle van die klassieke styl en op versoek van die hertog was die woning se ontwerp majestueus om by sy prestige te pas. Die uitgebreide tuine is in die Franse styl uitgelê, maar later na die Engelse styl verander. Die oorspronklike styl van die woning het toekomstige veranderinge daaraan baie maklik gemaak.²⁰

Oor die jare is aansienlike veranderinge aan die woning aangebring soos wat die gebruik van die woning, modes van die dag en die smaak van die opeenvolgende eienaars vereis het. Die basiese dekor, soos die houtwerk in die Salon des Ambassadeurs en die Salon Pompadour, het deur die eeue dieselfde karakter behou. Na die dood van die hertog van Evreux het die woning etlike kere van eienaar en funksie verwissel en het dit selfs as 'n opbergplek vir meubels gedien. In 1797 is die woning die naam Elysée gegee met verwysing na die aanliggende straat.²¹

In 1808 kom die woning in die besit van die Franse keiser en dit is van daardie datum af nou verbonde aan die geskiedenis van Frankryk. Keiser Napoleon het daar gewoon en die woning het as die Elysée-Napoléon bekend gestaan. Hy het die woning met hulle egskeiding aan sy vrou Joséphine

¹⁹ A. Pretorius, Franse oefen al vir eleksie, *Beeld*, 2000-07-07, p. 11.

²⁰ www.elysee.fr.elysee/histo_.htm.

²¹ www.elysee.fr.elysee/histo_.htm.

gegee, maar dit in 1812 teruggeneem en hy het later sy abdikasie in die Boudior d'Argent onderteken.²²

Latere bekende besoekers aan die woning was tsaar Alexander van Rusland en die hertog van Wellington. In 1816 het die woning weer kroonbesit geword en in 1948 het die nasionale vergadering, of parlement, die woning deur 'n dekreet die woning van die President van die Franse republiek gemaak. Met verloop van tyd is baie veranderinge aangebring om dit as ampswoning vir sy nuwe funksie geskik te maak en die huidige ampswoning is grootliks die resultaat van dié veranderinge. Daar moes telefone, elektrisiteit, sentrale verhitting en ander moderne geriewe geïnstalleer word. Die gebruik van vertrekke en meubelment sou na die behoeftes en smaak van die inwoners verander.²³

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die woning van 1940 tot 1946 gesluit, maar tydens die vyfde republiek is dit as ampswoning behou. Die eerste verdieping se kamers van die Pavillion Central word kantore, die Salon Doré word die President se kantoor en die Salon Murat word die kamer vir die kabinet nadat byeenkomste aanvanklik in die eetkamer gehou is. Die woonvertrekke beslaan die oosvleuel, waarvan die eerste verdieping privaatkamers en die grondvlak semi-amptelik is. Hierdie verdeling stem met die tradisionele wonings van die agtiende eeu ooreen en is so deur die opeenvolgende inwoners behou.²⁴

Ten spyte van al die veranderings het die woning sy argitektoniese eenheid behou en as setel van die presidensie 'n hoogs simboliese woning van die Franse republiek geword.²⁵

4. *Hôtel Matignon, Parys, Frankryk*

Die Hôtel Matignon is deur die argitek Jean Courtonne vir Charles-Louis de Montmorancy ontwerp. Die bouwerk is in 1725 afgehandel en kort daarna is die woning aan die graaf van Matignon verkoop. Die luukse vertrekke van die woning het dit een van die elegantste en mees

22 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

23 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

24 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

25 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

besoekte wonings in Parys gemaak. As gevolg van geldelike probleme het die Matignon-familie die woning verkoop en teen 1815 het Lodewyk XVII die woning besit. Hy het dit vir die Palais de l' Elysee verruil en dit het die besitting van die hertogin van Bourbon geword. Die woning is aan die suster van Louis Phillipe bemaak en het daarna in die hande van verskeie eienaars geval. In 1886 het drieduisend gaste die huweliksonthaal van die graaf van Parys se dogter, prinses Amélie, in die woning bygewoon. Die woning het later die Habsburgse ambassade in Frankryk geword.²⁶

In 1922 het die woning, na uitgebreide onderhandelinge met die Habsburgse ryk, weer die besitting van Frankryk geword. Verskeie voorstelle oor die benutting van die woning is oorweeg, waarna besluit is om dit die hoofkwartier van die President van die raad te maak. Veranderinge is daaraan aangebring en in 1935 het PE Flandrin die eerste nuwe inwoner geword.²⁷

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die regering na Vichy verskuif, maar in 1958 het generaal Charles de Gaulle weer die ampswoning bewoon. Sedertdien het al die Franse Eerste Ministers, die opvolgers van die President van die raad, daarin gewoon.²⁸

5. *The Lodge, Canberra, Australië*

In 1925 is opdrag aan Oakley and Parks in Melbourne gegee om 'n tydelike ampswoning vir die Premier in Canberra te bou. Oorspronklik is beplan dat die Premier die verblyfplek tydelik sou gebruik totdat " a monumental Prime Minister's residence is constructed."²⁹

Die woning en 2,8 hektaar grond is teen 'n koste van £28 319 ontwikkel en is in 1927 deur premier Bruce betrek. In 1929 het die nuwe premier, JH Scullin, die woning as te deftig beskryf en geweier om daarin te woon, maar teen 1931 het die volgende Premier weer daarin gewoon. Tot in die sestigerjare van die vorige eeu is nie veel aandag aan die woning gegee nie, maar toe is 'n swembad gebou, 'n inheemse tuin aangelê en 'n binnehof gebou. Later is die kombuis- en personeelgeriewe opgegradeer en is die eetkamer vergroot. In 1985 is broodnodige aandag aan ernstige veiligheids- en

26 www.premier-ministre.gouv.fr; www.pagesjaunes.fr.

27 www.premier-ministre.gouv.fr.

28 www.premier-ministre.gouv.fr; www.pagesjaunes.fr.

29 www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm.

strukturele probleme gegee en die openbare areas is hervorsier om die tweede dekade van die vorige eeu uit te beeld. Kunswerke vir vertoon is van die Australian National Gallery geleen. Teen 1990 was werk aan die opgradering van die eerste verdieping afgehandel.³⁰

C AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA

1. Die volksplanting en begin van ampswonings in Suid-Afrika

Die organisasie onder wie se bewind die Kaap gestaan het, was die Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (VOC). In 1602 het die VOC 'n handelsmonopolie van die State-generaal, die hoogste gesag in Nederland, vir die gebied oos van die Kaap die Goeie Hoop tot aan die Straat van Magellaan ontvang. Hy kon ooreenkomste met inboorlinge sluit en goewerneurs, soldate en amptenare aanstel om sy gebiede te bestuur.³¹

Die eerste permanente blanke vestiging aan die Kaap in 1652 was daarop gemik om die vloot te beveilig en van voldoende goeie voorrade te voorsien. Die amptenare moes probeer om in vrede met die inboorlinge aan die Kaap saam te leef en is verbied om ander moondhede lastig te val wat hulle in die gebied vestig. Die vestiging aan die Kaap was nie veronderstel om die begin van 'n volksplanting te wees nie. Dit was slegs 'n nuttigheidsmaatreël, 'n roetine uitbreiding in belang van die VOC se skeepsverkeer. Dit was destyds nie 'n gebeurtenis wat baie aandag getrek het nie.³²

2. Kaapprovinsie

a. Fort aan die Kaap die Goeie Hoop

Kommandeur Jan Anthonisz van Riebeeck (1652-1662) het op 6 April 1652 in die Kaap aangekom met die opdrag om 'n fort te bou om nagenoeg 80 mense te huisves. Hy is aangeraai om die koste verbonde daaraan so laag as moontlik te probeer hou.³³

³⁰ www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm.

³¹ C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 17-21.

³² C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 17-21.

³³ C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 21.

Die eerste akkommodasie wat deur die blanke bewoners van Suid-Afrika gebou is, is die Fort van die Kaap die Goeie Hoop genoem. Binne die eerste paar dae nadat Van Riebeeck voet aan wal gesit het, is 'n ligging vir die fort gekies. Die gebou is naby die strand en na aan 'n varswaterstroompie opgerig en moes as beskerming teen menslike en dierlike vyande dien. Die fort het gestaan aan die seekant van wat vandag Kasteelstraat, Kaapstad is. Van die ou spoorwegplatforms het oor die plek gestrek waar die fort was, maar die fort het tot by die Parade gestrek. Basies was die fort 'n vierkant met twee onversterkte vleuels aan die voor- en agterkant. In die voorste gedeelte was die hospitaal en werksinkels en die agterste vleuel het as beskerming vir lewende hawe gedien. Houthuise binne die fort het behuising aan soldate en amptenare verskaf. Van Riebeeck het in die fort gewoon en dit kan dus as die eerste ampswoning in Suid-Afrika beskou word.³⁴

Die oorspronklike afmetings van die fort is 'n paar keer verander. By voltooiing was die afstand tussen die twee verste punte 286 Kaapse voet (90 meter). Water is van die bergstroompie gelei om 'n grag om die fort te vorm. Met hoogwater het die seewater so naby as dertig meter van die ingang van die werksinkels en hospitaal gekom. Die mure was van kleigrond en op die grond amper ses meter dik en aan die bokant vyf meter. Die hoogte was vier meter met 'n vierkantige kliptoring wat bo die mure uitgestaan het. Die toring was bedoel vir verdedigers om uit die hoogte op 'n aankomende vyand te kon vuur. Die fort is in 1656 voltooi, maar is later deur die Kasteel vervang.³⁵

b. Kasteel aan die Kaap die Goeie Hoop

Die Kasteel van die Kaap de Goede Hoop (fig. 3) is die oudste bestaande en mees historiese gebou in Suid-Afrika. In 1664 is besluit om die fort aan die Kaap as gevolg van die dreigende oorlog tussen Nederland en Groot-Brittanje te versterk. Die VOC het gevoel dat die grondwal van die fort nie 'n aanval sou kon afweer nie. 'n Plan vir 'n klipvesting met vyf bastions is van Amsterdam na die Kaap gestuur. Die ontwerp was waarskynlik dié van die bekende Nederlandse militêre argitek Menno van Coehoorn.³⁶

³⁴ D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 4, p. 653.

³⁵ D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 4, pp. 653- 654.

³⁶ D.J. Potgieter, (red.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 3, p. 122.

Kommissaris, later goewerneur, Isbrand Goske (1626-1689)³⁷ het in Augustus 1665 die terrein gekies. Die terrein was 'n gelykte ongeveer 227 meter suidoos van Van Riebeeck se fort. Gedurende die tweede helfte van 1665 het sowat 300 soldate en etlike slawe boumateriaal vir die gebou begin versamel. Baie van die boumateriaal het van Nederland gekom, maar ander materiale soos die skulpe vir die leem het van Robbeneiland en hout van Houtbaai af gekom. Werk aan die Kasteel het met rukke en stote verloop. In 1667 is werk aan die Kasteel as gevolg van die beëindiging van vyandelikhede tussen Nederland en Groot-Brittanje gestaak. In 1672 is die werk hervat omdat oorlog weer tussen die twee lande gedreig het. Teen 1674 het die werk al so gevorder dat die garnisoen sy intrek kon neem. Teen April 1679 was die bouwerk aan die Kasteel voltooi en goewerneur Simon van der Stel (1679-1699) kon die volgende jaar sy intrek in die goewerneurswoning in die Kasteel neem.³⁸

'n Muur bedoel vir verdediging, is later dwarsoor die binneplein gebou. Die muur wat 11,9 meter hoog was, het as De Kat bekend gestaan. 'n Balkon wat in 1695 voltooi is, is die Nieuwe Kat genoem. In die mure van die Kasteel was dubbelverdiepinghuise met plat teëldakke. Aan weerskante van die kasteelmuur is verskeie amptelike geboue opgerig. Een hiervan was die Goewerneur se woning. Die woning het 'n groot onthaalsaal gehad waarin tot in 1704 kerkdienste gehou is.³⁹ Die vertrek is deur lady Anne Barnard (1750–1825), vrou van die Kaapse Koloniale Sekretaris, in 'n balsaal verander. Lady Anne Barnard het as gevolg daarvan dat goewerneur Macartney (1797-1798) nie sy vrou na die Kolonie saamgebring het nie, as gasvrou opgetree. As sodanig het sy en haar man die grootste woning in die Kasteel bewoon. Met die volgende Goewerneur, Francis Dundas, het dié reëling probleme geskep.⁴⁰ Vir baie lank was De Kat die middelpunt van gesag en die sosiale lewe aan die Kaap. Selfs nadat die Goewerneurs die Kasteel as ampswoning verlaat het, was die Kasteel steeds die setel van die staatsdiens en die militêre afdeling.⁴¹

37 W.J. de Kock & D. W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 272.

38 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa 3*, p. 123.

39 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopedia of Southern Africa 3*, pp. 123-125.

40 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 56.

41 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa 3*, pp. 124-125.



Figuur 3: De Kat in die Kasteel in Kaapstad.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa* (Cape Town, 1989), p.12.

c. Newlands, Nuweland

Dié woning in Nuweland is in 1751 in opdrag van goewerneur Ryk Tulbagh (1751-1771) gebou en in 1791 deur die VOC verkoop toe die Kompanjie in geldnood was. Dit was tot met die tweede Britse besetting van die Kaap in private besit toe dit deur die waarnemende Goewerneur, genl David Baird (1806-1807), bekom is. Onder goewerneur lord Charles Somerset (1814-1826) is baie veranderinge aan die woning aangebring, maar na sy vertrek uit die Kaap is dit in 1830 deur die staat verkoop. Of dit as amptelike woning erken is, is onbekend maar dit is vir 'n betreklike lang tydperk deur die Kaapse Goewerneurs as somerverblyf gebruik.⁴²

d. Tuynhuis, Tuine, Kaapstad

Die Goewerneurs het sowel 'n landelike verblyfplek, in wat vandag Nuweland is, as 'n woning in die Kasteel gehad.⁴³ Die woning in Nuweland was te ver vir die mense wat die Goewerneur wou spreek en was reeds in 'n betreklike swak toestand. Verblyf in die Kasteel het in vergelyking met

⁴² H. Fransen & M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, p. 98.

⁴³ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.

die elegansie van die res van Kaapstad, minder aanloklik geword en is as “melancholy as a cloister” beskryf. Daar moes dus na ‘n alternatiewe woning vir die Goewerneur gekyk word.⁴⁴

Aan die einde van die sewentiende eeu is in die Kompanjiestuin ‘n kleinerige huisie gebou. Dit is in 1674 deur goewerneur Isbrand Goske (1672-1676) opgerig as ‘n geboutjie om die tuingereedskap van die tuine in te berg.⁴⁵ Die oorspronklike geboutjie is later in die tyd van Simon van der Stel in ‘n woning omgeskep. Die doel van die woning was om ‘n onthaalarea te hê en om gaste te ontvang wat nie in die Kasteel toegelaat was nie of prakties nie daar onthaal kon word nie. Besoekers aan die Kaap het die woning beskryf as ‘n klein onbewoonde pawiljoen van so ses by twaalf meter.⁴⁶

Goewerneur CJ de Graaf (1785-1791) het uitvoerige veranderinge aan die woning laat aanbring, waarskynlik deur die bekende vakman Anton Anreith (1754-1822). Goewerneur Macartney het in 1797 verkies om glad nie in die Kasteel te gaan woon nie en daardeur ‘n presedent vir opvolgende Goewerneurs geskep.⁴⁷ Verskeie Goewerneurs het voortdurend aan die woning verander. Die baie aandag en geld wat aan Tuynhuis bestee is, toon dat dit die gunstelingwoning van die Goewerneurs was.⁴⁸

Die woning se basiese vorm het deur die eeue nie baie verander nie, maar verskeie aanbouings en veranderinge het genoodsaak dat dit in 1971 uitvoerig gerestoureer moes word. Die woning is hernoem tot Tuynhuis nadat dit in die koloniale tydperk as Government House bekend gestaan het.⁴⁹

⁴⁴ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 70.

⁴⁵ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 180.

⁴⁶ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, pp. 70-71.

⁴⁷ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 71.

⁴⁸ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.

⁴⁹ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.



Figuur 4: Tuynhuis.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, (Cape Town, 1989), p. 14.

Na Uniewording in 1910 het die Goewerneys-generaal Tuynhuis as winterwoning gebruik en in die somer Westbrooke (fig 6) bewoon. Met republiekwording in 1961 is die gebruik voortgesit totdat in 1976 besluit is dat Tuynhuis die enigste woning vir die Staatspresident sou wees en dat die Premier in Westbrooke sou woon. Groote Schuur sou 'n museum word. Deur die samevoeging van die ampte van Premier en Staatspresident in 1983, het Tuynhuis kantore vir die Staatspresident geword en het die President in Westbrooke gewoon.⁵⁰

e. Groote Schuur, Rondebosch

Groote Schuur se geskiedenis dateer terug tot in 1657 toe Jan van Riebeeck 'n graanskuur op 'n buitepos laat bou het. Die graanskuur wat aan die VOC behoort het, was vir dekades in gebruik.⁵¹

⁵⁰ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 181.

⁵¹ B. Maree, *Groote Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.

Die geboue was nie net graanskure nie, maar het ook huisvesting aan 'n plaasopsigter, sy gesin, 'n paar assistente en slawe verskaf.⁵²

'n Eeu later het die VOC geldelike probleme ondervind en van die buiteposte aan die burgers verkoop. Een van die eiendomme was die landgoed Grootte Schuur met drie geboue daarop – De Schuur (Grootte Schuur), De Onder Schuur en De Kleine Schuur. Die landgoed is in 1791 aan Hendrik Christiaan Herold toegeken. 'n Voorwaarde van die verkoop was dat die bome tussen die opstalle van De Schuur en De Onder Schuur nie afgekap mag word nie.⁵³ Dit is waarskynlik in dié tyd dat die verblyfplek vergroot en verbeter is om Herold se groot gesin te akkommodeer. 'n Latere eienaar van De Schuur, David Anosi, het die landgoed Grootte Schuur genoem.⁵⁴

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het die landgoed in besit van die familie De Smidt gekom. De Smidt het die gedeelte van die landgoed bekend as De Onder Schuur, wat in 1821 verkoop is, teruggekoop.⁵⁵

Na 1828 het die Britse Goewerneurs geen plattelandse woning vir hulle gebruik gehad nie. Hulle het graag na die platteland verhuis om van die Kaapse somerhitte te ontsnap. Gunsteling huurhuise van baie van die Goewerneurs van die negentiende eeu was Grootte Schuur en De Onder Schuur.⁵⁶ Een van die Goewerneurs wat Grootte Schuur by De Smidt gehuur het, was Henry Barkly (1870-1877).⁵⁷

In 1879 het Hester Anna van der Byl die eienares van die woning geword en dit herdoop tot The Grange. Van die Goewerneurs wat die woning by haar gehuur het, was Hercules Robinson (1881-1889) en Henry Loch (1889-1895). CJ Rhodes (1890-1896) het die woning vir twee jaar van haar gehuur voordat hy dit in 1893 gekoop het.⁵⁸ Rhodes het in sy pogings om die woning na 'n brand

52 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 9.

53 B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 4.

54 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 9.

55 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 11.

56 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, p. 405.

57 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 12.

58 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 12-13.

tot sy volle glorie te restoureer, saam met die jong argitek Herbert Baker (1862–1946) gewerk.⁵⁹ Die resultaat was die woning (fig 5) soos dit vandag daar uitsien.

Rhodes het die Grootte Schuur-landgoed in sy testament as volksbesit aan die mense van Suid-Afrika bemaak. Hy het gespesifiseer dat die woning deur die Premier van die “federale regering van die Suid-Afrikaanse state” bewoon moes word.⁶⁰ Generaal Louis Botha (1862–1919)⁶¹ het agt jaar na Rhodes se dood Grootte Schuur betrek en dus die eerste Premier geword om daarin te woon. Daarna het al die Suid-Afrikaanse Eerste Ministers Grootte Schuur bewoon totdat PW Botha in 1976 as Premier in Westbrooke aangebly het en Grootte Schuur deur staatspresident Marais Viljoen bewoon is.⁶²

Die amp van Premier en Staatspresident is in 1983 in Suid-Afrika verenig en Grootte Schuur was nie meer as ampswoning vir die bekleër benodig nie. PW Botha het verkies om in die naburige Westbrooke te bly en Grootte Schuur het ‘n gastehuis geword. Politici het die voorreg gehad om Grootte Schuur as onthaalarea te gebruik en in die volgende sewe jaar is duisende mense aldaar onthaal, maar niemand het dit bewoon nie.⁶³

⁵⁹ W.J. de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 45; D.Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 40.

⁶⁰ B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2

⁶¹ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV, p. 42.

⁶² P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 31-34.

⁶³ P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 35-36.



Figuur 5: Grooten Schuur na die veranderinge deur Herbert Baker.

Uit: P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, (Vlaeberg, 1996), p. 4.

In 1990 is aan Westbrooke gewerk. Grooten Schuur is ook gerestoureer en staatspresident FW de Klerk het sy intrek daar geneem. In 1994 het De Klerk as Vise-President van Suid-Afrika in Grooten Schuur gebly en het president Mandela in Westbrooke ingetrek.⁶⁴

f. Westbrooke, tans Genadendal, Rondebosch

Soos reeds vermeld is, was die drie eiendomme, De Schuur, Kleine Schuur en De Onder Schuur (Westbrooke) deel van een landgoed bekend as De Schuur. Die landgoed het in 1657 ontstaan toe die VOC besluit het om 'n graanskuur te bou.⁶⁵ In 1821 was die eienaar van De Schuur en De Onder Schuur, David Anosi, in 'n geldelike verknorsing en moes hy 'n gedeelte van sy landgoed, De Onder Schuur, verkoop.⁶⁶

De Onder Schuur is in 1831 gekoop deur regter William Westbrooke Burton wat dit tot Westbrooke herdoop het. Abraham de Smidt het Westbrooke later teruggekoop. Na sy dood in 1868 het sy seun,

⁶⁴ B. Maree, *Grooten Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.; P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, pp. 36-37.

⁶⁵ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, p. 7.

⁶⁶ P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, p. 10.

Willem, Westbrooke geërf.⁶⁷ George Pigot-Moodie het die woning in 1888 gekoop en in 1912 is Westbrooke deur George Frederick Arthur Moodie aan die Unieregering verkoop.⁶⁸ Dit het na 1961 die amptelike somerverblyf van die Staatspresident geword.⁶⁹

Westbrooke is nie volgens die tradisionele Kaaps-Hollandse boustyl ontwerp nie. Dit kan veel eerder beskryf word as 'n weelderige plattelandse woning wat mettertyd verskeie argitektoniese veranderings ondergaan het, maar sterk aan 'n woning uit die Eduardiaanse era herinner.⁷⁰

Die swak sekuriteitstelsel van Tuynhuis het veroorsaak dat BJ Vorster in 1979 as president in Grootte Schuur gaan bly het en PW Botha as Premier in Westbrooke gewoon het. As president het Botha steeds in Westbrooke gebly en was Grootte Schuur 'n gastehuis.⁷¹

In 1987 het opknappings by Westbrooke plaasgevind. Natuurlik het dit groot reaksie uitgelok. "One would think that the State President would set an example in these difficult times in curbing all unnecessary expenditure," het mev. H Suzman gesê. Die totale koste aan die werk sou R1 870 000 beloop.⁷²

Die werk sou hoofsaaklik aan beveiliging gedoen word en het op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Polisie geskied. Noodsaaklike opknappingswerk aan die woning sou nietemin ook gedoen word. Elektriese bedrading moes vervang word, verbeterings aan die riolering en stormwaterdreinerings en algemene instandhouding is gedoen.⁷³

⁶⁷ P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 10-11.

⁶⁸ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, pp. 19-20.

⁶⁹ B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.

⁷⁰ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, p. 7.

⁷¹ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 181.

⁷² J. Reinderslêer, *Cape Times*: R1.8-m facelift for P.W.'s house, 1987-06-05; *Die Burger*, Westbrooke-bouwerk geregverdig, 1987-06-06., n.p.

⁷³ J. Reinderslêer: *Cape Times*: R1.8-m facelift for P.W.'s house, 1987-06-05; *Die Burger*, Westbrooke-bouwerk geregverdig, 1987-06-06., n.p.



Figuur 6: Westbrooke, nou Genadendal.

Foto: J. Reinders, s.a.

Na die verkiesing van 1994 het Mandela in Westbrooke ingetrek en De Klerk het in Groote Schuur aangebly.⁷⁴ Westbrooke, Mandela se amptelike woning in die Kaap, het 'n naamsverandering ondergaan. Hy het die woning *Genadendal*, na die eerste Morawiese sendingstasie in Suid-Afrika, vernoem. Volgens Mandela was Genadendal 'n simbool van hoop waar mense van verskillende rasse deur samewerking hulle ophef het deur verskeie selfhelpprogramme. Die naam sou die regering se voorneme simboliseer om alles reg te maak, op te bou en te laat herleef wat deur jare se ongeregtighede vernietig is.⁷⁵

g. *Old Residency, King William's Town*

Sir Henry (Harry) George Wakelyn Smith (1787 – 1860),⁷⁶ Goewerneur van die Kaapkolonie van 1847 tot 1852, het in 1847 na die uitbreek van vyandelikhede in die vyfde grensoorlog Brits-Kaffraria tot kroonkolonie verklaar. King William's Town is gevestig op die plek waar daar eers 'n

⁷⁴ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 496.

⁷⁵ C. Landman, Die susters van die Broederkerk - 'n verhaal van vrouens in die Morawiese Kerk, *Skrif en kerk* 16(2), 1995, p. 361.

⁷⁶ W.J. de Kock & D. W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 691.

115992585
615387999

sendingstasie was. Die ampswoning, die “Old Residency” was van klip met ‘n grasdak. Dit was vir ‘n tyd lank die ampswoning en het later as die magistraat se woning gedien.⁷⁷

h. Fort Selwyn, Grahamstad

Fort Selwyn, Gunfire Hill, Grahamstad, is aanvanklik as woning vir die bevelvoerder van die Royal Engineers gebou. Charles Jasper Selwyn (1793 – 1847)⁷⁸ is gekritiseer omdat hy staatsgeld- en mannekrag vir die oprigting van die woning gebruik het, maar die eindproduk was so indrukwekkend dat die woning die ampswoning van luitenant-goewerneur Andries Stockenström (1844 – 1880) en sy opvolgers geword het. Die woning is in 1860 aan private persone verkoop.⁷⁹

3. Natal

a. Government House, Pietermaritzburg

Natal is in 1842 deur die Britte beset en Pietermaritzburg het die regeringsetel geword. Die landmeter-generaal is in 1845 gelas om ‘n ampswoning vir die Luitenant-goewerneur te laat oprig. Die resultaat was ‘n eenverdieping-grasdakwoning met vyf vertrekke omring deur ‘n stoep. Deur die jare is verskeie kere by die woning aangebou. Die bouwerk het een keer saam met ander staatsbouwerk saamgeval en daar is bespiegel dat van die materiaal van die ander geboue vir die woning gebruik is.⁸⁰ Die verblyfplek was ‘n dubbelverdiepinggebou met rooi baksteenmure en ‘n rooi teëldak met gewels in die Tudor-styl. Daar was agthoekige erkervensters met ‘n torinkie op die tweede verdieping en steenboë op die stoepe.⁸¹

Die woning is van 1850 tot 1910 deur die Goewerneurs en Administrateurs van Natal bewoon. Na Uniewording in 1910 is dit nie meer as ampswoning in gebruik nie en is dit deur die

⁷⁷ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 119.

⁷⁸ D. W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 756.

⁷⁹ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 111.

⁸⁰ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 139.

⁸¹ B. Bassett, *The buildings of Pietermaritzburg*, p. 277.

Pietermaritzburgse Onderwyskollege oorgeneem. Dit is in 1950 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.⁸²

b. King's House, Durban

Die fundamente vir King's House is in 1872 tydens Luitenant-goewerneur A Musgrave (1872-1873) se besoek aan die dorp gelê en die burgemeester het die hoop uitgespreek dat die dorp spoedig 'n woning vir die Luitenant-goewerneur beskikbaar sou hê. Volgens die burgemeester moes dit “ 'n kuswoning wees wat pas by U Eksellensie (die Luitenant-goewerneur) se hoë amp en waardigheid.” Daar is gehoop dat die Luitenant-goewerneur elke jaar 'n deel van sy ampstyd in Durban sou deurbring.⁸³

Die bouwerk het eers in 1902 begin en in Augustus 1904 het die eerste inwoner, sir Henry Bale, hoofregter van Natal, daar ingetrek. Sommige mense was ontevrede oor die koste aan die woning en ander was verheug omdat die Goewerneur nou 'n verblyfplek in Durban gehad het.⁸⁴ Sir Henry Edward McCallum (1852 –1919) was die eerste Goewerneur wat die woning amptelik bewoon het. Hy was baie gewild omdat hy die oprigting van die kuswoning bespoedig het.⁸⁵

Met Uniewording in 1910 is besluit om alle amptelike verblyfplekke van die Goewerneur-generaal, behalwe dié in Kaapstad en Pretoria, af te skaf. Generaal JC Smuts het King's House in 1910 besoek en voorgestel dat dit verkoop word. Die woning se status is gered deur 'n bepaling in die oorspronklike transportakte dat die woning na die Stadsraad van Durban terugval as dit nie meer deur die Goewerneur gebruik word nie.⁸⁶

Vir die volgende paar jaar is die woning nog deur die Goewerneur-generaal gebruik. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was dit 'n militêre hospitaal en hersteloord.⁸⁷ Die Britse koningsgesin het

⁸² B. Bassett, *The buildings of Pietermaritzburg*, p. 277.

⁸³ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁴ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁵ W. J. de Kock & D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p 427.

⁸⁶ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁷ R. Simpson, *King's House*, n.p.

tydens hulle besoek in 1947 aan Suid-Afrika in King's House tuisgegaan.⁸⁸ Republiekwording het die woning se status weer in die gedrang gebring omdat daar geen verteenwoordiger van die Britse koning meer was nie. Die verblyfplek is daarna deur opeenvolgende Suid-Afrikaanse Staatspresidente gebruik. In 1984, met die vereniging van die ampte van Staatspresident en Eerste Minister van Suid-Afrika, was die woning se toekoms weer in die weegskaal. Dit is gerestoureer en is later jare weer deur die Administrateur van Natal en president De Klerk gebruik.⁸⁹

4. *Oranje-Vrystaat*

a. *Die Presidensie in Bloemfontein - Warden se woning*

Die woning van JN Brits in Bloemfontein is tydelik deur majoor HD Warden (1846-1852), Britse verteenwoordiger, as sy ampswoning gebruik. 'n Amptelike woning is vir Warden op die perseel van die huidige Presidensie gebou. In 1852 is Warden deur Henry Green as die Britse verteenwoordiger in Bloemfontein opgevolg. Warden se woning is as sy private eiendom beskou en is gevolglik teen £1 700 vir gebruik deur Green van hom gekoop.⁹⁰

Die woning is in 1854 deur die Oranje-Vrystaat oorgekoop om as Presidensie diens te doen en is deur drie opeenvolgende Presidente van die Oranje-Vrystaat, Josias Phillip Hoffman (1854-1855), Jacobus Nicolaas Boshof (1855-1859) en Marthinus Wessel Pretorius (1860-1863), bewoon.⁹¹ Die woning is beskryf as "a small house with a thatched roof, whitened with lime on the inside and outside."⁹²

b. *Die Presidensie in Bloemfontein van 1861 tot 1886*

In Pretorius se tyd is besluit dat die woning "a disgrace to the country" geword het en is besluit dat 'n nuwe Presidensie gebou moes word. Die gebou het ongeveer £2 500 gekos om op te rig en het nege of tien vertrekke gehad. Die eenvoudige, elegante woning het baie soos die vroeë Kaapse

88 R. Simpson, *King's House*, n.p.

89 R. Simpson, *King's House*, n.p.

90 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 5-6.

91 D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 353.

92 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, p. 6.

woninge gelyk. Die twee vleuels het breë stoepe gehad met breë, hoë vensters en wye deure. Die woning is verskeie kere verbeter, soos 'n balsaal wat in 1875 aangebou is, asook opgeknop. Dié verblyfplek is tot in 1886 gebruik.⁹³

c. *Die Presidensie in Bloemfontein van 1886*

Die ekonomiese toestand van die Vrystaat het veroorsaak dat die onkoste aan die ampswoning so vermoontlik beperk is. Onoordeelkundige uitbreidings en swak vakmanskap het die woning ontsier. Die toestand van die woning is na 'n deeglike ondersoek beskryf as “ellendig en 'n skandaal”. Daarby het die hoë lopende uitgawes om die woning in stand te hou en die vraag na beter akkommodasie vir belangrike besoekers ook 'n nuwe Presidensie vereis.⁹⁴

Die woning is op dieselfde perseel as die vorige een, in President Brandstraat net suid van Bloemspruit opgerig, en die nuwe woning het gedeeltes van die ou een ingesluit om koste te beperk.⁹⁵

Vir die ontwerp van die woning is 'n kompetisie uitgeskryf. Die kompetisie is deur Canning and Goad van Queenstown gewen. Finansiële oorwegings het besparings nodig gemaak en die oorspronklike wenplanne is gewysig.⁹⁶

Die nuwe Presidensie (fig. 7) is in 1886 voltooi nadat die argitek Francis Lennox Canning (1856 (?)-1895) tot 'n driekwart van die oorspronklike boukoste beperk is. Die woning is as gevolg van die kostebesparing heelwat vereenvoudig sodat 'n besoeker dit later as 'n “denuded French chateau” beskryf het.⁹⁷

93 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 6-7.

94 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, p. 7.

95 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 5-7.

96 K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, p. 99.

97 K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 99-101.



Figuur 7: Die Presidensie van die Oranje-Vrystaat.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings of South Africa* (Cape Town, 1989), p.127.

Die Presidensie is in die Middeleeuse kasteel- of sogenaamde “Scottish Baronial”-styl gebou. Die woning is opgerig in ‘n tyd van eklektisisme – die vermenging van verskillende style in een gebou. Canning het gevoel dat die besparings meegebring het dat die gebou gestroop was van die dekoratiewe elemente wat die belangrikste was in sy ontwerp maar in *The Friend* van 19 Augustus 1886 word die woning beskryf as ”een volkomen eenvoudig, doch waardig en schoon gebou.”⁹⁸

Dit is in dié verblyfplek waar president Johannes Henricus Brand (1864-1888) oorlede is. Francis William Reitz (1889-1895) en Marthinus Theunis Steyn (1896-1902)⁹⁹ het hulle ampstermyne in die woning uitgedien en lord FS Roberts het dit tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) bewoon.¹⁰⁰

Dit is tot Government House herdoop en is tot 1910 deur die Goewerneur van die Oranjerivierkolonie bewoon. Na Uniewording 1910 het die ampswoning, wat staatseiendom geword

⁹⁸ M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 7-10.

⁹⁹ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 353.

¹⁰⁰ K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 99, 101.

het, 'n tyd lank leeg gestaan en toe kort-kort nuwe bewoners gehad.¹⁰¹ Baie skade is deur opeenvolgende inwoners aangerig en in die sewentigerjare van die vorige eeu is begin met intensiewe resourasiewerk sodat dit kon dien as 'n museum wat die tydperk van oprigting uitbeeld.¹⁰²

d. Oliewenhuis, Bloemfontein

Oliewenhuis is in 1935 ontwerp deur William Mollison, hoofargitek van die Departement van Openbare Werke, en sy assistent, John Stockwing Cleland, latere Sekretaris van Openbare Werke tydens die oprigting van Libertas. Bouwerk aan die neo-Kaaps-Hollandse woning, in Harry Smithstraat 16, Bloemfontein, is in 1941 afgehandel, byna dieselfde tyd as wat Libertas voltooi is. Dit het van 1942 af as die woonplek van die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika in Bloemfontein gedien. In 1947 het die Britse koninklike familie tydens hulle besoek aan Bloemfontein daarin tuisgegaan. Na Republiekwording in 1961 het dit die Vrystaatse woning van die Staatspresident van Suid-Afrika geword. Dit is gemiddeld een keer elke vier jaar deur die Staatspresident gebruik. Die verblyfplek is eers in 1972 amptelik Oliewenhuis genoem. Dit is na aanleiding van die talryke wilde-olyfbome wat in die tuine van die woning groei.¹⁰³

In 1985 het staatspresident Botha na lang onderhandelinge die woning aan die Nasionale Museum in Bloemfontein oorgedra. Dit moes in 'n kunsmuseum omgeskep word. Na strukturele veranderinge om dit vir 'n kunsmuseum geskik te maak, is die Oliewenhuis-kunsmuseum, as 'n satelliet van die Nasionale Museum, amptelik in 1989 geopen. Die museum gebruik die beste tegnologie om plaaslike kunswerke in ideale klimaats- en sekuriteitsomstandighede te huisves.¹⁰⁴

¹⁰¹ M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 19-25.

¹⁰² S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie*, p. 296.

¹⁰³ Skriftelike mededeling: L. Marais, Department of Public Works, Private bag X65, Pretoria, 2000-05-16.

¹⁰⁴ Skriftelike mededeling: L. Marais, Department of Public Works, Private bag X65, Pretoria, 2000-05-16.

5. *Transvaal*

a. *Presidensiële wonings*

Potchefstroom is in 1838 deur die Voortrekkers uitgelê en het die hoofstad van die Transvaalse Republiek geword. President Marthinus Wessel Pretorius (1819-1901)¹⁰⁵ se plaas was deel van die groepering van plase wat met die uitbreiding van die dorp later “plase in die dorp” was. Die woning is volgens oorlewering deur Pretorius self gebou en hy het nadat hy hom aan die openbare lewe onttrek het daarin gewoon. Die grondplan van die woning is simmetries en die drie slaapkamers en kombuis lei direk uit die sentrale voorhuis. Drie glasdeure aan die voorkant vorm deel van die fasade. Van 1894 is die woning deur verskeie eienaars besit en deur instansies soos die Potchefstroomse Onderwyskollege gebruik. Die gebouekompleks is in 1973 aan die Potchefstroomse Stadsraad getranspoteer en restourasiewerk het kort daarna begin. Die President Pretorius-museum het kort daarna tot stand gekom in die gebouekompleks wat die buitegeboue ook insluit.¹⁰⁶

Pretorius was benewens die eerste President van die Zuid-Afrikaanse Republiek ook President van die OVS. Hy het ‘n ampswoning in Pretoria gehad op die noordwestelike hoek van wat destyds Markstraat en Kerkplein was. Die woning, wat deur die regering gebou is, is nooit deur hom bewoon nie, maar is deur ds. AJ Begemann gebruik.¹⁰⁷ President Thomas Francois Burgers (1831-1881)¹⁰⁸ het in sy eie woning in Prinsloostraat oorkant die Markplein gewoon.¹⁰⁹


¹⁰⁵ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 678.

¹⁰⁶ Anoniem, *Die President Pretorius-museum, Potchefstroom*, n.p.

¹⁰⁷ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

¹⁰⁸ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 138.

¹⁰⁹ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.




Figuur 8: M.W. Pretorius se woning regs voor, Pretoria ca. 1885.

Uit: Z.L. Pretorius, *Marthinus Wessel Pretorius 1819-1901*, (Pretoria s.a.), p. 15.

President SJP Kruger het ook in sy eie huis (fig. 10) in Kerkstraat gewoon. Daar is wel gepoog om vir die President 'n ampswoning (fig. 9) te bou. Die ontwerp was vol torings en tierlantyntjies en is nooit uitgevoer nie. Klaarblyklik het Kruger sy eie verblyfplek verkies omdat dit beter by sy lewenstyl ingepas het.¹¹⁰

¹¹⁰ D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 283.



Figuur 9: Die voorstel vir die nuwe presidensiële woning in Pretoria wat nooit uitgevoer is nie.

Uit: R. C. Fisher, (ed.), *Architecture of the Transvaal*, (Pretoria, 1998), p. 72.

Die huis was Kruger se persoonlike eiendom en die staat het 'n huistoelae aan hom betaal.¹¹¹ Dit is 'n tipiese voorbeeld van woningbou wat as “stoepkamerhuise” bekend staan. Die pedimentgewels, die lys om die voordeur en die gepleisterde lyswerk skep 'n laat-Renaissance voorkoms, maar die verandas is weer Oosters. Dit is 'n stewige, ruim en eenvoudige woonhuis wat soms deur besoekers as 'n kothuis of landhuis beskryf is.¹¹²

Op die stoep van sy huis het hy graag besoekers ontvang, of dit nou amptenare, burgers of vreemdes was. Daar was reeds wagtendes as hy om sesuur die oggend op die stoep uitkom en hy was in die namiddag toeganklik vir nog besoekers. Hier kon hy met baie meer vrymoedigheid as in die Raadsaal praat en het dikwels op die stoep die weg voorberei vir sake wat in die Raadsaal wrywing kon veroorsaak.¹¹³

¹¹¹ D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 473.

¹¹² W.J. de Kock, *Die Krugerhuis*, Pretoria, p. 26.

¹¹³ W.J. de Kock, *Die Krugerhuis*, Pretoria, p. 26.



Figuur 10: President S.J.P. Kruger se private woonhuis in Pretoria.

Foto: Poskaart, Krugerhuis-museum, Pretoria.

Kruger het hier gewoon totdat hy Pretoria met die Anglo-Boereoorlog op 29 Mei 1900 verlaat het. Mevrou Kruger het tot met haar dood op 21 Julie 1901 in die woning gebly. Gedurende die tweede helfte van 1901 is dit deur Britse troepe beset.¹¹⁴ Die woning het in 1933 in die besit van die Transvaal-museum gekom en is drie jaar later tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.¹¹⁵

b. Government House, later die Presidensie, Bryntirion, Pretoria

Na die Anglo-Boereoorlog moes die Britse regering behuising aan sy amptenare verskaf. Tydens die Anglo-Boereoorlog het die Britse verteenwoordiger in Ultimatum House gewoon. Later gedurende die Anglo-Boereoorlog het Melrose-huis die ampswoning geword en het Horatio Herbert Kitchener (1850-1916) daarin gewoon nadat hy die opperbevel by lord Roberts oorgeneem het.¹¹⁶ Die Vrede van Vereeniging is in Mei 1902 in Melrose-huis onderteken.¹¹⁷ Genl. sir Neville Gerald Lyttelton (1845-1931)¹¹⁸ het een van die woninge wat Herbert Baker ontwerp het in Roberts Heights (later Voortrekkerhoogte, nou Thaba Tswane) sy ampswoning gemaak.¹¹⁹

¹¹⁴ D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 473.

¹¹⁵ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 163.

¹¹⁶ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.


¹¹⁷ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 169.

¹¹⁸ D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 7, p. 43.

¹¹⁹ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

Reeds in 1902 is 'n bedrag vir die bou van 'n ampswoning in Pretoria beskikbaar gestel. Die grond is in 1903 aangekoop. Baker is as argitek aangestel en drie jaar later was die bouwerk aan die woning afgehandel. Die oorspronklik begrote bedrag het van £25 000 tot £94 000 gestyg. Die bedrag het die buitegeboue, tuinuitleg en doeltgemaakte meubels ingesluit.¹²⁰ Lord William Palmer Selborne (1859-1942), was die eerste Britse amptenaar om die nuwe Government House (nou die Presidensie) (fig. 11) te bewoon. Na Selborne het al die Goewerneurs-generaal van Herbert John Gladstone (1910-1914) tot CR Swart (1960-1961), die woning bewoon.¹²¹

Na republiekwording in 1961 het dit die woning van die Staatspresident geword en is dit deur die Staatspresidente bewoon totdat PW Botha die ampte van Eerste Minister en Staatspresident in 1984 verenig het. Botha het verkies om in Libertas aan te bly en die Presidensie is daarna as staatsgastehuis benut.¹²²



Figuur 11: Die Presidensie.

Uit: G. Viney, *Colonial Houses of South Africa*, (Cape Town, 1987), p. 245.

6. *Die woonbuurt Bryntirion*

John Robert Pritchard het die stuk grond met die baie mooi suidelike en noordelike uitsig oor die omgewing in 1899 by EPA Meintjes gekoop. Hy was die bestuurder van TW Beckett se winkel en

¹²⁰ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 174.

¹²¹ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

¹²² G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 245.

het die grond na sy geboorteplek in Wallis vernoem.¹²³ *Bryntirion* is 'n Walliese naam uit Carnarvonshire, Wallis. *Bryn* beteken 'heuwel' en *Tirion* "pragtige uitsig." As "heuwel met 'n mooi uitsig" is die naam baie gepas vir die omgewing.¹²⁴

Pritchard se grond is in 1902 aan die Transvaalse koloniale regering verkoop. Majoor GH Fowke, Sekretaris van Openbare Werke, het voorgestel dat die terrein vir die oprigting van vyf verskillende tipes staatswonings benut word. Dit was 'n staatsbehuisingskema weens 'n tekort aan akkommodasie vir staatsamptenare. Die bedoeling was dat die buurt se inwoners van die beter besoldigdes sou wees.¹²⁵

Volgens die waarnemende Sekretaris van Openbare Werke, WE Davidson, was die terrein "undoubtedly the finest building site in Pretoria." Hy het vroeg reeds aanbeveel dat die hele area gekoop word, anders sou die moontlikheid later bestaan dat die ampswoning deur spekulatiewe ontwikkelings omring kon word. "If this block is now secured the Government House cannot be overlooked" het hy aangevoer. Die gevolg was dat 'n aangrensende deel van die Wesleyaanse sendinggenootskap se grond in 1903 gekoop is.¹²⁶ Nog gedeeltes van die plase Koedoespoort 299 en Rietfontein 24 is later aangekoop.¹²⁷

Die Bryntirion-landgoed of Government Village, soos dit eers bekend gestaan het, is die gebied wat strek van Kerkstraat tot op die kruin van Meintjeskop. Die eerste wonings is in die Milner-tydperk opgerig en is aanvanklik deur 'n groep senior staatsamptenare bewoon. In 1904 was daar dertien wonings en 'n opsigterswoning op die landgoed. Na Uniewording in 1910 is van die huise deur Kabinetslede bewoon wat van ander provinsies afkomstig was. Dit het daartoe gelei dat in 1927

123 Anoniem, Bryntirion-huise uit Milner-tydperk, *Beeld, Huisgids*, 1997-08-22, p. 46.

124 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 12.

125 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, pp. 31-32.

126 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 32.

127 D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 2, p. 545.

besluit is om die wonings uitsluitlik vir Kabinetslede te reserveer.¹²⁸ Van die wonings het 'n geskiedenis van prominente inwoners soos woning 19 waarin onder andere DF Malan, JG Strijdom en HF Verwoerd gewoon het. Woonhuis 20 was deur bekendes soos A Fischer, JCG Kemp, FC Stallard en E Louw bewoon.¹²⁹

Met Uniewording het Louis Botha premier geword. Hy het in sy eie woning in Cellierstraat 147, Sunnyside, gewoon.¹³⁰ Sy woning was vir enige persoon toeganklik.¹³¹

In 1913 het JBM Hertzog in Vermeulenstraat 590 gewoon.¹³² Van 1926 tot 1936 was woning 20 in Bryntirion Hertzog se amptelike woning. Dit is dieselfde woning waarin lord Selborne tot in 1906 gewoon het. Die woning is later verander om die Premier se motorbestuurder en die hoofkelner van Libertas te huisves.¹³³

In die dertigerjare van die vorige eeu is besluit om 'n nuwe woning vir die Eerste Minister op die hoogste gedeelte van die Bryntirion-landgoed op te rig. Hoewel die oprigting van die woning reeds

-
- 128 Anoniem, Bryntirion-huise uit Milner-tydperk, *Beeld, Huisgids*, 1997-08-22, p. 46.
129 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 43.
130 *Lockhead's guide, handbook and directory of Pretoria, 1913*, pp. 316, 343.
131 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 42.
132 *Lockhead's guide, handbook and directory of Pretoria, 1913*, pp. 316, 343.
133 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 39.

in 1940 afgehandel was, sou dit eers teen 1948 vir die eerste keer deur 'n premier, DF Malan, bewoon word. Die volle verhaal van die woning se ontwerp, oprigting en bewoning word in die volgende hoofstukke beskryf.

HOOFSTUK II

DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING WORD ONTWERP

A ONTWERP

Die redes vir die bou van die nuwe eerste-ministerswoning is nie gegee tydens die bekendmaking van die kompetisie om die ontwerp van die woning nie. Daar is nie gemeld of die woning wat in gebruik was in daardie tyd ontoereikend of ondoelmatig was nie, en ook nie of dit 'n amptelike woning was nie. Die meeste sekondêre bronne soos Simpson se brosjure, die argiewe van die Departement van Openbare Werke en die koerante van die tyd begin met die aankondiging van die kompetisie vir die ontwerp van die verblyfplek. Die destydse Hansard en Staatskoerant werp ook nie veel meer lig op die redes vir die bou van die woning nie. Die notules van die die Uitvoerende Raad se besluite en die Hertzog-versameling was ook nie van nut om die redes op te spoor nie.

Daar is nie duidelikheid oor waar die Eerste Minister, JBM Hertzog, van 1936 tot 1939 gewoon het nie. Gevolglik kon geen studie van daardie woning gemaak word om 'n moontlik rede vir die oprigting van 'n nuwe ampswoning te identifiseer nie. Of die woning en sy gebreke aanleiding kon gegee het tot die dringendheid om 'n nuwe verblyfplek te bou, is nie duidelik nie.

Die feit dat die Eerste Minister ses maande van die jaar in Pretoria en die ander ses maande in Kaapstad moes deurbring, het die noodsaaklikheid vir 'n ampswoning verhoog. Daar kon nie van die Premier verwag word om self twee verblyfplekke in te rig en te onderhou nie. Die koste daaraan verbonde sou astronomies gewees het.

Om die Eerste Minister in 'n amptelike woning te laat bly, het administrasie, sy veiligheid en kommunikasie met hom vergemaklik. Voorbeelde van ampswonings soos 10 Downing Street in Groot-Brittanje, die Wit Huis in die Verenigde State van Amerika, en die verblyfplek van die Britse Goewerneur-generaal in Suid-Afrika en elders het reeds bestaan en kon nagevolg word.

'n Moontlike rede vir die oprigting van die ampswoning kan gevind word in Hertzog se pogings om Suid-Afrika se internasionale status vergelykbaar met die van Brittanje te kry soos deur die Statuut van Westminster bepaal rakende 'n eie munt- en seëlstelsel, eie diplomate in die

buiteland en 'n eie vlag.¹ Dalk was die oprigting van 'n eerste-ministerswoning deel van die aspirasies van Hertzog en sy Nasionale Party.

1. *Kompetisie vir die ontwerp*

a. *Besluit om die kompetisie uit te skryf*

Die Sekretaris van Openbare Werke het in 'n brief van 2 Maart 1935 aan die Sekretaris van Finansies gemeld dat CF Clarkson, Minister van Openbare Werke, besluit het om 'n kompetisie vir die ontwerp van 'n nuwe eerste-ministerswoning uit te skryf. Die redes waarom ontwerpe aangevra is, was omdat die Departement van Openbare Werke reeds 'n baie druk program gehad het en dat daar 'n lewendige belangstelling van argitekte in die ontwerp van die woning was.²

Volgens JS Cleland (FRIBA), Sekretaris van Openbare Werke, was dit die “policy of this Departement during the last few years to place out certain of the work, as an encouragement to the architectural profession.”³

'n Advertensie vir die kompetisie is in Afrikaans en Engels in publikasies soos *The Pretoria News*, *Die Vaderland*, *The Star* en *Architectural Record*, geplaas. Die advertensie het in negentien publikasies tot so ver as *The Cape Times* verskyn.⁴ Die kompetisie was oop vir argitekte wat in Suid-Afrika woonagtig was en wat ingevolge Wet 18 van 1927 by die Instituut van Argitekte geregistreer was.⁵ Die voorwaardes vir die kompetisie is deur die sentrale raad van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte goedgekeur.

b. *Algemene gebruik van kompetisies om oor ontwerpe te besluit*

Die ampswoning van die Suid-Afrikaanse Eerste Minister is een van talle bekende geboue wat die resultaat was van kompetisies vir die ontwerp daarvan. Bekende voorbeelde van sodanige

¹ M. van Heerden, *Eerbetoninge aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1919-1966)*, p. 64.

² Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Pretoria. PWD 566, 2/1310/5477: Secretary Public Works Department (hierna PWD) - Secretary Finances, 1935-03-02.

³ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: Sec. PWD - Director PWD, Nairobi, 1935-07-13.

⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Government Printer, 1935-01-02.

⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Government Printer, 1935-05-15.

geboue is die Amerikaanse President se woning, die Wit Huis, die parlamentsgebou in Londen, die Reichstag in Berlyn, Duitsland, die Eiffeltoring in Parys, Frankryk, en die operahuis in Sydney, Australië.⁶

Die eerste aangetekende geval waar 'n kompetisie gebruik is om die ontwerp van 'n gebou te bepaal, is in 448 v.C. toe die Raad van Athene na die Persiese Oorlog 'n gedenkteken op die Akropolis wou oprig. Verskeie kunstenaars is genader om ontwerpe in te dien en die gemeenskap is gevra om die wen-ontwerp te kies.⁷

Die redes vir die besluit deur die stadsleiers is maklik om te begryp. Openbare geboue beïnvloed omgewings vir 'n baie lang tydperk daadwerklik en wek emosies, veral as so 'n gebou simbolies van aard is. Die Raad van Athene het hom teen toekomstige kritiek gevrywaar deur die mense vroegtydig toe te laat om kommentaar op die ontwerpe te lewer.⁸

'n Kompetisie was nogtans nie altyd ideaal vir al die betrokke partye nie. Soms was die keuse van die wen-ontwerpe nie vir die publiek aanvaarbaar nie, omdat die wenner van die verkeerde nasionaliteit was en partykeer is daar nie op 'n wen-ontwerp besluit nie, maar aspekte van verskeie inskrywings saamgevoeg deur die jurie wat die ontwerpe moes beoordeel. Omdat daar net een wenner is, is al die ander deelnemers per definisie verloorders en dit lei soms tot jaloesie en nydigheid. Kompetisies is gereeld gekenmerk deur argumente, beskuldigings van plagiaat en konfrontasies tussen die betrokkenes. Dit alles geskied in die geval van kompetisies in die openbaar en gee daaraan 'n negatiewe reputasie.⁹

Organiseerders van kompetisies hoop om soveel moontlik voorstelle te ontvang wat die waarskynlikheid van 'n uitstaande ontwerp verbeter. Kompetisies het soms ook ten doel om rewolusionêre oplossings vir probleme voor te stel. Die kompetisievoorwaardes is dikwels nie baie voorskriftelik nie en gee aan deelnemende argitekte groot vryheid om ontwerpe na die beste van hulle vermoëns te produseer. In die meeste gevalle word egter streng bepalinge neergelê

⁶ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁷ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁸ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁹ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 9-12.

waarby die argitek moet hou, soos die begrote bedrag en die ligging van die bouperseel¹⁰ en dit baat die deelnemende argitek ongetwyfeld om nougeset aandag daaraan te gee.

Die jurie is die belangrikste faktor met die sukses van 'n kompetisie. Gewoonlik bestaan die jurie uit mense met diverse agtergronde soos politici, staatsamptenare en boukontraakteurs. Die diversiteit van die jurielede is veronderstel om 'n beter en ewewigtiger besluit tot gevolg te hê, maar soms is dit juis die swakheid van die jurie. Sy lede kan nie tot 'n eenparige besluit oor die beste ontwerp kom nie.¹¹

Vir enige deelnemer aan 'n kompetisie is dit altyd die moeite werd om eers vas te stel wie die lede van die jurie is voordat daar met die ontwerp begin word. In 1922 het die koerant die *Chicago Tribune* 'n kompetisie vir die ontwerp vir 'n nuwe kantoorgebou aangekondig. Die jurielede wat die koerant aangestel het, was konserwatief en die koerant self het aangedui dat geen ontwerp verwag is wat die grense van argitektuur sou verskuif nie. Die deelnemende argitekke kon hieruit aflei hoe hulle ontwerpe daar moes uitsien om enigsins 'n kans te hê om te wen.¹²

Partykeer is daar nie 'n jurie aangestel om die besluit te neem nie en het die besigheid of persoon wat die kompetisie uitgeskryf het self as beoordelaar opgetree. Dié opsie sluit van die probleme met 'n jurie uit, maar dit bemoeilik dit om onontdekte talent op te spoor, veral as die deelnemers aan die kompetisie net uit genooide argitekke bestaan.¹³

Verskeie van die kenmerke van 'n kompetisie soos hierbo aangedui is, sou gedurende die kompetisie vir die ontwerp vir die woning van die Eerste Minister ter sprake kom, hoewel daar slegs een beoordelaar was.

10 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 12-13.

11 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 13-14.

12 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 14-15.

13 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 16-17.

c. Beoordeling van die kompetisie

Die Sekretaris van Openbare Werke, JS Cleland, is deur die Minister van Openbare Werke as die beoordelaar van die kompetisie aangewys. Waarskynlik is op Cleland besluit omdat daar voorheen klagtes was dat oorsese argitekte nie die land, klimaat of geografiese omstandighede ken nie en dus nie vir plaaslike argitekte as beoordelaars aanvaarbaar was nie.¹⁴

Vantevore is gereeld van oorsese beoordelaars gebruik gemaak om plaaslike kompetisies te beoordeel. 'n Voorbeeld hiervan was die Johannesburgse Stadsbiblioteek. Dié praktyk het kritiek uitgelok, onder meer van Gerard Moerdyk (1890-1958) wat gevoel het dat 'n lokale beoordelaar meer kennis van plaaslike omstandighede sou gedra het en dus beter sou kon beoordeel. Die kompetisies vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Kaapstad en die Tegniese Kollege in Pretoria sou as voorbeelde van suksesvolle beoordeling deur plaaslike beoordelaars kon dien.¹⁵

Vir die woning van die Eerste Minister sou van 'n plaaslike beoordelaar gebruik gemaak word. Volgens die bepalings van die kompetisie sou die Minister van Openbare Werke die beoordelaar se keuse onvoorwaardelik aanvaar en nie die voorgelegde planne sien voordat dit beoordeel is nie.¹⁶

d. Voorwaardes vir die kompetisie

Deelnemers aan die kompetisie moes konsep-ontwerpe vir die woning en die terrein voorstel. Die voorwaarde is gestel dat daar van die argitek verwag kon word om, indien dit nodig was, veranderings of verdere tekeninge en sketse te verskaf.¹⁷

¹⁴ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: *The Star*, 1929-12-12.

¹⁵ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: *The Star*, 1929-12-12.

¹⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence for the Prime Minister of the Union of South Africa at Pretoria, Transvaal. s.a.

¹⁷ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

‘n Lys van vertrekke, waarna as ‘n skedule van akkommodasie verwys is, is aan voornemende deelnemers verskaf. Die beoordelaar het hulle gemaan om streng by die skedule te hou, tensy hulle baie voordelige veranderinge kon aanbring.¹⁸

e. Inskrywingsprosedures

Elke ontwerp en die gepaardgaande instruksies van die argitek moes sonder naam, slagspreuk of kenteken van enige aard voorgelê word. Dit moes vergesel wees van ‘n verklaring van die argitek dat die werk sy eie is en dat die tekening deur homself of onder sy toesig opgestel is. Die argitek moes sy naam, kwalifikasies en adres in ‘n verseëelde koevert plaas wat die ontwerp moes vergesel. Om die anonimiteit van die deelnemers en so ook die onpartydigheid van die beoordelaar te verseker, sou die beoordelaar slegs met nommers op die ontwerpe werk. Dit sou verseker dat die ontwerpe slegs volgens meriete beoordeel word.¹⁹ Die argitek is daaraan herinner dat die ontwerpe slegs eenvoudige maar realistiese planne moes wees.²⁰ Daar is selfs aanwysings gegee oor die tipe papier, lyntipe, aanwysings en kleure wat die argitek kon gebruik. Deelnemende argitek is uitgenooi om enige vrae oor die skedule van akkommodasie aan die Sekretaris van die Departement te rig.²¹

Die sluitingsdatum is op 11 Maart 1935 vasgestel,²² maar na verskeie versoeke deur die deelnemende argitek is die datum na die einde van Maart 1935 verskuif.²³ Kontantpryse van 150, 100 en 70 pond sou, onderskeidelik, aan die eerste drie wenontwerpe toegeken word.

18 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

19 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

20 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - PWD, Pretoria. 1935-02-15.

21 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

22 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

23 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Reid and Martin Architects, Stanley House, Commissioner Street, Johannesburg - Sec. PWD. 1935-02-15.

f. Voorwaardes met betrekking tot die toekenning van die kontrak

Die Minister van Openbare Werke het dit duidelik gestel dat die Departement nie verbind was om met die oprigting van die woning voort te gaan nie. As die Departement wel met die bou van die woning sou voortgaan, sou van die argitek wat die kompetisie gewen het, verwag word om die planne uit te voer. Indien, volgens die beoordelaar, 'n geldige rede sou ontstaan waarom die wenner se planne nie gebruik kon word nie, sou die naaswenner se planne gebruik word of sou van die wenner verwag word om met 'n argitek van Cleland se keuse saam te werk.

Die Minister sou met die begin van die projek 'n bourekenaar aanstel om die argitek by te staan, maar die argitek moes al die nodige tekeninge vir die aanlê van water en elektrisiteit asook vir die installering van brandblussers voorsien. 'n Geografiese kaart van die erf met die kontoere, ligging van paaie en die riolering sou deur die Departement aan deelnemers verskaf word om hulle met hulle ontwerpe te lei.²⁴ Lugfoto's van die Bryntirion-landgoed kon vir gebruik in die kompetisie via die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekke van die Sekretaris van Verdediging verkry word.²⁵

In die kontrak is gespesifiseer dat die begrootte bedrag van £25 000 sowel alle boukoste as elektriese ligte, die aanlê van koue water en warm water, rakke en kookapparaat moes insluit. Meubels en losstaande voorwerpe wat die woning bewoonbaar sou maak, was nie by die bedrag ingesluit nie.²⁶

Cleland het van die argitek wat die kompetisie wen, verwag om sy ontwerp te verander. Hy het dit so gestel: "I personally consider a competition as being a means only for the appointment of architects and the competition design as purely preliminary sketches for discussion purposes."²⁷

²⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a

²⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Secretary of Defence, 1935-01-10.

²⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

²⁷ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: Sec. PWD - Director PWD, Nairobi, 1935-07-13.

2. *Akkommodasievereistes*

As Eerste Minister was Hertzog van mening dat die woning “should reflect an atmosphere of dignity and quiet simplicity, typical of and in keeping with the best traditions of the architecture of this country.”²⁸

‘n Inryportaal of *portico* was die eerste aanwysing op die skedule. Uit die ingangsportaal op die grondvlak moes mans- en dameskleedkamers op diskrete plekke geplaas wees. Die ingangsportaal kon, indien dit nodig was, uit ‘n boonste en onderste vlak bestaan. Die Eerste Minister en sy sekretaris moes beide kantore met ‘n besoekerswagkamer naby, op die grondvlak hê. Dié gedeelte moes toeganklik tot die res van die woning wees, maar moes ook ‘n afsonderlike buitetoegang vir besoekers hê.²⁹

Agt slaapkamers is benodig, waarvan twee hulle eie *en suite*-badkamers en aantrekkamers moes hê. Die ander slaapkamers moes badkamers met ‘n deur in die gang deel. Verder moes vir personeelkwartiere, linnekamers, waskamers, ‘n wynkelder, ‘n spens, ‘n silwerwarekluis, ‘n tweede trap vir die bediendes en stoepe voorsiening gemaak word. Die buitegeboue het ‘n motorhuis vir vyf motors, stalle vir vier perde, ‘n werkkamer en verblyf vir nie-blanke werkers ingesluit. ‘n Baie interessante vereiste was ‘n baba- en klaskamer wat elkeen 250 vierkante voet nagenoeg (25 m²) groot moes wees.³⁰

Voorts is aanbeveel dat die ontwerp twee verdiepings moet beslaan en omdat die gebou ‘n belangrike een sou wees, is deelnemende argitekte gemaan om die argitektoniese waarde van hulle voorgestelde geboue deeglik te oorweeg.³¹

Volgens die aanwysings moes die vertrekke eenvoudig, maar in goeie verhoudings en smaakvol wees. Ook is voorgestel dat die boumateriaal en die afwerking deurgaans van gepaste en praktiese gehalte moes wees en dat Suid-Afrikaanse hout vir die houtwerk gebruik word. Die

²⁸ NASA, Pretoria. PWD 2/1310/P4/1007: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1937-02-25.

²⁹ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence..., s.a.

³⁰ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³¹ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

ligging hoog op die koppie en die klimaat moes in ag geneem word. Noord was die beste front, in soverre dit klimaat en uitsig betref. Daar is 'n asemrowende uitsig van die erf oor die vallei na die koppies noord en noordoos daarvan.³²

Die hoofingang moes met 'n gepaste oprit in George Washington-boulevard wees. Verder moes vir ruim parkering naby die hoofingang en nog meer parkering daar naby vir groter onthale voorsiening gemaak word. Die voorgelegde ontwerpe moes ook 'n groot grasperk vir onthale, blomtuine, roostuine, terrasse, watertuine, dammetjies, fonteine, pergolas en bome insluit. Ten slotte moes vir 'n tennisbaan en 'n kleinerige swembad voorsiening gemaak word.³³

Baie gou het navrae oor die skedule ontstaan. Vrae wat ontvang is, is genommer en saam met die antwoorde aan deelnemers teruggestuur. Vraag twee was byvoorbeeld waarom 'n babakamer en klaskamer vereis word, maar geen "night nursery, nurse's room or bathroom" nie.³⁴ Vraag veertien het verneem wat die doel van die voorgestelde "morning room" was. Die beoordelaar het geantwoord dat die vertrek bedoel was vir die dame van die woning of vir die gebruik van besoekers om gesellig te verkeer. Dan het die Departement die argitek na die *Webster's International* en die *Oxford Dictionary* vir 'n verklaring van die funksie van die "morning room" verwys.³⁵ Op nog 'n vraag het die Departement geantwoord dat daar ses bediendekamers moes wees, een elk vir die hoofbediende, huishoudster, kok en drie ander bediendes.³⁶

3. *Kommentaar op die kompetisie*

Baie gou het die Departement van Openbare Werke 24 inskrywings vir die kompetisie ontvang.³⁷ Saam met die inskrywings het kritiek en 'n woordstryd gekom. Op 22 Maart 1934 het 'n artikel in *Die Burger* verskyn waarin die skrywer gepleit het dat die argitek van die nuwe Premierswoning "iets moet voortbring wat werklik simbolies is van die karakter van ons volk en land, en die karakter op 'n beter en meer intense wyse weerspieël moet word as by enige ander

³² NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³³ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - All competitors, 1935-01-28.

³⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - All competitors, 1935-02-14.

³⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Works Cape Town - Works Pretoria, 1935-02-07.

³⁷ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Works Pretoria - Works Cape Town, 1935-02-11.

gebou.” Die skrywer het dit veral gehad teen die “talle monstrositeite wat bestaan uit ‘n iets van alles.”³⁸

‘n Artikel in die *Die Burger* het ook aangevoer dat die boustyle uit vroeëre tye nageaap moes word sonder dat die klimaat in ag geneem word nie. Daarin is ook beswaar gemaak teen openbare geboue en woonhuise wat “nooit gebou is met die oog op enige styl nie, maar slegs mure en ‘n dak (is) wat die inwoners teen die wind en weer beskerm.” Volgens die skrywer het die meeste ontwerpers ‘n groot gebrek aan smaak getoon.³⁹

In die *South African Architectural Record* is gepleit dat genoegsame vryheid van uitdrukking by die ontwerp van die woning aan argitekte gegun moes word. Dit is as ‘n uitstekende geleentheid beskou as ‘n rigtingwyser by die argitektuur van wonings te skep. Volgens die skrywer van die artikel moes die woning die eenvoud van die Suid-Afrikaanse sosiale lewe uitbeeld. Dit moes “...joyously renounce everything tawdry, flamboyant and vulgar: let it be a conscious departure from every idea that savours of cliché and hackneyed style.” Doriese pilare was ewe onvanpas as barokgewels en daar moes nie ‘n woning gebou word vir hemelbeddens en bedverwarmers nie maar vir die elektriese stoof, lugversorging en die radio. Daar is gepleit vir groot vensters wat uit een paneel bestaan en ‘n vloedgolf van moderne ligte; nie vir kiaatsierroosters oor vensters en antieke kandelare en lanterns nie. Die wye horisonne van die land moes weerklank kon vind in die eenvoudigheid en ruimte wat moderne boumateriale bied. Om die Kaaps-Hollandse boustyl te kopieer, sou ‘n miskening van die gees en die kreatiwiteit van die ou Kaapse boumeesters wees, aldus die skrywer van die artikel. Hy het ook gekla omdat dit wat die Departement van Openbare Werke as “fine” en “traditional” beskou, steeds net op steriele nabootsing uitgeloop het.⁴⁰

In Mei 1935 het *Die Burger* aangevoer dat die Departement hoop om vir £25 000 ‘n woning met ‘n Suid-Afrikaanse karakter te bou. Die argitekte moes hulle nougeset by die voorskrifte hou. Een daarvan het die oppervlak van die nuwe ampswoning vasgestel op twee maal so groot soos Groote Schuur. Volgens die skrywer maak net dié bepaling dit al baie moeilik om met die beperkte begroting iets met karakter te skep. Die skrywer was van mening dat dit uiteindelik soos ‘n reuse skoolgebou gaan lyk as gevolg van die vasgestelde aantal slaapkamers wat die

38 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

39 J. Ploeger, *Overvaal - geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 37.

40 Professional notes and news, *The South African Architectural Record*, 1935, p. 48.

woning moes hê. Die groot aantal slaapkamers en die motorhuis, groot genoeg vir 'n hele aantal motors, put die begroting in so 'n mate uit dat die argitek nie Suid-Afrikaanse hout of klip sou kon spesifiseer nie. Dit sou daartoe lei dat daar geen kreatiwiteit by die ontwerp bestaan nie. Die deelnemer wat hom die naaste aan die voorskrifte hou, maar waarskynlik die woning met die minste karakter ontwerp, sou waarskynlik die argitek wees wat die kompetisie wen.⁴¹



Figuur 12: Spotprent oor die koste verbonde aan die nuwe eerste-ministerswoning, 1938-07-15.

Uit: *Die Transvaler*, Gerard Moerdykversameling, Akademie Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versameling, UP.

In Augustus 1934 het 'n brieffskrywer aan 'n Engelse dagblad aangevoer dat hy voel dat die uitgawes aangegaan in moeilike tye soos daardie 'n absolute noodsaaklikheid was - omdat die uitgawes die algemene publiek en die werker spesifiek bevoordeel. Volgens hom sou dit werk verskaf en sou die woning ongetwyfeld die man waardig wees. Die Premierswoning in Pretoria het swak met Groote Schuur vergelyk.⁴² Later in Augustus is nog 'n brieffskrywer in die *Sunday Express* berispe omdat hy sou beweer het dat die Premier gratis in die nuwe woning gaan woon.⁴³

⁴¹ Universiteit van Pretoria, (hierna UP), Pretoria, Akademie Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Moerdykversameling: *Die Burger*, 1935-05-06.

⁴² NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Koerantknipsel, 1934-08-02.

⁴³ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: *Sunday Express*, 1934-08-19.

In Januarie 1934 het die Departement van die eerste voorstelle van die publiek oor die inrigting van die nuwe woning ontvang. J Connell, stadsorrelis van Johannesburg, het voorgestel dat die nuwe woning met 'n klein orreltjie toegerus word. Die Departement het geantwoord dat hy dit in gedagte sou hou en het versoek dat 'n raming vir die koste van so 'n orrel verstrek word!⁴⁴

4. Bekendmaking van die wenners

Op 25 Maart 1935 is die wenners van die kompetisie in die media bekend gemaak. Die beoordelaar sou sy beslissing aan elke deelnemer gee, waarna 'n uitstalling van al die ontwerpe gehou sou word. 'n Algemene verslag van die beoordelaar sou saam met hulle ontwerpe aan al die deelnemers gestuur word.⁴⁵

Die beoordelaar het die nommers in wenvolgorde geplaas en toe die verseëelde koeverte in die teenwoordigheid van die Uniekabinet oopgemaak. Die wenner was Gerard Moerdyk van Pretoria, gevolg deur JZ Stekhoven van Lyon en Stekhoven, Kaapstad, en GE le Sueur van Durban.⁴⁶ Volgens Cleland se verslag was daar geen uitstaande ontwerp nie en die argitektoniese waarde was volgens hom oor die algemeen teleurstellend. Tog was dit vir hom duidelik dat die vyftig deelnemers baie tyd en aandag aan die ontwerpe bestee het. Hy het herhaal dat al die ontwerpe verbeteringe nodig gehad het en dat die wenontwerpe net as 'n vertrekpunt sou dien.

5. Kommentaar op die ontwerpe

Ontwerp 21 - (fig. 13) die Moerdyk-ontwerp - is eerste geplaas, hoofsaaklik omdat "the competitor having visualised the requirements and the architectural tradition considered desirable for a house of this description and for its simple economic lines and right shape to suit the site."⁴⁷

⁴⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - J. Connell, 1934-01-10.


⁴⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ...s.a.

⁴⁶ UP: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-25.

⁴⁷ NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.


Die voorportaal was ruim en gepas. Die Eerste Minister se studeerkamer en die môrekamer is geskik geplaas en goeie stoepe vorm deel van die ontwerp. Hy was ook tevrede met die plasing van die kombuis en die uitleg van die eerste verdieping. Volgens hom was die ontwerp eenvoudig en gepas en die uitleg van die tuin aanvaarbaar, maar veranderinge sou gewis aan die ontwerp aangebring moes word.⁴⁸

⁴⁸ NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.




Figuur 13: Die oorspronklike Moerdyk-wenontwerp.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 121.



Figuur 14: Die ontwerp wat in die tweede plek geplaas is.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 123.



Figuur 15: Die G le Sueur-ontwerp wat in die derde plek geplaas is.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 124.

Ontwerp 43 (fig. 14) is tweede geplaas vanweë die breë eenvoudige ontwerp met 'n gepaste voorportaal, kledkamer en galery. Die babakamer en klaskamer was nie op die beste plekke geplaas nie. Cleland het aangevoer dat die uitleg van die terrein, kombuis en slaapkamers baie

bevredigend was. Sy samevatting was dat dit 'n ontwerp met baie foute, maar ook met baie moontlikhede was.⁴⁹

Die ontwerp wat derde geplaas is, nommer 22, (fig. 15) was volgens die beoordelaar op goeie lyne met 'n bevredigende voorportaal, studeerkamer, kombuis en loggia. Die klaskamer en die babakamer sou meer noord gepas gewees het en die tuinuitleg was maar gewoon.⁵⁰

Sommige van die ander ontwerpe is geag as té groot. Verdere opmerkings was dat die vorm van die gebou onvanpas was vir die erf, vertrekke te veel westeson sou kry, nou gange, te veel gange, 'n babakamer wat uitloop op 'n stoep en die kombuis wat te ver van die eetkamer was. Van die ander ontwerpe was "little palatial" en "too elaborate and costly." "Ontwerp 15 was heeltemal ongeskik omdat dit "too broken up and inconvenient" was.⁵¹

Skaars is die wen-ontwerpe bekend gemaak of lofprysinge en kritiek het van oral opgeklank. Norman Eaton (1902-1966), bekende argitek van die tyd, het geskryf dat hy gevra is om die vyftig ontwerpe te kritiseer. Volgens hom is daar niks om te kritiseer nie, want hy het nie vyftig ontwerpe voor hom gehad nie, maar vyftig verbeeldingsvlugte. Die meeste van die ontwerpe was net geskik vir 'n suksesvolle koloniale Kaapse slagter van twee eeue vantevore. Eaton het aangevoer dat die argitektuur nog vyftig doodgebore babas gebaar het. Wat Cleland as tradisionele argitektuur aangeprys het, het Eaton afgemaak as 'n "retrograde attitude of mind". Hy het bygevoeg dat dit opvallend was dat geen ontwerpe deur die jonger, moderne argitekte gelewer is nie - dalk vanweë die Departement van Openbare Werke se voorkeur aan "tradisionele" argitektuur.⁵²

Volgens Eaton het die Moerdyk-ontwerp gewen bloot omdat dit 'n poging aangewend het om die noordelike uitsig te gebruik. Hy het gevoel dat dit net 'n besoek aan die beoogde ligging van die woning vereis het om die idee te vernietig dat dit die gepaste vorm vir die ligging is. Die uitgestrekte horisontale lyne van die Magaliesberg en die parallelliggende heuwels wat in die

49 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

50 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

51 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

52 *The South African Architectural Record*, 20 (5), May 1935, pp. 125 - 126.

niet verdwyn, maak die hele ontwerp belaglik. Sy opsomming was dat die produk ‘n gedwonge huwelik van ‘n skaam Hollandse meisie met ‘n wilde man van die Noorde sou wees.⁵³

The South African Architectural Record beskryf die planne van Libertas as ‘n “unhappy example of the meddling timidity of our bureaucracy that dare not trust unfettered originality.”⁵⁴ *Die Volkstem* van 26 April 1935 het die hoop uitgespreek dat die woning onder Moerdyk se leiding al die beste en mooiste eienskappe van die Kaaps-Hollandse styl met die mees moderne tegnieke sou verenig, om ‘n verblyfplek te produseer wat aan al die eise van die moderne lewe voldoen. Die ampswoning moes nie ‘n afgeslote ivoortoring wees nie, maar die atmosfeer van gasvryheid en geselligheid uitbeeld, wat so reg uit die bodem van ons land kom. Dalk sou die ontwerp ‘n positiewe invloed op die ontwikkelende woning-argitektuur in Transvaal hê. Moerdyk is aangemoedig om te sorg vir ‘n groot stoep, nie te ver van die kombuis nie, sodat president Kruger se tradisie van koffie op die stoep kon voortduur.⁵⁵

B GERARD MOERDYK, WENNER VAN DIE KOMPETISIE

1. Afkoms

Daar bestaan ‘n oorlewering in die familie Moerdyk dat ‘n voorvader met die bou van die Moerdykbrug in Nederland ‘n belangrike rol gespeel het - vir ‘n geruime tyd die langste brug in die wêreld. Oorlewering of waarheid, daardie voorvader sou baie trots gewees het op die prestasies van Gerard Moerdyk (fig. 16).⁵⁶

Gerard Leendert Pieter Moerdyk is op 4 Maart 1890 in die distrik Waterberg gebore as die seun van J.L. Moerdyk, latere inspekteur van skole.⁵⁷ Moerdyk se vader was van Nederlandse afkoms, maar het ‘n burger van die Zuid-Afrikaanse Republiek geword net soos wat sy seun volkome Afrikaner geword het.⁵⁸ In 1888 het Jan Leendert Moerdyk van Ierseke, Nederland, in

⁵³ *The South African Architectural Record*, 20 (5), May 1935, pp. 125 - 126.

⁵⁴ Professional notes and news, *The South African Architectural Record*, 1935, p.48

⁵⁵ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Volkstem*, 1935-04-26.

⁵⁶ Nasionale Film-, Video- en Klankargief (hierna NFKVA), Pretoria: Moerdykversameling, 154/766, biografiese besonderhede.

⁵⁷ Anoniem, Dr. Gerard Moerdyk – in memoriam. *Pretoriana*, mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria, April 1959. p. 2.

⁵⁸ F.C.L. Bosman, In memoriam Gerard Leendert Pieter Moerdyk, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks XVIII, 2, 1958, p. 9.

reaksie op president Kruger se oproep aan onderwysers uit Nederland om hulle in Transvaal te vestig, na die ZAR gekom. Cornelia Dorst van Brouwershaven het hom 'n jaar later gevolg en hulle het in 1889 op Nylstroom in die huwelik getree en hulle in die distrik Waterberg gevestig. Gerard Moerdyk was die oudste van hulle nege kinders.⁵⁹

Moerdyk se moeder se opgeruimde geaardheid, deursettingsvermoë en ondernemingsgees was duidelik in hom te bespeur en van sy vader het hy die leergierigheid van 'n gebore akademikus gekry. By sy vader het hy ook geleer om by sy besluite te bly en voet by stuk te hou wanneer hy eers 'n standpunt ingeneem het en om hom nie te steur aan watter kritiek hy hom op die hals gehaal het nie.⁶⁰ Moerdyk het sy aanvanklike akademiese onderrig by sy vader ontvang.

In 1893 het sy vader assistent-onderwyser aan die Staatsmodelschool in Pretoria geword, maar die gesin het twee jaar later na Volksrust verhuis en tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Oktober 1899 daar gewoon.⁶¹ Nadat Moerdyk se vader op kommando gegaan het, het die hele familie later na Amersfoort getrek waar dit veiliger sou wees. Tydens die gesin se verblyf op Amersfoort is Moerdyk se blindedermsiekte verwyder. Tot Moerdyk se groot verbasing het hy dertig jaar later weer akute blindedermsiekte gekry waarvoor hy ook geopereer is. Dit blyk toe dat die vorige operasie nooit voltooi is nie. Nadat die dokter die snit gemaak het, het hy klaarblyklik koue voete gekry en nie die blindedermsiekte verwyder nie. Hulle het op Amersfoort gewoon totdat hulle later deur Britse soldate na die konsentrasiekamp by Standerton geneem is. Met hulle vertrek is die woning op Amersfoort deur Britse soldate afgebrand, waarna die gesin Moerdyk die Britse magte vir ses weke in 'n ossewa moes volg. Tydens 'n skermutseling met die Boeremagte, waartydens die Britse soldate agter die Moerdyk-ossewa weggekrui het, is Moerdyk in die been gewond. Hy het die litteken tot met sy dood toe gedra.⁶²

Die tydperk wat die negejarige Moerdyk in die konsentrasiekamp deurgebring het, het 'n onuitwisbare indruk op hom gelaat. Die kinders moes elke dag miskoeke gaan optel sodat sy

⁵⁹ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 638.

⁶⁰ C. A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, (B.A. -Skripsie), UOVS, s.a. p. 5.

⁶¹ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 638.

⁶² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 5.

moeder kon vuurmaak en hulle klere skoon kon kook. Hulle het dan kaal in die tent gesit en die luise van hulle liggame afgetrek en doodgemaak.⁶³

Hy het later vertel dat dit net vanweë sy moeder se wysheid met die aktiewe bevegting van die luise was wat hulle gered het. Die luise was oral en hy het dit as een van die plae van Egipte beskryf; stof word luise. In sy eie woorde: “ Ons was magteloos, ons was rou gevreet.” As betaling vir sy werk by die kampslagpale het Moerdyk derms en afval gekry, wat sy ma vir hulle gaargemaak het. Cornelia Moerdyk het besef dat as sy haar kinders wou red, sy uit die konsentrasiekamp moes kom. Sy het daarin geslaag om met behulp van Nederlandse vriende uit die kamp na Pretoria weg te kom, waar sy op haar man gewag het.⁶⁴

2. Opleiding

Na die beëindiging van die oorlog in Mei 1902, het die gesin in Pretoria aangebly, aangesien Moerdyk se vader op sy erf in Villieria ‘n klein tentskooltjie geopen het. Hy is spoedig deur die Transvaalse Onderwysdepartement as Hollandse onderwyser aangestel. In 1908 word hy by die Normaalkollege in Pretoria aangestel en in 1913 word hy inspekteur van skole. Hy het die betrekking tot met sy aftrede in 1926 beklee.⁶⁵ Gerard Moerdyk het sy skoolopleiding aan die Pretoria College, die latere Pretoria Boys’ High School, voortgesit.⁶⁶ In 1906 het die Departement van Openbare Werke ‘n wedstryd vir die ontwerp van ‘n nuwe skoolgebou elders in die land uitgeskryf. Die kompetisie wat vir alle skoolkinders oop was, is deur Moerdyk gewen.⁶⁷ Die kompetisie vir die ontwerp vir Libertas was dus nie die eerste een van die Departement van Openbare Werke wat Moerdyk gewen het nie.

Nadat hy die kompetisie gewen het, het die Departement hom opdrag gegee om die hele skoolterrein te ontwerp. Die uitstaande ontwerp van die sestienjarige Moerdyk het daartoe gelei dat die Departement aan Moerdyk die betrekking van assistent-tekenaar teen ‘n vergoeding van £10 per maand aangebied het. Hoewel hy nog baie jonk en ongematrikuleerd was, was die

63 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 5.

64 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 6.

65 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

66 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 639.

67 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

versoeking om soveel uur te teken vir hom onweerstandbaar en het hy die pos aanvaar. Later het hy sy matriek deur deelydse studie behaal.⁶⁸

In 1910 het Moerdyk na Londen vertrek om argitektuur aan die Architectural Academy te bestudeer.⁶⁹ Voor sy vertrek uit Kaapstad het Moerdyk eers Groote Schuur besoek. Hy skryf dat hulle die opsigter se hart vermurwe het en dat hy hulle toe die landgoed gewys het. Vir Moerdyk was die woning “pragtig mooi.” Hy het ook ‘n aantal ander besienswaardighede besoek voordat hy Kaapstad verlaat het.⁷⁰

Sy studiejare het met baie persoonlike opoffering en min geld gepaard gegaan. Hy het gereeld met sy ouers gekorrespondeer en hulle op hoogte van sake gehou. Hy het aan hulle geskryf van sy soektog na ‘n goedkoop losieshuis en van sy teleurstelling oor die hoë pryse en onverwagte uitgawes verbonde aan sy studies.⁷¹

Die finansiële druk wat sy studies op sy ouers geplaas het, blyk duidelik uit ‘n brief wat sy ouers aan hom skryf waarop hulle antwoord op sy geldelike situasie. Sy pa skryf dat dat hulle op so ‘n moontlikheid glad nie voorbereid was nie en as hulle dit vroeër geweet het, hulle hom waarskynlik nie sou laat gaan het nie. Hulle het hulle nietemin voorgeneem om te doen wat hulle inderdaad nie kon bekostig nie en hom laat voortgaan. Hulle het hulle vertrou uitgespreek dat hy geen opoffering te groot vind om sy doel so spoedig moontlik te bereik nie. Hulle skryf dat hulle tevrede is met die manier waarop hy sy geld bestee, maar spreek hulle kommer daaroor uit dat hy vir middagete net ‘n glas melk en ‘n sny brood nuttig.⁷²

68 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

69 *Architect and Builder*, November 1953, p. 70.

70 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 9.

71 I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 22-23.

72 I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 24-25.

Dit was vir sy ouers moeilik om Moerdyk finansiëel in Londen te onderhou, maar hy het nie sy kans verspeel nie. By inskrywing het hy 'n mondelinge eksamen afgelê, waarna hy direk tot die vierde studiejaar toegelaat is. Dit het beteken dat hy vrystelling van sowel die tweejarige voorbereidende kursus as die preliminêre eksamen gekry het. Hy het gehoop om die goedkoper aandklasse aan die Architectural Academy by te woon, maar die hoof van die Academy het daarop aangedring dat hy eers drie kwartale dagskool bywoon. Op die feit dat hy die duurder dagklasse sou moes bywoon, het hy en sy ouers nie gereken nie. Hulle het hom nogtans toestemming vir die ekstra uitgawe gegee en Moerdyk het hom hart en siel in sy studies gewerp.⁷³

Hy het spoedig van die sewende plek uit 28 studente tot die eerste plek gevorder. In 'n brief meld hy dat daar selfs 'n foto van hom geneem is wat in die Academy opgehang is.⁷⁴ Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om alles te bestudeer wat Londen hom op die terrein van argitektuur, museums en kunsgalerye kon bied.

As deel van die opleiding was daar elke week besoeke aan geboue van argitektoniese waarde wat opgemeet, geteken en beskryf moes word.⁷⁵ Een van die Britse geboue wat 'n blywende indruk op hom gelaat het, was die Westminster-abdy. Die graf van die Britse digter Ben Johnson in die 'Poets Corner' van die abdy, met die woorde "O rare Ben Johnson" daarop, het hom bygebly. Baie jare later het Moerdyk vertel van die inspirasie wat dit hom vir die Voortrekkermonument se senotaaf gegee het. Volgens Moerdyk het hy van soortgelyke simboliek gebruik gemaak om die verhaal van die Groot Trek uit te beeld.⁷⁶

Moerdyk het sy gesin en vriende baie gemis en hy het nie juis vriende met sy medestudente gemaak nie. Die uitsondering was Geoffrey Files, seun van die Engelse skilder, sir Luke Files. Van hom sê Moerdyk dat hy nooit meer van enige vriend gedink het as van Files nie.⁷⁷ Hy het nie baie sosiaal met die ander studente verkeer nie; moontlik omdat geld maar aan die min kant

⁷³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 10.

⁷⁴ I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 26.

⁷⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 10, 14.

⁷⁶ A.J. van Niekerk, The man who made the monument, *The Outspan*, 1955-04-01, p. 33.

⁷⁷ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 11.

was, maar ook omdat sy studies vir hom van die allergrootste belang was. Een van sy medestudente het van Moerdyk gesê :

“He was very reserved, we never really got to know him. We were all of one group, all public school boys. He was younger than we were but far better equipped to absorb the lectures through his greater practical knowledge. He kept to himself and worked like a demon.”⁷⁸

Sy voorliefde vir die klassieke argitektuur het tot die keuse van sy tesis, die Franse en Italiaanse Renaissance-boustyl, gelei. Hy het gevoel dat dit vir hom in Suid-Afrika van groot waarde sou wees. Die tesis moes van tekeninge en opgawes van opmetinge vergesel wees. Hy het dus besluit om navorsing in Europa te gaan doen. Om geld vir die studiereis te verkry, het Moerdyk vir die Britse Public Works Department gewerk, waar hy ontwerpe en tekeninge vir die aanbou van bediendekwartiere by Buckingham-paleis gemaak het.⁷⁹

⁷⁸ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 11.

⁷⁹ I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 30-31.



Figuur 16: Gerard Moerdyk, ca. 1913.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p.56.

In Rome het hy die beeldhouer Anton van Wouw (1862-1945) ontmoet. Van Wouw was besig met die figure vir die Vrouemonument in Bloemfontein. Dit was die begin van 'n lang vriendskap met Van Wouw, asook 'n kennismaking met die beeldhoukuns. Hy het beroemde geboue en die Ecole des Beaux Arts in Parys en die British School of Archeology in Rome vir meer inligting besoek. Wat hy daar waargeneem het, sou later in sy eie skeppings neerslag vind.⁸⁰

In Verona het hy een aand in die tronk deurgebring omdat die militêre owerhede baie agterdogtig was oor die meetinstrumente wat hy gebruik het om die geboue op te meet. Hulle het gedink dat hy 'n Duitse spioen was. Hy kon eers die volgende oggend bewys dat hy 'n student was en is

⁸⁰

C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 29, 11, 14, 16.

daarna vrygelaat. Hy voeg vrolik in sy brief aan sy ouers oor die eskapade by dat dit hom darem drie lira vir 'n bed gespaar het!⁸¹

Oor Venesië het Moerdyk in vervoering geraak; “O, wat is Venetië mooi! prachtig, heerlik, zo heel anders dan al het andere dat ik ooit gezien heb...” Italië het as bron van inspirasie vir Moerdyk gedien. Volgens hom was die land baie soos Suid-Afrika; ewe droog, warm en stowwerig. Hy het gevoel dat die argitektuur vir hom baie insiggewend was en dat hy dit in Suid-Afrika in sy eie ontwerpwerk baie nuttig sou vind.⁸²

Dat die gedagte aan die komende eksamen hom die hele tyd bygebly het, is duidelik uit sy briewe aan sy ouers. In 'n brief van 20 Desember 1913 het hy sy ouers op 'n moontlike teleurstelling probeer voorberei. Hy het gevoel dat as hy nie in die eksamen sou slaag nie, hy in Londen sou aanbly en 'n betrekking sou soek. Sonder 'n graad sou hy nie huis toe gaan nie. Hy het homself tot die uiterste toe gedryf en alle plesier in sy studies verloor.⁸³

In sy brief aan sy ouers waarin hy die eksamen bespreek, vertel hy dat een eksaminator aan hom gesê het dat: “myn ontwerp de 'most artistic' was dat op die eksamen gemaak is, maar vertelden my ook dat ze konden zien dat ek nog nooit een huis gebou had.”⁸⁴ Hy het Londen verlaat voor die uitslae bekend was en het gereël dat 'n vriend sy uitslae na hom in Kaapstad telegrafeer. Met sy aankoms in Kaapstad het die telegram hom ingewag. Hy het homself onder die top twintig argitektuurstudente in Engeland bevind en is as die topstudent in klassieke argitektuur in die hele Britse Gemenebes aangewys.⁸⁵

Terug in Suid-Afrika met sy nuutverworwe ARIBA, het Moerdyk vir Sylva Henriette Pirow, (1896-1973), suster van die bekende politikus, Oswald Pirow, ontmoet en hulle het in 1918 in die huwelik getree. Sylva Moerdyk was vir hom van groot hulp en sy het die boekhouding en korrespondensie van sy praktyk behartig. Sy het ook begin om 'n boek oor sy lewe te skryf, maar het dit nooit voltooi nie. Sy het al haar geskrifte en Moerdyk se persoonlike

81 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 34.

82 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 15, 16.

83 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 17.

84 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 26.

85 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 18.

korrespondensie en aandenkings bewaar.⁸⁶ Uit hierdie huwelik is drie kinders gebore, een seun Gerard Michel (1920-1997) en twee dogters, Irma Leonora (1923) en Cornelia Sylva (1930).⁸⁷ Sowel die een dogter Irma Vermeulen, as haar seun, Gerard Vermeulen, het die Moerdyk-tradisie voortgesit deur hulle as argitek te bekwaam.⁸⁸

3. *Loopbaan*

Terug in Suid-Afrika, was Moerdyk vir 'n jaar by die Departement van Openbare Werke werksaam. Hy het gehoop om in die bekende argitek Herbert Baker (1862-1946) se kantoor in Johannesburg werksaam te wees of om die Baker-beurs vir verdere studie in Europa te verower. Hy het wel die Baker-beurs verower, maar die toekenning is as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) gekanselleer. Die oorlog het ook daartoe gelei dat sy dienste as oortollig beskou is en hy sonder werk was. Tot ongeveer 1917 het hy 'n pos as 'n tekenaar by 'n Randse mynmaatskappy, Robinson Deep, bekleed. Moerdyk het die teken van mynkaarte sielddodend gevind,⁸⁹ sy eie praktyk begin en sy eerste opdrag - 'n kerkgebou vir Bothaville - ontvang.⁹⁰

Van 1918 af het Moerdyk saam met die argitek Gordon Leith (1886-1965) in Johannesburg gepraktiseer. Saam het hulle die nuwe Johannesburgse stasie ontwerp. Hulle het baie moeite gedoen om aan die versoek van die publiek te voldoen dat die ou Hollandse spreuke op die mure van die bestaande stasie behoue bly. By nadere ondersoek het dit aan die lig gekom dat die spreuke nie op hout nie, maar op 'n doek geskilder was. Die doek is met sorg verwyder en van die letters is onder Moerdyk se toesig presies nagemaak; party op blou en wit teëls vir gebruik in die nuwe stasie. Moerdyk het in 'n vennootskap met Wynand Louw (1883-1967) van Kaapstad gewerk. Na 'n tyd het die afstand die samewerking bemoeilik en is die vennootskap met Louw in 1924 ontbind,⁹¹ maar nie voordat hulle die Suid-Afrikaanse kerkargitektuur vernuwe het nie.⁹² Hulle het die Noordkerk en sinodale saal in Bloemfontein, twee kerke op Reddersburg in 1927,

⁸⁶ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 20,21.

⁸⁷ F.C.L. Bosman, In memoriam Gerard Leendert Pieter Moerdyk, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks, XVIII, 2, 1958, p. 11.

⁸⁸ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 640.


⁸⁹ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk* pp. 20-21.

⁹⁰ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 639.

⁹¹ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 26, 21.

⁹² H. Franssen, *Drie eeue Suid-Afrikaanse kuns*, p. 155.

en die NG kerke op Marquard en Pietersburg gebou.⁹³ Dit is slegs enkele van die bykans 80 kerkgeboue wat Moerdyk ontwerp het. Sy geboue was te sien van die Kaap tot in die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe), van die Oos-Transvaalse Laeveld (nou Mpumalanga) tot in die toenmalige Suidwes-Afrika (nou Namibië).⁹⁴



Figuur 17: Een van die kerkontwerpe van Moerdyk.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p. 8.

Moerdyk het 'n boekie gepubliseer oor kerkgeboue waarvan die ontwerpe vir Suid-Afrika geskik is. Dit het sy eie ontwerpe, idees en perspektiewe oor kerkbou bevat (fig.17). Ds. JD Kestell (1854-1941), Afrikanerkultuurleier, en Anton van Wouw het beide die boekie onder oë gehad en Moerdyk in sy werk aangemoedig.⁹⁵

Volgens Moerdyk moes kerkgeboue van plaaslik gekapte klip wees. Plafonne moes nie van staal wees nie, want dit roes en ook nie van hout nie, want dit verwing. Dit was 'n radikale afwyking van die bestaande kerkplanne van die tyd. Moerdyk was van mening dat die afstand

⁹³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 21.

⁹⁴ Skriftelike mededeling: Prof. R.C.Fisher, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, 0002, 1997-07-17, p. 2.

⁹⁵ A. Kuijers, *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca. 1860 tot 1940)* (M-A verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1980), p. 131.

tussen die prediker en die gemeente beperk moes wees. Die akoestiek van die kerk was ook belangrik en Moerdyk het uit sy pad gegaan om dit korrek uit te werk. Hy was teen die Neo-Gotiese styl vir Afrikaanse kerke omdat die klimaat van die Noord-Europese lande, waarvandaan dié styl kom, baie kouer as in Suid-Afrika is. Volgens hom was die Suid-Europese klimaat baie meer soos dié van Suid-Afrika en is die argitektuur van Suid-Europa dus pasliker. Hy het aangevoer dat die Italiaanse kerkstyl baie beter by die Afrikaner se Calvinistiese liturgie gepas het. Die styl van die Spaanse sendingkerke in Suid-Amerika was funksioneel ook pasliker vir Suid-Afrikaanse kerke.⁹⁶

Die langwerpige basilika of saalvorm van kerkgeboue is deur Moerdyk verander in 'n meer gesentraliseerde of kompakte vorm. Die ontwerp was gewoonlik 'n veelhoek met die preekstoel in een van die hoeke en die banke in 'n halwe sirkel daaromheen gerangskik. Moerdyk se ontwerpe toon sterk histories-ontleende vormkenmerke. Die NG kerk Sunnyside (fig.18), Pretoria, vandag beter bekend as die NG kerk Pretoria-Oos, het 'n Baroktoring, 'n Bisantynse koepel en klassieke pilare en suile. Die kerk in Delmas se grondplan is in die agthoekvorm met vier vleuels wat die vorm van 'n Griekse kruis aanneem en toon dat Moerdyk later daarin geslaag het om historiese detail uit sy geboue te weer. Sy ontwerpe het mettertyd suiwerder geword, maar sy voorkeur vir natuurlike materiaal en goeie vakmanskap het behoue gebly.⁹⁷

⁹⁶ Skriftelike mededeling: Prof. R.C.Fisher, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, 0002, 1997-07-17, p. 3.

⁹⁷ H. Franssen, *Drie eeue Suid-Afrikaanse kuns*, p. 155.



Figuur 18: Die N.G kerk Pretoria-Oos.

Uit: Universiteit van Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens,
Afdeling Besondere Versamelings; Gerard
Moerdykversameling.

Buiten die groot aantal kerke wat Moerdyk ontwerp het, was hy ook 'n suksesvolle ontwerper van wonings, sale en openbare geboue waarin funksionaliteit altyd beklemtoon is. Sy voorkeur vir gekapte klip het steeds na vore gekom.⁹⁸

Sy eie woning, Bynabo (fig.19), in Muckleneuk, is 'n goeie voorbeeld van sy geloof in plaaslike bouprodukte. Dit was destyds die enigste woning wat van Brooklyn-leiklip gebou is en die klip is spesiaal uitgesoek met die kleineres bo en die grotes onder. Die dubbelverdiepinggebou het 'n

⁹⁸

D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VII, p. 842.

teëlstaandak met skuins plafonne. Die slaapkamers is bo en die woonkamers op die onderste vlak. Moerdyk het self die meubels van Rhodesiese mahonie ontwerp.⁹⁹ Dieselfde soort hout is ook gebruik om die woonkamer se mure tot 7 voet (ongeveer 2 m) hoog te beklee. Die klip waarvan die woning gebou is, is vandag onverkrygbaar. Volgens mev Moerdyk was die woning baie jare later nog steeds modern in ontwerp en, soos Libertas, was dit 'n woning waarin 'n mens gerieflik kon woon. Volgens haar het die ontwerp en bou van Bynabo aan Moerdyk baie plesier verskaf. Gewoonlik het Moerdyk nie veel plesier uit die bou van wonings geput nie, want dit was baie moeilik om aan sy artistieke gevoel uiting te gee, die huisvrou met die ontwerp tevrede te stel en dan nog binne die perke van die begroting te bly.¹⁰⁰



Figuur 19: Bynabo, Moerdyk se eie woning in Pretoria.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p. 7.

Een woningontwerp wat vir Moerdyk genot verskaf het, was die woning van Douw van der Merwe, destyds provinsiale raadslid van Transvaal. Met die ontwerp van die woning, vandag die Gerard Moerdyk-restaurant in Parkstraat, Pretoria, het Van der Merwe Moerdyk ongehinderd sy gang laat gaan en daar was geen tekort aan geld nie. Nadat die woning voltooi is, het Van der Merwe Moerdyk versoek om gepaste meubels vir die woning te ontwerp.¹⁰¹

In 1932 het Moerdyk die nuwe Engelse laerskool in Pietersburg ontwerp. Die ontwerp is groot lof toegeswaai. Volgens *The Star* het Moerdyk weggebreek van die gevangenis-tipe ontwerp vir

⁹⁹ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 85.

¹⁰⁰ NFVKA: Moerdykversameling: 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁰¹ NFVKA: Moerdykversameling: 154/766: Biografiese besonderhede.

skoolgeboue waarmee die Departement van Openbare Werke die land oorlaai het. Sonder om die funksionaliteit van die skool uit die oog te verloor, het Moerdyk 'n uitsonderlike mooi skoolgebou geskep. Die ontwerp het uit vier vleuels met 'n agtkantige amfiteater in die middel bestaan. Aangesien geen laerskool destyds toegelaat is om 'n saal te hê nie, is die ruimte in 'n buitelug-bymekaarkomplek met 'n verhoog onder 'n dak verander. Vir die eerste keer is die toilette binne die gebou geplaas en is van verskillende kleure verf gebruik gemaak. Dit was, sover as wat regulasies dit toegelaat het, 'n algehele wegbreking van die ou ontwerpvorm vir skole.¹⁰²

Nog 'n skool wat deur Moerdyk ontwerp was, is die Hoërskool Monument in Krugersdorp, in 1935. Dit was die eerste openbare gebou waarvan die planne en spesifikasies deurgaans in Afrikaans opgestel is.¹⁰³ Volgens Hans Botha, wat as jong argitek van Moerdyk se tekeninge te sien gekry het, was hy verras deur die min byskrifte op die tekeninge en dié wat daar was, was altyd in Engels. Soms het die hele ontwerp uit slegs een tekenvel bestaan. Botha voer aan dat die rede vir die Engelse byskrifte waarskynlik was omdat Moerdyk sy opleiding in Groot-Brittanje ontvang het. Die min byskrifte daarop toon dat vakmanne in Moerdyk se tyd baie beter geskool was as dié van vandag en veel minder byskrifte nodig gehad het om hulle te lei.¹⁰⁴

Moerdyk het altyd nadruk gelê op die feit dat die Afrikaanssprekende tweetalig moes wees. *The Star* het hom in 1936 aangehaal waar hy aangevoer het dat: "Because it is our desire to be constructively Afrikaans, it should not be accepted from the negative side that we are anti-English."¹⁰⁵

¹⁰² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.


¹⁰³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 36.

¹⁰⁴ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

¹⁰⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 88.

‘n Anekdote oor Moerdyk wek die vermoede dat die vakmanne dalk nie heeltemal so oplettend was nie. Die verhaal is dat Moerdyk ‘n gas was by die inwyding van een van sy kerkgeboue op die platteland. Alles het goed afgeloop totdat die koor op die galery wou gaan sit en daar geen trap na die galery was nie. Die egtheid van die staaltjie kon nie bevestig word nie.¹⁰⁶

In 1920 het Moerdyk die Carnegie-beurs vir navorsing verwerf. Hy het dit vir die bestudering van die Kaaps-Hollandse boustyl aangewend. Na die voltooiing van sy studie het hy ‘n verslag opgestel, lesings gegee en persoonderhoude daarvoor toegestaan. Dié boustyl het ‘n duidelike invloed op sy eie boustyl gehad.¹⁰⁷



Figuur 20: Sketse deur Moerdyk van die elemente van die Kaaps-Hollandse boustyl.

Vergelyk die skets van die bolig met die boligte in Libertas (fig. 33).

Uit: Universiteit van Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens,
 Afdeling Besondere Versamelings: Gerhard Moerdykversameling.

¹⁰⁶ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

¹⁰⁷ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 21.

‘n Handgeskrewe weergawe van sy navorsing oor die onderwerp is in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria beskikbaar. Dié referaat *Die oorsprong en ontwikkeling van die “Ou Hollandse” styl in Suid-Afrika en die invloed daarvan op die argitektuur in die land* in sy netjiese kursiewe handskrif en pragtig geïllustreer met sy eie tekeninge (fig.20) lewer kommentaar op die Kaaps-Hollandse boustyl. Hy het bevind dat die gebrek aan oordadige versiering vir die rustige effek van die boustyl verantwoordelik was. Hy voer aan dat argitektuur “die resultaat van werklike konstruksie moet wees en nie bloot die toepassing van idees uit die buiteland nie.”¹⁰⁸

Die jare tussen 1918 en 1928 was die bedrywigste tydperk van sy loopbaan. Sy praktyk het gefloreer met ‘n groeiende aantal assistente en takke in Johannesburg en Bloemfontein. Dit is in hierdie tyd dat die kerkargitektuur en die Afrikaner se kultuurstryd die meeste van Moerdyk se tyd in beslag geneem het. Moerdyk se lewensverhaal en die Afrikaner se kultuurstryd is byna onlosmaaklik ineengewef.¹⁰⁹

Moerdyk se belangstelling in kuns was nie beperk tot argitektuur nie, maar hy was ook die eienaar van ‘n kosbare versameling Afrikaanse kuns. Hy het self beeldhou en waterverf vir ontspanning beoefen. Hy was Afrikaans, Engels, Nederlands, Italiaans, Duits en Frans magtig en het vir hom ‘n biblioteek in dié tale opgebou.¹¹⁰ Hy het nietemin die Afrikanerseun gebly wat tot die hart van die kerkrade kon spreek voor wie hy dikwels moes verskyn het.¹¹¹

Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het in die Raad van die Universiteit van Pretoria gedien en was vir baie jare die voorsitter. In 1936 het hy ‘n erepenning vir argitektuur van die Akademie ontvang en in 1950 is ‘n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken. Hy het in die direksies van Saambou en die maatskappy Afrikaanse en Handelsbeleggings gedien en was ‘n stigterslid van laasgenoemde maatskappy.¹¹²

108 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

109 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 639.

110 Anoniem, Dr. Gerard Moerdyk – in memoriam. *Pretoriana, mondstuk vir die Genootskap Oud-Pretoria*, April 1959. p. 2.

111 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 639

112 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 640

Moerdyk se belangrikste en seker mees omstrede werk is die Voortrekkermonument buite Pretoria, maar daar was ook baie ander belangrike opdragte soos die Johannesburg-stasie (1932), die verbeteringe aan die ruskampe van die Krugerwildtuin (1935), die Merensky-biblioteek by die Universiteit van Pretoria (1938) (fig. 21), en die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Bloemfontein, (1939).¹¹³



Figuur 21: Die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria.

Foto: X. Barnard. 1999.

Volgens *Die Transvaler* van 7 Junie 1939 het Moerdyk ‘n beskeie, eenvoudige Afrikaner gebly al het hy geprester. Volgens die skrywer van die artikel het hy ‘n egte Afrikanerhumorsin, mensliewendheid en vriendelikheid uitgestraal.¹¹⁴ Moerdyk beskryf homself as “a farmer at heart, and in my spare time I rarely have the inclination or the necessary personality to do anything other than farming”¹¹⁵ maar daar moet in gedagte gehou word dat hy hierdie uitspraak in sy 64ste lewensjaar gemaak het.

Op sy plaas Modderpoort het Moerdyk die gesinsmens ontspan. Hier het hy saam met sy vrou en kinders die plaasvermaak geniet. Op die plaas kon hy al sy sorge vergeet en die speelmaat en vriend van sy kinders wees. Hy en sy gesin was veral lief vir hulle ryperde en elkeen het sy eie

¹¹³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 102.

¹¹⁴ UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1939-06-07.

¹¹⁵ A.J. van Niekerk, The man who made the monument, *The Outspan*, 1955-04-01, p. 33.

perd gehad. Hier het hy tyd gehad om te skilder en beeldhou te beoefen. Sy biblioteek het 'n groot aantal boeke oor die kunste ingesluit.¹¹⁶

Blykbaar was Moerdyk 'n voortreflike skut. Hans Botha wat as 'n junior argitek by Moerdyk se firma gewerk het, het vertel dat Moerdyk en sy seun op sy Bosveldplaas deur 'n gewonde leeu bekruipt is. Die leeu het hulle skielik uit die bosse bestorm en Moerdyk het die leeu op die rug van sy seun doodgeskiet.¹¹⁷

In 1958, op die ouderdom van 68 jaar, het hy in die Nylstroomse hospitaal aan Parkinson se siekte gesterf.¹¹⁸ Hy is op sy plaas Modderpoort buite Nylstroom begrawe. Die diens is bygewoon deur sowat vierhonderd mense waaronder mev Susan Strijdom, eggenote van die destydse dienende Eerste Minister, JG Strijdom (1893-1958). Huldeblyke het gekom van politici soos DF Malan (1874-1959), CR Swart (1894-1982), HF Verwoerd (1901-1966) en BJ Schoeman (1905-1986). *Die Transvaler* het in sy huldeblyk aan Moerdyk geskryf: "Indien u behoefte het aan sy monumente, kyk rondom u."¹¹⁹

4. *Siening oor die boukuns*

a. *Aard van argitektuur*

Moerdyk was waarskynlik die eerste Afrikaanse kunsteoretikus en -historikus wat 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse boukunsliteratuur en kunshistoriografie gelewer het. Baie vroeg in sy professionele loopbaan het hy sy boek *Kerkgeboue vir Suid-Afrika* (1918) met voorstelle en planne vir kerke in Suid-Afrika gepubliseer. Sy latere publikasie, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns* (Pretoria, 1935), is 'n uiteensetting van sy idees oor die ontwikkeling van die argitektuur in Suid-Afrika (fig. 22).¹²⁰

116 UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1939-06-07.

117 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

118 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 640.

119 UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1958-04-21.

120 A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens ...*, p. 131.

Moerdyk het aangevoer dat argitektuur meer as net boukuns was; dit was wetenskaplik en kultureel van aard. Dit was nie goed genoeg om bloot volgens die mees wetenskaplike metodes te werk te gaan nie, maar daar moes ook kuns en kultuur by die boukuns ingeweer wees. Argitektuur was, volgens hom, suksesvol as dit nasionaal van aard was en saam met die nasionale bewussyn gegroei het.¹²¹ Volgens Moerdyk was die kuns van die skilder JH Pierneef (1877-1951) en die beeldhouwerk van Anton van Wouw Afrikaans omdat hulle die ideale en die kunsgevoel van die Afrikaanse volkslewe verwesenlik het.¹²² Kuns moet vir die nageslag as bewys van ons karakter, beskawing en ideale dien.¹²³ So het die primitiewe Voortrekkerhartbeeshuis die eenvoud, hartlikheid en vasberadenheid van die Voortrekkers uitgebeeld. Die dorpshuis van latere jare het aangedui dat die Trekker 'n burger geword het met die gepaardgaande belang in dorpsuitleg, dorpsbestuur, handel en nasionale aangeleenthede. Gevolglik het sy woning heelwat anders as die oorspronklike hartbeeshuis gelyk.¹²⁴

Die argitektuur van 'n land word bepaal deur sy geskiedenis en daarom was dit vir Suid-Afrika van groot belang om nie Europese boustyle slaafs na te volg nie. Indien dit wel gebeur, sal Suid-Afrikaanse argitektuur style produseer wat van geen belang vir Suid-Afrikanners of iemand anders is nie. Volgens Moerdyk sou 'n unieke inheemse styl, slegs uit plaaslike omstandighede, die natuur en klimaat tot stand gebring word wat vir ander en vir onself interessant sou wees.¹²⁵ Die bewys daarvan was oorsese besoekers se gunstige reaksie op die ou Kaapse wonings met hulle kenmerkende gewels, breë oop stoepe en elegante standvastigheid.¹²⁶

Met "styl" het Moerdyk bedoel die herhaalde gebruik van sekere motiewe wat die bouwerk kenmerk. So 'n styl is nie die produk van een persoon of selfs 'n aantal persone se idees nie, maar dis 'n langsame groeiproses, met 'n verskeidenheid invloede en die geskiedenis van die land.¹²⁷ Hy was die mening toegedaan dat om die argitektuur van 150 jaar gelede te herhaal, nie

121 NFVKA: Moerdykversameling 38(61): *Castalia*, p. 21.

122 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 66.

123 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 66.

124 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 96-97.

125 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-08-24.

126 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-09-19.

127 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 67.

‘n oplossing bied nie. Die oplossing het gelê in die ontwikkeling van wat reeds gedoen is en ‘n uitskakeling van dit wat in Suid-Afrika onbruikbaar was.¹²⁸

b. *Ontwikkeling van boukuns in Suid-Afrika*

Volgens Moerdyk het die ware boukuns in Suid-Afrika eers met Simon van der Stel (1639-1712), Goewerneur van die Kaap en stigter van Stellenbosch begin.¹²⁹ Van die oorspronklike vroeë geboue het nie veel voorbeelde behoue gebly nie. Die geboue wat vandag nog te sien is, is op verskeie wyses beïnvloed om uiteindelik die Kaaps-Hollandse styl voort te bring. Daar was ‘n definitiewe Hollandse invloed, aangesien die meeste koloniste Hollanders was. ‘n Duitse invloed is ook te bespeur as gevolg van die groot aantal Duitsers wat vir die VOC gewerk het. Maleiers is in groot getalle in die bouproses gebruik en het beslis hulle invloed laat geld,¹³⁰ soos die kenmerkende twee banke op die stoep.¹³¹ Nog ‘n duidelike invloed het van die skepskrynerkers gekom wat meesterstukke van hulle skepe gemaak het en dikwels in die Kaap agtergebly het.¹³²

Die inwoners van die Kaap het nie op een spesifieke boustyl besluit nie. Veel eerder het hulle die mees bruikbare kenmerke van elke styl in ‘n eie styl omgeskep. Hollandse, Franse en Belgiese gewels is met Maleise stoepe en inlegwerk gekombineer. Vensters en versierings van die Franse styl is hierby gevoeg. Opmerklik van die vroeë wonings is dat ‘n onderdakstoep byna nooit gevind is nie, maar eerder rankplantbedekte priële.¹³³

Met die Britse verowering van die Kaap in 1806 het ‘n einde aan die ontwikkeling van die Kaaps-Hollandse styl gekom. Dit is later aan Transvaal en die Oranje-Vrystaat oorgelaat om die inheemse boukuns voort te sit en te ontwikkel. Hier het die eenvoudige hartbeeshuis vir die dorps huis plek gemaak; volgens Moerdyk ‘n ontwikkeling saam met die land. Die ontdekking van diamante en goud het ‘n heeltemal nuwe fase in die boukunde ingelei. Skielike rykdom het

128 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-08-24.

129 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 67.

130 C. A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 25

131 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, p. 93.

132 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 25.

133 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*. Handgeskrewe referaat, U.P., s.a.

tot 'n oordrewe styl gelei, soos die Paleis van Justisie in Pretoria en die Raadsaal in Bloemfontein. Volgens Moerdyk was sulke geboue heeltemal gepas in Weenen, Oostenryk, maar nie in die Suid-Afrikaanse klimaat nie.¹³⁴

Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Britte Transvaal en die Oranje-Vrystaat verower en volgens Moerdyk het Milner "wel (geweet) hoe om 'n land te verower." Openbare geboue is ontwerp deur 'n departement wat beman is deur ingevoerde persone wat geen liefde vir of kennis van Suid-Afrika se geskiedenis of tradisies gehad het nie. Intendeel, hulle was hier om die politieke nut van argitektuur met die verowering van 'n land uit te voer.¹³⁵

Die Goewerneur-generaal se woning in Pretoria het, net soos die Uniegebou, ook onder Moerdyk deurgeloopt. Selfs al is die woning as 'n teken van respek teenoor die Afrikaner deur Baker in die Kaaps-Hollandse styl ontwerp, was dit volgens Moerdyk net die bakstene en sement wat Kaaps-Hollands is. Die woning is 'n Engelsman se visie van die Britse heer se woning in die Kaaps-Hollandse styl.¹³⁶

Oor die res van die openbare geboue wat sedert die Anglo-Boereoorlog ontwerp is, het Moerdyk ook nie veel te sê gehad wat goed is nie. Dit is ontwerp deur 'n Engelse departement wat nie eens beseft het dat die skaduwees hier in Suid-Afrika anders as in Europa val nie.¹³⁷

c. *Uitsprake oor die boukuns*

Oor die boumateriaal vir en ontwerp van geboue het Moerdyk definitiewe idees gehad. 'n Gebou moes sterk en duursaam van aard wees met korrekte verhoudings en moes 'n harmoniese geheel vorm. Die korrekte oriëntasie van die gebou was volgens Moerdyk van die grootste belang. In Suid-Afrika moet die belangrikste kant na die noorde staan. Die woonkamer, belangrikste slaapkamers en die stoep, wat 'n buitensmuurse woonkamer is, moet na die noordekant wys; die spens en kombuis moet aan die suidekant wees. Daar moet matige lig en lug ingelaat word, maar nie noodwendig deur groot vensters nie. Dit laat te veel skerp sonlig in. Die woonkamer, spens


¹³⁴ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 69.

¹³⁵ G. Moerdyk, Ons argitektuur, *Die Volksblad*, 1935-05-29.

¹³⁶ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 70.

¹³⁷ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 70.

en kombuis behoort naby aan mekaar te wees en die slaapkamers en badkamers hoort eenkant bymekaar.¹³⁸



Figuur 22: Moerdyk se siening oor die Afrikaanse woning.

Uit: G.L. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*. (Pretoria, 1935), p. 21.

Die bouterrein moet deur die argitek bestudeer word om te bepaal of dit op 'n oop vlakte, op 'n berg of teen 'n helling lê. Daar moet bepaal word waar noord is en waar die sonlig of skadu's gaan val. Hy moes op die klimaat ag slaan en die beste daarvan maak. Dit is 'n groot verlies vir die huisbewoners as die argitek nie 'n moontlike uitsig in ag neem nie, want dit verleen baie rustigheid aan die woning.¹³⁹

Indien argitekatuur 'n nasionale karakter moet weerspieël, is dit vanselfsprekend dat van plaaslike materiale gebruik gemaak moet word. As voorbeeld dien die hartbeeshuis wat eenvoudig en doelmatig uit die produkte van die land self gebou is; nie die prag en praal van torings, koepeltjies en stoepe met ornamentele houtwerk, soos in die Paleis van Justisie, nie.¹⁴⁰

¹³⁸ G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 21, 22.
¹³⁹ G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 21, 22
¹⁴⁰ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, pp. 68-69.

Teen gegolfde sink het Moerdyk dit erg gehad. Dit is volgens hom lelik, roes, veroorsaak lekke en is boonop nie Afrikaans nie. Hy het voorgestel dat gras of Suid-Afrikaanse leiklip eerder gebruik word. Dit pas in elk geval beter by ons natuur aan. Die plaaslik gekapte klip is te eniger tyd net so mooi en bruikbaar as ander as dit met oorleg benut word. Plaaslike marmer is ook van so 'n gehalte dat dit deur hom in die eetsaal van die nuwe Johannesburgse stasie gebruik is. Inheemse hout kan met sukses vir vloere, panele en meubels gebruik word. In die Johannesburgse stasie se galery is op die vloer van sewe inheemse houtsoorte gebruik gemaak.¹⁴¹

Dit is duidelik dat Moerdyk spesifieke idees gehad het waarmee hy die eerste-ministerswoning sou aanpak. Dit het 'n definitiewe invloed op die ontwerp van die woning gehad.

5. *Geskille met die Departement van Openbare Werke*

a. *“Verengelsing” van die Departement*

Met die oopmaak van die wen-ontwerp se verseelde koevert moes die naam van Gerard Moerdyk vir die Departement van Openbare Werke 'n onaangename verrassing gewees het. Hy was nie verniet al 'n aantal jare in 'n polemieks met dié Departement betrokke nie. Vir Moerdyk moes dit 'n duidelike oorwinning oor die Departement in die jarelange stryd gewees het.

Moerdyk het gevoel dat argitektuur 'n politieke doel het: “Openbare geboue is die ornamente van 'n land, dit grondves 'n nasie, trek mense en handel, boesem by die volk vaderlandsliefde in.” Volgens Moerdyk is bogenoemde deur die beroemde Britse argitek Christopher Wren (1632-1723) geskryf en het dit as besieling vir Rhodes gedien.

Dit is ook na die Anglo-Boereoorlog deur lord Alfred Milner (1854-1925) met die herstrukturering en verengelsing van Suid-Afrika gebruik. Na die oorlog het Milner, die Goewerneur van die verowerde Transvaal en Oranje-Vrystaat, die Departement van Openbare Werke geskep en met Britse personeel beman. Moerdyk het aangevoer dat Milner die Departement as gevolg van die geestelike invloed daarvan op die bevolking as baie belangrik beskou het.¹⁴² Milner het probeer om die boukuns van die land stelselmatig te verengels deur

¹⁴¹ G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 15-16, 19-20.

¹⁴² NFKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

openbare geboue volgens die ontwerpe en metodes van die Engelse op te rig. Die karakter wat deur geboue soos skole, hospitale en kantore op die land afgedruk is, was volgens Moerdyk, dié van 'n vyandiggesinde kultuur.¹⁴³ Die geboue het nie die nasionale kunsbesef, strewes of lewenswyse van die Afrikaner weerspieël nie.¹⁴⁴ 'n Uitheemse boustyl is op Suid-Afrika afgedwing.¹⁴⁵

Die Volkstem het in 1935 beaam dat die Departement van Openbare Werke gefaal het om by te dra tot 'n boukuns wat kenmerkend aan Suid-Afrika is.¹⁴⁶ Selfs die Uniegebou het deurgeloop as Moerdyk in *Die Vaderland* betoog het dat dit wel doelmatig, maar nie 'n eg-Suid-Afrikaanse produk is nie. Dit is 'n Engels-Italiaanse Renaissance-ontwerp wat impliseer dat geen inheemse argitektuur in Suid-Afrika voor 1910 bestaan het nie.

Die enigste groot projekte wat sedert die Anglo-Boereoorlog aangepak is, was regeringsgeboue wat, ten spyte van hulle hoë koste, glad nie tot die ontwikkeling en vooruitgang van die Suid-Afrikaanse boukuns bygedra het nie.¹⁴⁷ Die gevolgtrekking wat *Die Volkstem* gemaak het, was dat die bou-eienskappe, soos dit deur Moerdyk gepropageer is, deur hulle afwesigheid in die geboue van die Departement geskitter het en dat daar 'n vervelende herhaling van styl in openbare geboue was.¹⁴⁸

Moerdyk wat aan die voorpunt van die stryd teen die Departement gestaan het, het dikwels die stryd vir die Afrikaner se regte in die koerante gevoer. Selfs die Engelse koerante het sy kritiek gepubliseer, hoewel die Afrikaanse koerante hom meer simpatiekgesind was. Volgens mev Sylva Moerdyk het die joernaliste goed geweet dat Moerdyk altyd beskikbaar was om kommentaar oor die onderwerp te lewer en het hulle dikwels op sy knoppie gedruk om hulle koerante gevul te kry. Hy het lesings aangebied, toesprake gehou en parlaments- en provinsiale raadslede oor die saak genader. Reeds in 1920, tydens die onthulling van die klein Vrouemonument by die Klerksdorpse konsentrasiekamp, het Moerdyk die geleentheid gebruik om met Hertzog oor die onderwerp te

143 NFKVA: Moerdykversameling: 38(61): *Castalia*, p. 20.

144 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

145 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Vaderland*, 1932-09-17.

146 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

147 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Vaderland*, 1932-09-17.

148 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

gesels. Hertzog was simpatiekgesind, maar het Moerdyk jare later teleurgestel deur die Engelssprekende T Boydell (1882-1967) as sy Minister van Openbare Werke aan te stel.¹⁴⁹

b. *Onnodige oprigtingskoste van staatsgeboue*

Die Volkstem het die Departement se kosteberekenings vir staatsgeboue gekritiseer. Dit het dikwels gebeur dat dié geboue heelwat meer gekos het as waarvoor oorspronklik begroot is. Die skrywer het gewonder of dit amptelike taktiek is om die publiek in die duister te hou en of dit net eenvoudige onbekwaamheid van die personeel van die Departement was. Die artikel het verder vermeld dat die Departement in vergelyking met privaatbouers heeltemal te duur gebou het. As dit sou wees omdat privaatkontraakteurs dadelik hulle pryse opstoot sodra hulle vir die staat werk, was dit die Departement se plig om 'n einde daaraan te maak. *Die Volkstem* het voorgestel dat die bedryf gestimuleer moes word deur die staat se bouprogramme in goeie tye te vertraag en in moeilike tye aan te spoor.¹⁵⁰

Moerdyk het aangevoer dat privaat-argitekte geboue goedkoper en met meer waarde vir geld as die regering kon oprig. Die funksie van die regering was uitvoerend, wetgewend en administratief; nie om iets te doen wat die privaat-argitek in elk geval beter kon doen nie. Hy het opgemerk dat as die regering hom by sy primêre taak sou hou, daar minder probleme sou wees om die begroting te laat klop.¹⁵¹

The Friend, die Bloemfonteinse koerant, het voorgestel dat die Departement baie kon leer by die totalitêre state van Europa waar tyd en geld hoë prioriteit geniet het. *The Friend* het aan die hand gedoen dat alle groot besigheids- en tegniese instellings van die sentrale regering ontnem en onder nie-politieke beheerliggame geplaas word.¹⁵²

c. *Aanstelling van buitelandse argitekte*

Nog 'n geskilpunt van Moerdyk met die Departement van Openbare Werke was sy siening dat Britse argitekte die omgewings- en klimaatsomstandighede van die land heeltemal verontagsaam

149 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

150 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1939-02-10.

151 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Star*, 1931-04-03.

152 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Friend*, 1938-11-07.

het. Daar is aangevoer dat die Departement geboue volgens vasgestelde planne ontwerp het wat nie plaaslike omstandighede, soos die klimaat, in ag geneem het nie. Soms is die doel van die gebou ook geïgnoreer en skole, hospitale en gevangnisse is oor dieselfde kam geskeer. In party gevalle is beweer dat die betrokke argitek nooit die terrein besoek het nie waar die gebou opgerig moes word. In een so 'n geval is 'n skool op Rustenburg ontwerp en gebou met dosyne skoorstene wat baie opvallend was as gevolg van die feit dat hulle nooit gebruik is nie en die skool soos 'n onooglike fabriek laat lyk het. Dit was ook 'n onnodige uitgawe in die matige Rustenburgse klimaat. Presies dieselfde ontwerp is vir 'n skool in die meer gepaste koue omgewing van Delmas gebruik.¹⁵³

Volgens *The Friend* het staatsdepartemente alewig dieselfde redes vir hulle onbekwaamheid aangevoer, soos 'n tekort aan opgeleide vakmanne, geskoolde werkers en probleme met die verkryging van geskikte boumateriaal. Dit was alles net 'n rookskerm waaragter staatsamptenare, politici en ander goedgebetaalde werkers geskuil het, terwyl hulle amper ongehinderd die belastingbetaler se geld verkwis het. Die gevolgtrekking van *The Friend* was dat dit alles gebeur het omdat die amptenare geweet het dat die belastingbetaler so te sê geen invloed in sy eie regering gehad het nie.¹⁵⁴

Dit is dus duidelik dat Moerdyk nie die positiewe bydrae ingesien het nie van die groot aantal bekwame Engelse argitekte wat hier werksaam was. Selfs oor Herbert Baker het hy die gevoel gehad dat hy nie tot die Suid-Afrikaanse argitektuur bygedra het nie. Oor Baker merk hy op: "Was hy 'n Afrikaner, sou hy die land groot dienste kon lewer."¹⁵⁵

Moerdyk self is as gevolg van sy skerp oordele deur die Engelssprekendes uitgesluit. Hulle het hom as kunstenaar-argitek geen erkenning gegee nie.¹⁵⁶

153 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

154 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Friend*, 1938-11-07.

155 A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens...*, p. 132.

156 D.W. Krüger & C.J. Beyers(reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 640.

d. Gebruik van onvanpaste boumateriaal

In 'n koerantartikel het Moerdyk sy mening uitgespreek oor die onvanpaste boumateriale wat die Departement van Openbare Werke gebruik het. Onder die Departement se leiding moes koel rietdakke vir sinkdakke plek maak en is priële deur oop stoepe vervang. Groot vensters, geskik vir lande met min sonlig, is ook in ontwerpe gebruik. Dit was vir hom duidelike aanduidings dat die Departement se argitekte hulle by hulle benadering van 'n opdrag nie deur die plaaslike klimaat laat beïnvloed het nie.¹⁵⁷

Die gebruik van plaaslike boumateriale, al dan nie, het 'n verdere twis veroorsaak. Moerdyk het oor die invoer van uitheemse boumateriale na Suid-Afrika gekla. Daar is van te min plaaslike materiaal gebruik gemaak en die klagte oor die gehalte van plaaslike klip was, volgens hom, ongeldig. Daar was baie goeie klip en ander materiale beskikbaar, maar die argitek moes dit self gaan uitsoek. Dit sou nie vanself in 'n regeringskantoor opduik nie.¹⁵⁸

Volgens Moerdyk was dit vir die Britse handel baie voordelig as die plaaslike argitektuur van so 'n aard was dat dit van Groot-Brittanje vir boumateriaal afhanklik was. As die argitektuurstyl so sou verander dat dit meer van plaaslike materiale gebruik kon maak, sou dit vir die Britse handel nadelig wees. Dit was gevolglik vir die Britse handel belangrik om in beheer van die argitektuur in Suid-Afrika te bly om sy afset te beskerm.¹⁵⁹

e. Opslae in die Parlement

In 1929 het die Departement van Openbare werke 'n kompetisie vir die ontwerp van die nuwe Johannesburgse biblioteek geloods. 'n Londense argitek sou as beoordelaar optree. 'n Protesaksie het onder leiding van Moerdyk ontstaan en hulle het hulle standpunt in die pers gestel. In *The Star* van 9 Desember 1929 het Moerdyk aangevoer dat iemand wat nie die klimaats- en ander omstandighede ken nie, nie geskik was om as 'n beoordelaar van ontwerpe vir Suid-Afrikaanse geboue op te tree nie.¹⁶⁰ Behalwe dat die beoordelaar geen kennis van plaaslike

¹⁵⁷ NASA, Pretoria. PWD 26/4374: Boukuns in SA, koerantknipsel, s.a.

¹⁵⁸ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁵⁹ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁶⁰ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 33.

omstandighede gedra het nie, was hy ook geen spesialis op die gebied van biblioteke nie; intendeel, hy het in stadsale gespesialiseer. Die feit dat hy 'n praktiserende argitek was, het, volgens Moerdyk, die situasie vererger. Dit sou vir die deelnemende argitekke baie voordelig wees om die beoordelaar se werke te bestudeer en dan hulle geboue so na as moontlik aan sy smaak te ontwerp. Die resultaat sou weer geboue in 'n uitheemse styl wees.¹⁶¹ Moerdyk se voorstel was 'n paneel plaaslike argitekke as beoordelaars met 'n wêreldwye kompetisie of net een plaaslike beoordelaar. Die twis het voortgeduur en Moerdyk en HJ Crocker, die visevoorsitter van die Johannesburgse Biblioteekkomitee, het mekaar deur middel van die pers in die hare gevlieg. Tog het die die Stadsraad met sy planne voortgegaan en Moerdyk se ontwerp is tweede geplaas.¹⁶²

Tydens die Nasionale Party se kongres in Bloemfontein in 1931 is 'n voorstel aanvaar dat die regering versoek word om die Departement van Openbare Werke se werkswyse te ondersoek. Die saak is daarna tydens die 1931-parlementsitting bespreek. Dit is later weer deur volksraadslede van die Nasionale Party opgehaal. As gevolg van syfers wat aan hulle voorgelê is en ander privaat-inisiatief, is besluit om 'n kommissie van ondersoek aan te stel. Argitekke kon voor die kommissie getuig. Saam met ander verteenwoordigers het Moerdyk in die kommissie gedien.¹⁶³

Verslae wat aan die kommissie voorgelê is, het getoon dat die koste van die Departement in 1923 altesaam £209 000 was en dat uitgawes aan geboue onder die Departement se beheer £472 000 bedra het. Gedurende 1931-1932 het die 307 argitekke, bourekenaars, ingenieurs en ander amptenare se salarisse op £136 000 te staan gekom, terwyl die uitgawes aan geboue £300 000 beloop het. Argitekke het aangevoer dat hulle die staat veel minder uit die sak sou gejaag het teen hulle privaatgelde, wat 8% op die koste van 'n gebou was.¹⁶⁴ Daar is ook voorgestel dat die Departement slegs 'n administratiewe funksie moes vervul en dat die regering projekte aan private argitekke moes uitkontraakteer.

¹⁶¹ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁶² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 33.

¹⁶³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.

¹⁶⁴ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

Al die ywer van die kommissie het geen verandering teweeggebring nie en in 1934 is die debat in die Volksraad hervat. 'n Aantal Parlementslede het hulle aan die kant van die argitekte geskaar. Een van dié Parlementslede, JS Smit, het later Administrateur van Transvaal geword en tydens sy ampstermyn het argitekte meer geleenthede gekry om provinsiale geboue te ontwerp.¹⁶⁵

Teen 1935 was die debat nog nie verby nie. Daar is in die Parlement aangevoer dat die Departement van Openbare Werke steeds dié Departement vir Engelssprekende persone was, aangesien die 50-50-beginsel nog nie daarin toegepas is nie. Dié beginsel het bepaal dat die werknemers van die staat om die helfte Engels- en Afrikaanssprekend moes wees. 'n Ontleding van die Departement van Openbare Werke se personeelkorps het getoon dat die oorgrote meerderheid amptenare wat in die Departement werksaam was, Engelse vanne gehad het. Hoewel toegegee is dat dit misleidend kon wees om slegs op vanne te oordeel, want 'n Engelse naam het nie noodwendig beteken dat die persoon Engelssprekend was nie, is die argument nietemin aangevoer dat die Afrikaner erg afgeskeep is. Tydens dieselfde debat is aangevoer dat die afdelings vir ingenieurs, argitekte en bestekopnemers van die Departement van Openbare Werke verklein moes word. Volgens Moerdyk was dié Departement dié plek om staatsdiensuitgawes te besnoei, aangesien daar genoeg private argitekte was om dié taak by die staat oor te neem. Die Provinsiale Raad van Transvaal en die Onderwysdepartement van Kaapland het reeds 'n geruime tyd private argitekte aangestel ten spyte daarvan dat daardie instansies dieselfde diens gratis by die Departement kon kry. Parlements lid PO Sauer (1889-1976) het bygevoeg dat die Departement die reputasie gehad het dat hy geboue baie duurder opgerig het as wat die private boubedryf dit kon doen. Die Departement het geld verspil op maniere wat die private boubedryf nooit sou gedoen het nie. Die geboue wat die Departement opgerig het, is as stereotiep beoordeel. Verder is aangevoer dat die enigste geboue van gehalte die ontwerpe van Baker was.¹⁶⁶

Oor die uitkontraktering van projekte gegrond op kompetisies, waarvan hy etlike gewen het, was Moerdyk ook nie ingenome nie. Hy wou eerder mededinging op prestasie grond. Die probleem met die kompetisiesstelsel was dat dit dikwels te rigiede riglyne neergelê het waarvolgens die deelnemers moes werk. Dit het nie net hulle oorspronklikheid aan bande gelê nie, maar hulle

¹⁶⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.

¹⁶⁶ Debatte van die Volksraad, deel 25, pp. 4886- 4893.

kon ook gediskwalifiseer word as hulle nie by die riglyne gehou het nie.¹⁶⁷ *Die Volkstem* van 12 April 1935 het Moerdyk se standpunt beaam dat ervaring geleer het dat die argitek wat hom slaafs en tot vervelings toe by die voorgestelde riglyne van die Departement gehou het, gewoonlik die kompetisie gewen het.¹⁶⁸

Volgens Sylva Moerdyk was Moerdyk van mening dat dit beter sou wees as 'n opdrag direk aan 'n argitek gegee word eerder as om 'n kompetisie uit te skryf. Hoewel Moerdyk dus teen die kompetisie-opset gekant was, het hy byna nooit 'n kompetisie laat verbygaan sonder om deel te neem nie. Hy sou, volgens haar, dit as pligsversuim beskou het om nie deel te neem nie.¹⁶⁹

6. *Moerdyk se oorspronklike wenontwerp vir die eerste-ministerswoning*

Getrou aan sy aard, het Moerdyk met die bekendmaking van sy wen-ontwerp gesê dat die woning die uitbeelding van die kulturele en staatkundige karakter van die Suid-Afrikaanse nasie sal wees. Die woning moes tot die kulturele lewe en nasionale trots van die land se mense bydra. Die woning sou in die ou Kaaps-Hollandse styl wees, maar omdat daar nie bestaande voorbeelde in Suid-Afrika is wat die waardigheid en deftigheid van 'n staatshoof se woning verteenwoordig nie, sou ook van die invloede van die Franse boustyl uit die ontstaanstyd van die Kaaps-Hollandse boustyl gebruik gemaak word.¹⁷⁰ Dit was volgens Moerdyk 'n toepassing van die Franse Renaissance-boustyl in Europa op die Kaaps-Hollandse boustyl.¹⁷¹

Die Kaaps-Hollandse boustyl sou uiteraard ook by die Transvaalse klimaat en die spesifieke ligging hoog op Meintjeskop aangepas word.¹⁷² Die bouperseel is waarskynlik een van die mooistes in die land. Die uitsig strek noordoos tot by die Cullinanmyn, noordwes tot in die Bosveld, noord tot by die Magaliesberg en wes tot naby die Hartebeespoortdam.¹⁷³ Moerdyk sou ongetwyfeld die beste van die uitsig wou maak, soos hy self in sy boek aanbeveel het argitekte moes doen.

¹⁶⁷ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede

¹⁶⁸ NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

¹⁶⁹ NFVKA, Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.


¹⁷⁰ Anon. Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁷¹ H.J. Jonker, Die woning van ons eerste burger, *Die Brandwag*, 1944-09-29, p. 15.

¹⁷² UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-26.

¹⁷³ Anon. Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

Die boumateriaal van die nuwe woning sou, behalwe vir 'n paar stukke glas-, koper- en ysterware, plaaslike produkte wees.¹⁷⁴ Die woning sou as 'n spogstuk vir die skoonheid en bruikbaarheid van plaaslike hout, klip en klei geld. Al die amptelike vertrekke sou panele van inheemse hout hê en die vloere met blokkies inheemse hout bedek word.¹⁷⁵



Figuur 23: Moerdyk by 'n model van die wen-ontwerp van Libertas.

Uit: *Natal Advertiser*, 1935-05-01, n.p., Universiteit van Pretoria:
Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings, Gerard
Moerdykversameling.

Moerdyk se konsep-ontwerp vir die kompetisie was 'n dubbelverdiepinggebou met ses gewels (fig. 23). Die ontwerp toon die tradisionele Kaaps-Hollandse seweledige verdeling, soos sewe vensters langs mekaar.¹⁷⁶ Die middelste gedeelte, wat vir amptelike gebruik bedoel was, was na die voorbeeld van die ou herehuise ingedeel en die twee vleuels, bedoel vir die gesin se private gebruik, sou in die styl van die ou Boerehuise ingedeel word.¹⁷⁷

¹⁷⁴ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

¹⁷⁵ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Rand Daily Mail*, 1935-05-31.

¹⁷⁶ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versameling: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

¹⁷⁷ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning. *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

Die ingang van die woning sou van 'n inryportaal of 'n *portico* na 'n portaal met marmertappe aan weerskante lei. Aan weerskante van die portaal was daar diskreet versteekte kleedkamers vir mans en dames. Toegang tot die ontvangskamer was deur 'n oud-Hollandse *Porte pour le Visites*. Uit die ontvangskamer is 'n groot oop stoep beplan met 'n asemrowende noordelike uitsig. Hier is ook 'n ruim grasperk vir onthale in die vooruitsig gestel waar die gaste die uitsig werklik kon waardeer.¹⁷⁸

Aan die linkerkant van die ontvangskamer sou die eetkamer wees wat deur spense aan die kombuis en bediendekwartiere verbind is. 'n Ontvangslokaal vir dames sou die ontvangskamer aan die regterkant begrens. Sowel die eetkamer as die ontvangskamer sou uitloop op stoepe agttien voet (ongeveer 5 m) wyd. Aan die oostekant van die stoep is die Eerste Minister se studeerkamer, die privaatsekretaris se kantoor en 'n wagkamer vir besoekers. Aangrensend aan die studeerkamer is 'n môrekamer waarin besoekers soos ambassadeurs ontvang kan word. Die môrekamer en studeerkamer word in die oggende deur die son verwarm. Die studeerkamer sou sy eie stoep na die ooste hê. Die stoep sou hopelik volgens die tradisie van ou-Kaapse wonings in die somer koelte van 'n prieel ontvang, maar in die winter sou die son die vertrekke heerlijk verwarm. In die kombuise sou tradisie beslis nie gevolg word nie, maar alles sou die mees moderne toerusting wees.¹⁷⁹

Op die tweede verdieping is twee groot stoepe na die noorde met 'n uitsig na die Bosveld beplan. Volgens Moerdyk se plan was daar 'n groot galery vir skilderye, geskiedkundige prente en kulturele voorwerpe op die boonste verdieping. Ook op die boonste verdieping was die agt slaapkamers, elk met sy eie balkon.¹⁸⁰

Die Premier se suite sou bestaan uit 'n hoofslaapkamer, aantrekkamer en badkamer en drie van die oorblywende slaapkamers sou *en suite* wees. Die kinderkamer en badkamer was ook op hierdie vlak, maar die ses slaapkamers vir bediendes was op die grondvlak.

¹⁷⁸ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁷⁹ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁸⁰ UP, Pretoria: Akademie se Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

Die tuin sou teen die noordelike hang van Meintjeskop uitgelê word met behoud van die inheemse plantegroei. Met die oog op onthale en voldoende parkering vir omtrent honderd motors is vir groot grasperke voorsiening gemaak. 'n Roostuin is ook beplan, maar die werklike spogstuk sou die tuinteater van natuurlike terrasse wees. Dit sou 'n opelugteater, geïnspireer deur die antieke Griekse teaters wees. Die uitleg van die tuin sou vir vloeiende panoramas voorsiening maak.¹⁸¹ Die tuinuitleg sou ook fonteine, 'n swembad en tennisbaan insluit. Die oprit van sowat honderd en vyftig tree (150 m) sou van George Washington-boulevard, verby die hekwag se huis na die hoofingang van die woning lei.¹⁸²

Volgens mev Moerdyk het Moerdyk die woning met sorg beplan. Hy het elke vertrek spesifiek ontwerp met die oog daarop dat dit nie net 'n deftige woning vir 'n regeringshoof nie, maar ook 'n tuiste vir 'n Afrikanerfamilie sou wees.¹⁸³

Dit is merkwaardig hoe naby aan die neergelegde vereistes van die kompetisie Moerdyk gebly het. Hy het vir die gevraagde inryportaal, die gepaste oprit van George Washington-boulevard af voorsiening gemaak en die tuinuitleg verskaf. Die skedule vir akkommodasie is getrou deur hom gevolg; daar is die agt slaapkamers, die korrekte aantal ontvangsvertreke en die stoepe. Die voorwaardes van die kompetisie het aanbeveel dat die woning uit twee verdiepings in die tradisionele boustyl van die land moes bestaan en hieraan het Moerdyk ook voldoen. Hy het goed van die ligging gebruik gemaak en die uitsig soos dit in die voorwaardes gestel is.

7. *Kritiek op die ontwerp*

Moerdyk het die kritiek oor die koste verbonde aan die woning betreur. Indien die woning slegs die ydelheid en gemak van die Premier sou dien, kon hy nog met die kritiek saamstem, maar dit het om baie meer gehandel. Dit het die nasionale trots en die kultuurlewe van die mense van die land behels. Hy het die betekenis van die woning vergelyk met dié van George Washington (1732-1799), 'n voormalige President van die VSA, wat jaarliks op 'n soort pelgrimstog deur duisende Amerikaners uit pligsbesoek teenoor hulle volk en geskiedenis besoek word. Die

181 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-29.

182 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Rand Daily Mail*, 1935-04-26.

183 NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

woning van George Washington het 'n groot invloed op die boustyl van die Amerikaners gehad¹⁸⁴ en Moerdyk het gehoop dat sy skepping 'n invloed op die boukuns in Suid-Afrika sou hê. Volgens hom is die argitektoniese waarde van die woning net so groot soos dié van Groote Schuur en hy was daarom baie trots daarop om die argitek van die woning te kon wees.¹⁸⁵

Die *Rand Daily Mail* het die siening van Moerdyk bevestig deur dit te stel dat die begroting van £25 000 vir die woning baie min is as in ag geneem word dat die land tot £30 000 000 per jaar aan geboue bestee. Die woning het 'n belangrike toevoeging tot die argitektuur van die land verteenwoordig en daarom was dit van baie meer belang as 'n ander gebou wat heelwat meer gekos het.¹⁸⁶

8. *Wrywing met die Departement van Openbare Werke*

Op 25 April 1935 is 'n telegram met gelukwensinge van die Departement van Openbare Werke by Moerdyk se kantoor afgelewer. Die telegram het gelui: "Please accept my congratulations on winning competition Prime Minister's Residence, Pretoria." Sy vrou het vir Moerdyk 'n telegram na die Vereeniging-stasie gestuur omdat hy onderweg van die Kaap na Pretoria was. Sy wou gehad het hy moes die goeie nuus so gou moontlik ontvang. Toe dit bekend geword het dat hy die kompetisie gewen het, het sy kollegas hom per brief, telegram en persoonlik gelukgewens.¹⁸⁷

Moerdyk se trots op die ontwerp sou dalk, in die woorde van sy eggenote, Sylva Moerdyk, "getemper gewees het as hy toe geweet het hoeveel sonde en ergernis hy van daardie gebou sou ondervind." Die Departement van Openbare Werke het die lewe vir Moerdyk so versuur dat sy beweer het dat geen ander gebou hom soveel moeite, ergernis en verdriet besorg het nie. Uit die staanspoor was die aard van die samewerking eerder een van vyandskap tussen Moerdyk en die Departement. Waarskynlik was sy langdurige stryd met die Departement een van die oorsake daarvan. As voorbeeld van die wrywing noem Sylvia Moerdyk 'n insident waar Moerdyk 'n spesifieke vloerbekleedsel vir 'n vertrek voorgeskryf het en die Departement toe 'n ander een

¹⁸⁴ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁸⁵ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling; *The Pretoria News*, 1935-04-29.

¹⁸⁶ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling; *The Rand Daily Mail*, 1935-05-31.

¹⁸⁷ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

laat insit het. Die gevolg was dat die vertrek se deur nooit behoorlik toegemaak kon word nie. Die kritiek daarvoor het dan na die argitek se kant gegaan.¹⁸⁸

In dié tyd het twee interessante skinderstories oor die Libertas-projek die ronde gedoen. Die een was dat Moerdyk 'n plan uitgedink het om sy identiteit geheim te hou omdat hy gevoel het dat die netjiese en professionele gehalte van sy tekeninge herkenbaar sou wees. Volgens die stories sou hy die voorskrifte van die planne aan 'n junior assistent gegee het om te maak sodat dit nie heeltemal soos sy werk sou voorkom nie. Dit is nie bekend of daar waarheid in die storie steek nie.¹⁸⁹

Nog 'n verhaaltjie wat vertel word, is dat die die beoordelaar onder die indruk was dat die ontwerp deur 'n argitek van die kantoor van sir Herbert Baker ingestuur is. Die vermoede was gegrond op die feit dat Baker graag Kaaps-Hollandse wonings ontwerp het en dat die Libertas-projek baie was soos die projek wat Baker in 1930 in Indië afgehandel het.¹⁹⁰

Moerdyk het aangevoer dat al die argitek se styl van ontwerp en teken baie goed aan mekaar bekend was. Hy het gevoel dat die beoordelaar definitief geweet het met wie se werk hy te doen gehad het, ten spyte van die feit dat hulle nie toegelaat is om hulleself op die ontwerpe te identifiseer nie. Mevrou Moerdyk was van mening dat die beoordelaar beslis nie geweet het wie se ontwerp hy bekroon het nie. Sy het aangevoer dat as die beoordelaar geweet het wie se ontwerp hy bekroon het, waarom die lewe later vir sy keuse so suur maak? Volgens haar het die Departement van Openbare Werke Moerdyk net waar hy kon in die wiele gery. Die feit dat die Departement so Engels in karakter was, het veroorsaak dat daar by die Departement geen simpatie vir Moerdyk bestaan het nie.¹⁹¹

188 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

189 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 108.

190 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 109.

191 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

Volgens Sylva Moerdyk het teenkanting van die Nasionale Party se kant die situasie nog verder versuur. As amptelike opposisie het die Nasionale Party dit op hom geneem om alles te kritiseer wat die regering doen.¹⁹²

192

NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

HOOFSTUK III

OPRIGTING VAN DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING

A AANVANG VAN DIE BOUWERK


Op 5 Junie 1935 het Moerdyk die kontrak onderteken waarvolgens hy as toesighoudende argitek aangestel is. Die kontrak het bepaal dat die begrote bedrag die argitek, bourekenaar en werkeklers se betaling, die tuinuitleg, meubels en los goedere in die woning moes uitsluit. Die fisiese uitleg van die tuine sou deur die Departement van Openbare Werke self, maar volgens die planne van die argitek gedoen word. Die argitek moes planne vir die woning, dreinerings, watertoevoer, brandtoerusting, verhitting, elektrisiteit en beheerpunte vir dienste verskaf. Hy is duidelik daarop gewys dat die begrote bedrag onder geen omstandighede sonder die Departement se skriftelike toestemming oorskry mag word nie en dat hy in beheer van die projek geplaas is.¹

Moerdyk is deur die Departement versoek om dadelik met die finale sketsplanne te begin met die nodige veranderings soos deur hulle bespreek is. Die Departement het die voorlopige sketsplanne van die grondwerk gevra sodat hy spoedig met die werk kon begin.² Dit is duidelik dat Moerdyk nie algehele vryheid met die ontwerp van die woning gegun is nie. In 1937 is Moerdyk deur die Departement aangespreek omdat die bespreekte veranderinge aan die voorgestelde ontwerpe nie op die bouplanne verskyn het nie. Daar was duidelike aanwysings vir beter beligting, wyer stoepe en groter vertrekke. Die voorstel is gemaak dat van die deure in die ontvangsvertrekke verminder moes word omdat dit anders te veel na 'n kantoorgebou sou lyk en die huislikheid verlore sou gaan. Moerdyk is daaraan herinner dat Hertzog 'n eenvoudige ontwerp in gedagte gehad het en is aangesê om onnodige ornamentasie en spieëls in die voorportaal te verwyder. Daar is ook voorgeskryf hoe die trapreling, trappe en deure verander moes word om na die Departement se mening "very disappointing results" te vermy.³

¹ Nasionale Argief van Suid-Afrika, (hierna NASA) Pretoria. PWD 560, 2/1310 : Memorandum of Agreement, Sec. Public Works Department (hierna PWD) - G.L. Moerdyk. 1935-06-05.

² NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1935-06-05.

³ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1937-02-27.



Figuur 24: Voorstelle van Moerdyk vir die Premier se studeerkamer.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

‘n Bourekenaar, DS Mann,⁴ en ‘n strukturele ingenieur, T Strömsöe,⁵ is aangestel om met die projek te werk. Na ‘n vertraging van 63 dae is die fundamente van die woning in Februarie 1938⁶ voltooi en is ‘n tender vir die res van die gebou uitgegee. Later in dieselfde jaar het die kontrakteur, HA Nebel, met die bou van die struktuur begin.⁷

Die bouproses is aansienlik vertraag deur planne, ontwerpe en details wat nie betyds deurgegee is nie of tydens die proses verander is. Die boukontraakteur het ook gedurende die bouproses finansiële probleme ondervind wat tot verdere vertraging gelei het. Soms was daar net vyf werkers op die terrein besig⁸ en subkontrakteurs is partykeer nie betaal nie. Moerdyk se reaksie op die klagtes was dat daar geen haas met die projek was nie en daarom sou hy nie die kontrakteur aanjaag nie.⁹ Nebel het weer op sy beurt in 1939 gewaarsku dat hy as gevolg van

⁴ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Memorandum of Agreement, Sec. PWD - D. Mann, 1935-06-05.

⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1937-03-18.


⁶ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Report on delay of completion of contract, 1937-04-08.

⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁸ NASA, Pretoria .PWD 640, 2/1310: D.R. Pta.PWD - Sec. PWD, 1939-11-02.

⁹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.S. Mann - Sec. PWD, 1939-10-05.

verdragings van plan is om 'n geldelike eis teen die Departement in te stel.¹⁰ Ontwikkelinge het wel tot so 'n eis gevorder en in 1946 was die staat bereid om tot soveel as £300 te betaal om die saak afgehandel te kry.¹¹



Figuur 25: Die foto van die bouwerk aan die amper voltooide woning op 1939-09-13.

Uit: Universiteit van Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings, Gerard Moerdykversameling, *Rand Daily Mail*, 1939-09-13, n.p.

B BOUKOSTE

1. *Begrote koste*

Die bourekenaar, DS Mann, het reeds in 1937 gewaarsku dat hy nie glo dat die projek vir so 'n klein bedrag (£25 000), afgehandel kon word nie.¹² Teen Desember 1937 het die Departement van Openbare Werke die Ouditeur-generaal ingelig dat die begrote bedrag nie voldoende sou wees om die gebou te voltooi nie. Die Tesourier is versoek om addisionele fondse te bewillig. As redes vir die versoek is aangevoer dat boukoste baie skerp gestyg het en dat die

¹⁰ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G.Moerdyk, 1937-06-9; Sec. PWD - T.Strömsöe, 1937-06-30, PWD 641, 2/1310: H.A. Nebel - Sec. PWD, 1939-01-10.

¹¹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Memorandum, Pretoria Prime Minister's House, H.A. Nebel versus P.W.D, 1946-06-27.

¹² NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.S. Mann - Sec. PWD, 1937-06-22.

oorspronklike bedrag begroot was voordat die planne afgehandel was en die werklike koste bepaal kon word.¹³

2. *Kostebesparende veranderinge aan die oorspronklike wenontwerp*

In Januarie 1938 het die Sekretaris aan die Minister van Openbare Werke gerapporteer dat die nuwe kosteberaming vir die Premier se woning op £46 000 te staan gekom het. Hy het deur 'n skedule van weglatings en veranderings aan die woning 'n vermindering van die koste bewerkstellig (fig. 27). Dit het 'n groot hoeveelheid marmer en ander afwerkings ingesluit, waarsonder die woning volgens hom verbeter is.¹⁴


Waarskynlik die grootste verandering was die verlaging van die twee syvleuels van 'n dubbel- na 'n enkelverdieping. Dit sou noodwendig die uitleg van die woning radikaal verander. Dit het die weglating van die bediendeslaapkamers in die westelike vleuel (fig. 26) en die Premier se suite in die oostelike vleuel teweeggebring. Ander besparingsmaatreëls wat deur die Departement aangevra is, was die verandering van die dak na 'n plat dak met 'n borswering. Die gewels het heeltemal weggeval en die aansig van die woning is dus ingrypend gewysig.

Die marmer is in etlike vertrekke vervang. In die ingangsportaal is dit deur 'n *terrazzo*-afwerking op die vloere, dado en basis van pilare vervang. Die ingangsportaal se akoestiese pleisterwerk moes ook weggelaat word. Die hooftrap se marmer is deur wit *terrazzo* vervang en die trappe moes van Filippyse mahonie wees. Die kolomme en die vuurherdversierings in die ontvangskamer moes nou van kiamat wees. In die ontvangskamer moes die geelhoutmuurpanele, -deure en -vensters weggelaat word. Dit moes deur gewone pleisterwerk, kiamatdeure en -vensters vervang word. Oral deur die woning is marmer en duur hout deur goedkoper alternatiewe vervang, vuurherde weggelaat en die pleisterwerk baie vereenvoudig.¹⁵

¹³ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - The Controller and Auditor-General, 1937-12-15.

¹⁴ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - Minister PWD, 1938-01-15.


¹⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister's residence Pretoria, Summary of alterations and omissions, 1938.



Figuur 26: Oorspronklike ontwerp vir die eerste verdieping.

Let op die personeelhuisvesting bo by die wesvleuel wat nie gebou is nie en die omskepping van die kinderkamers en personeelkamers in gasteslaapkamers.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.



Figuur 27: Die gewysigde grondvlakontwerp vir Libertas.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

Met die weglatings en gebruik van eenvoudiger boumateriale sou die die boukoste volgens nuwe berekening op £39 000 te staan kom, wat veel minder as die voorlopige berekening van £46 000 was. Die Departement van Openbare Werke het toestemming gevra om die bedrag vir die boekjaar 1938 - 1939 aan te vra, waarna die tender vir die bou van die struktuur uitgegee sou word.¹⁶

Die veranderings en die nuwe begroting is in 1938 deur die Departement aan Moerdyk oorgedra. Terselfdertyd is 'n maandelikse vorderingsverslag van hom gevra.¹⁷

In 1938 het Hertzog die planne van die buitegeboue gesien en sy tevredenheid daarmee te kenne gegee.¹⁸ In 1938 is verdere veranderinge aan die planne aangebring toe die Departement 'n hyser vir die woning aangevra het. Dit het veranderinge aan die struktuur en die verskuiwing van deure in die gang vereis, wat in elk geval deur die Departement as verkeerd geplaas beskou is.¹⁹ Op 'n besoek aan die ampswoning is dit aan die Premier uitgewys dat probleme in verband met die verkryging van die hyser ontstaan het. Die Premier het daarop aangedring dat die hyser by die planne ingesluit word. In daardie stadium is daar ook geredekawel oor die feit dat die woning net vyf slaapkamers sou hê en oor waar die Premier se privaatsekretaris dan sou moes inwoon.²⁰

Die argitek het in 1939 voorgestel dat 'n kleinerige noordvleuel oor die kombuisvleuel, en nie op die hoofvleuel van die woning nie, die probleem van akkommodasie vir die privaatsekretaris sou oplos. Dit sou die bediendekamers in die noorde en suidweste van die woning vir die gebruik van die Premier beskikbaar stel. Volgens Cleland het Moerdyk die weglating van die hoofvleuels van die tweede verdieping as 'n verbetering beskou en wou hy dit nie weer in die planne insluit as oplossing vir die verblyfprobleem nie. Dit sou ook uitgawes laer hou. Cleland het gemeld dat die argitek by die veranderinge van die planne gehou het, soos dit deur die Departement

16 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - Minister PWD, 1938-01-15.

17 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1938-10-10.


18 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Private Secretary Prime Minister - J.S. Cleland, 1938-02-02.

19 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1938-10-27.

20 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister Private Sec. - Cilliers, 1938-09-02.

gespesifiseer was (fig.28), behalwe in gevalle waar die weglatings geen kosteverskil gemaak het nie, soos die plafonne van die eetkamer en die ontvangskamer.²¹

'n Voorstel vir die akkommodasie van die Premier se privaatsekretaris was dat 'n nabygeleë bestaande woning in twee verdeel word met afsonderlike ingange. Die voorste gedeelte kon vir die privaatsekretaris en die agterste gedeelte vir die chauffeur dien.²² Dit is waarskynlik die huis waarin die kok en hoof van die huishouding tans woon.



Figuur 28: Die ontwerp vir die eerste verdieping van Libertas.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

²¹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: J.S. Cleland - Sect. PWD, 1939-08-29.


²² NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - J. Jooste, 1939-05-24.

C STADIGE VORDERING MET DIE BOUWERK

Teen 1939 was die klagtes oor die stadige vordering met die bouwerk volop. Moerdyk het aangevoer dat Nebel finansiële probleme ondervind het en dit moeilik gevind het om materiaal aan te koop.²³ In November 1939 het die amptenaar van die Departement van Openbare Werke wat met die woning belas was, gekla dat baie min werkers op die terrein aanwesig was. Volgens hom was die loodgieter twee weke nie daar nie en het die materiaal vir die inrig van die badkamersuites nog nie opgedaag nie. Die inrigting van die kombuis het toe al vir maande stilgestaan, geen teëlwerk is gedoen nie en slegs een persoon was met die waterdigting van die dak besig. Weens die feit dat daar in daardie stadium net twee skrynwerkers en vier pleisteraars op die perseel besig was, het hy verwag dat die projek nog maande sou neem om af te handel.²⁴


In Mei 1940 het die Sekretaris van Openbare Werke na die voltooiingsdatum van die woning verneem. Hy is meegedeel dat as gevolg van die stadige pas van die kontrakteur die woning nie voor Oktober 1940 voltooi sou wees nie. As tydelike toerusting in die kombuis gebruik sou word, kon dié datum moontlik 'n maand vorentoe geskuif word.²⁵ Die werk is wel in Augustus 1940 voltooi,²⁶ maar dit het nie lank geduur nie voordat klagtes oor die bouwerk ontvang is.

²³ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.R. Pta.PWD - Sec. PWD, 1939-11-02.
²⁴ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: F. Whittaker - D.R. PWD, 1939-11-27.
²⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.R. Pta. PWD - Sec. PWD, 1940-06-06.
²⁶ R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Figuur 29: Die fondament van Libertas in wording.

Uit: P. Hardegen, *Our building heritage*, (Halfway House, 1988) n.p.



Figuur 30: Die keermure van Libertas in aanbou.

Uit: P. Hardegen, *Our building heritage*, (Halfway House, 1988) n.p.

D KLAGTES OOR DIE GEHALTE VAN DIE BOUWERK

In November 1940 is gemeld dat die noordelike vensters, 'n aantal deure, asook die dak op verskeie plekke, onder andere in die biblioteek, gelek het. Die argitek is daarvan in kennis gestel en herstelwerk is gedoen, maar dit het steeds gelek.²⁷ As gevolg van die lekplekke is 'n gedeelte van die vloer herlê, maar die gevoel was dat die kombuisvloer nie ook van hout moes gewees het nie.²⁸

In Desember 1940 het 'n reënstorm die woning getref en 'n lys van klagtes oor die verblyfplek het van die opsigter, E Bennington, gekom. Al die deure en vensters aan die suidekant het so gelek dat emmers water opgevee is. Van die gordyne was ook sopnat en die plafonne in twee vertrekke het deurgeloop. Onaangename reuke het van twee badkamers gekom en probleme is met die werking van die sanitasiestelsel ondervind. Drie van die hoofdeure het nog nie deurslotte gehad nie. Bennington het gemeld dat die probleme reeds onder die argitek se aandag gebring is, maar dat die woning onder die omstandighede nie vir gebruik gereed is nie.²⁹

Die Sekretaris van Openbare Werke was van mening dat dit teleurstellend is dat so 'n groot bedrag geld op die woning bestee is en dit dan in so 'n swak toestand is. Hy het sy vrees te kenne gegee dat as daar nie dringend iets gedoen word nie, dit 'n skandaal tot gevolg sou hê.³⁰

Die koste verbonde aan die bou van die woning het drasties toegeneem en in 1941 het die Departement gespekuleer of hy gevra gaan word of hy hoegenaamd enige beheer oor die proses gehad het. Die Departement het aangevoer dat die kontrak met die argitek gestipuleer het dat die argitek in volle beheer van die bouproses was, en sou verseker dat die produk nie sy naam oneer aandoen as gevolg van 'n klein begroting nie. As gevolg van die veranderinge wat aan die planne aangebring was, was dit vir die bourekenaar nodig om al die uitgawes later te heroorweeg. In daardie stadium was die gebou byna voltooi. Die Departement het derhalwe eers baie laat die volle kosteberekening ontvang.³¹

²⁷ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D.R. Pta. PWD – Sec. PWD, 1940-11-12.

²⁸ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D.Roux - Sec. PWD, 1941-04-17.

²⁹ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: E. Bennington - District Representative PWD, 1940-12-11.

³⁰ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: E. Bennington - J.S. Cleland, 1940-12-21.

³¹ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D. Roux - Sec. PWD, 1941-03-21.

Die Departement van Openbare Werke is oor die vingers getik oor sy hantering van die saak. Die Sekretaris van Finansies, JE Holloway, het aangevoer dat die Departement van Openbare Werke die finansiële prosedures van die staat heeltemal verontagsaam het. Hy het sy sterkste afkeur uitgespreek oor die manier waarop die Departement opgetree het en die gevolglike spandabelrigheid.³²

Die sesde verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge het kritiek uitgespreek op die onderskatting van die koste verbonde aan die bou van die woning en die daaropvolgende bewilliging van fondse aan ander afdelings om die werk te voltooi. Erger was die feit dat die Departement die Parlement mislei het deur koste te verdeel en onder ander finansiële hoofde te versteek.³³ Teen die voltooiingsdatum het die woning die staat £68 000 uit die sak gejaag.³⁴ In 1994 is die waarde van die woning op nege miljoen rand geraam.³⁵

Die woning was nou gereed om deur die premier van die dag, genl JC Smuts, bewoon te word maar hy sou sy eie woonhuis op Irene verkies. Die nuwe ampswoning van die Eerste Minister sou tydens die Smuts-bewind as gastehuis deur die staat gebruik word.

32 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: J.E. Holloway - Sec. PWD, 1941-04-28.

33 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310 / 2843: Sec. PWD - Chief Clerk, 1942-11-12.

34 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

35 Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262 , Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

HOOFSTUK IV

DIE VOLTOOIDE WONING TEEN 1940

A DIE WONING TEEN 1940

Dit is duidelik dat die eerste-ministerswoning in 1940 heelwat verskil het van die oorspronklike planne wat Moerdyk opgestel het. Hoewel die Departement van Openbare Werke aangevoer het dat Moerdyk ten volle in beheer van die projek gestaan het, is baie veranderinge en aanwysings op aanbeveling van die Departement gemaak, sodat die finale produk eerder as 'n samevoeging van idees beskou kan word.¹

1. *Die woning van buite*

Die woning wat uiteindelik tot stand gekom het, was 'n Kaapse neo-Georgiaanse dubbelverdiepingdorpshuis (fig. 31). Die Hollandse styl is verteenwoordig in die lae kothuisruite, die krullyste aan die sentrale erker en die hoofpawiljoendak wat volgens die vyf-erkerstelsel verdeel is; elemente van die styl wat in die negentiende eeu aan die Kaap gewild was.²

Die dubbelverdiepinggebou se deure en vensters is simmetries aan die kante van die hoofingang geplaas met 'n daklyn wat geleidelik van die kerngebou aftrap tot 'n eenverdiepingdak met borswering wat die plat sinkdakke versteek. Die kroonlyns in die pleistering beklemtoon die borswering aan die bokant van die woning. Die pleistering herinner sterk aan die groot stadshuise in Kaapstad. Houtskuifraamvensters met luike wat die onderste gedeelte van die venster bedek, versterk verder die ou Kaapse karakter. Die buitedeure het houtraamboligte met klein ruitjies bokant die deure. Omdat die terrein van die woning van oos na wes 'n effense helling het, het Moerdyk die hele woning op 'n voetstuk van gekapte klip geplaas.³

¹ Universiteit van Pretoria (hierna UP), Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 1, 2.

² R. Simpson, *Libertas*, n. p.

³ M. Naudé, *Libertashuis en tuine*, *Arcadian*, 1992-10, p. 7.



Figuur 31: Die voltooide ampswoning in 1944.

Uit: *Architect and building News*, 1944-08-18, p. 99.

Die ingang is deur 'n voorportaal met gange wat na oos en wes daaruit loop. Van die portaal word toegang tot die hoofontvangsvertrek in die middel met die eetkamer links daarvan en die woonkamer regs daarvan verkry. Die grondvlak is in 'n oostelike en westelike vleuel verdeel. Die kombuis, spense en eetkamers is aan die westekant en die sitkamers, musiekkamer, kantore en studeerkamer aan die oostekant. Op beide vloere loop die sentrale gang oos-wes. Die grondvlak is hoofsaaklik vir amptelike gebruik en die boonste verdieping vir private gebruik bedoel.⁴ Die totale vloeroppervlakte is ongeveer tweeduisend tweehonderd vierkante meter.⁵

2. *Ligging van die woning*

Die ligging van die woning is van so 'n aard dat die beste gebruik gemaak is van die seisoenale veranderinge wat so getrou aan Pretoria is. Dit is duidelik dat hoewel die woning in die formele sin van die woord suid gewys het, elke belangrike vertrek aan die noordekant is. Die eetkamer, ontvangskamer, Premier se slaapkamer en private stoepe is almal aan die noordekant. In die

⁴ M. Naudé, Libertashuis en tuine, *Arcadian*, 1992-10, pp. 7-8.

⁵ Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

somer sou die vertrekke slegs vroeg in die oggend son ontvang en vir die res van die dag koel bly. In die wintermaande sou die noordelike vertrekke heerlik deur die son verhit word (fig. 32).⁶



Figuur 32: Die noordelike aansig van die woning.

Foto: X.Barnard, 1999.

3. *Die voltooide woning*

In 1940 het die Departement van Openbare Werke in samewerking met Moerdyk 'n verklaring uitgereik hoe die woning en ameubelement na voltooiing gelyk het.⁷

Baie vroeg in die bouproses het die Departement begin om meubels en ander voorwerpe vir die woning aan te skaf. Dit was in die meeste gevalle waardevolle antieke stukke uit die Kaaps-Hollandse tydperk.⁸

⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 5-6.

⁷ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 1-2.

⁸ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 6-7.

Baie tyd en aandag is aan die afwerking van die woning bestee sodat geen opvallend lelike afwykings van die Kaaps-Hollandse boustyl sou bestaan nie. In die ontvangsvertrekke is eksklusief van Suid-Afrikaanse hout gebruik gemaak. Elkeen van die vertrekke het 'n vloer van 'n spesifieke hout en die boligte van al die glaspaneeldeure is in formele ontwerpe van aalwyne en ander Suid-Afrikaanse blomme gekerf.⁹ Die boligte is in die ateljee van Anton van Wouw ontwerp en gemaak deur Italiaanse vakmanne wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog naby Cullinan in 'n krygsgevangenskap aangehou is (fig.33). Die blokkieshoutvloere is ook deur dieselfde vakmanne gemaak.¹⁰ Moerdyk was tydens sy studie van die Kaaps-Hollandse boustyl deur die houtwerk van die Kasteel in die Kaap beïndruk¹¹ en dit het 'n duidelike invloed op sy ontwerp van die eerste-ministerswoning gehad.



Figuur 33: Die boligte wat inheemse blomme uitbeeld.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁹ UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

¹⁰ Mondelinge mededelings: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14; V. Giacchetti, voormalige Italiaanse krygsgevangene, Shongweni 201, Schreuderstraat, Groenkloof, 0181, Pretoria, 1999-04-26.

¹¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*,. s.a.

a. *Ingangsportaal*

Die ingangsportaal bepaal met die intrapslag die elegante atmosfeer van die woning. Die marmervloere is van plaaslike marmer van Marble Hall in Mpumalanga. Die marmer in 'n lieflike goue kleur met die aartjies in grys en wit, is vergelykbaar met enige oorsese produk. Die trapreling is van goudgeverfde smeedyster. In die dak is 'n ronde opening na die galery op die tweede verdieping.¹²



Figuur 34: Een van twee Karel XI-stoele in die voorportaal.

Foto: X. Barnard, 1999.

12

R. Simpson, *Libertas*, n. p.

Die vertrek het gespog met 'n paar besondere meubelstukke. In die regterhandse hoek is 'n oorspronklike Karel XI eikestoel geplaas wat teen £22 gekoop is (fig. 34),¹³ met 'n damaskoortreksel. In die hoek regoor was 'n plaaslik vervaardige kopie van dié stoel.¹⁴ Die kopie was van beukehout. Die stoele het rottangrugstukke en Rococo-houtsneewerk met 'n skulpmotief.¹⁵

Daar is ook 'n pragtige Kaaps-Hollandse armoire van stinkhout met panele van balatahout en silwerpasstukke. Die bekende Kaapse silwersmid Daniel Heinrich Schmidt (1779-1811) het die silwerpasstukke aan die deure en laaie gemaak en sy monogram "DHS" is duidelik op die silwerbeslag leesbaar. Die houtsneewerk van 'n vrou se profiel op die basis van die kas is 'n interessante kenmerk.¹⁶ Mevrouw Vorster het geglo dat dit die profiel van die eerste eienares van die kas is. ¹⁷Schmidt se kenmerkende roosmotief is oral op sy silwerwerk te sien. Die kroonstuk bo-op die kas bestaan uit 'n klein gerub omring deur 'n krans van druiwe. Die druiwetrosse rank af na beide kante van die kroonstuk.¹⁸

Die kas is teen £175 van mev James Donald van Broadview, Elandspoort, in Klerksdorp, gekoop. Dit het oorspronklik aan haar moeder, mev Beyers, van Stellenbosch behoort. Rhodes, wat dit waarskynlik vir Grootte Schuur wou bekom, het mev Beyers na bewering een keer vyfhonderd pond daarvoor aangebied, maar sy het dit om sentimentele redes van die hand gewys.¹⁹

'n Antieke houtkis met koperpasstukke is op 15 Junie 1936 teen £120 van Evans & Company, Kaapstad aangekoop en in die vertrek geplaas.²⁰ In die openinge weerskante van die trappe was seldsame voorbeelde van Chinese keramiek.²¹ Op die voorgrond was 'n stinkhouttafel met 'n blad van ertsdraende kwarts, gepoleer om soos marmer te lyk. Dit is in 1936 deur die goudprodusentekomitee van die Transvaalse Kamer van Mynwese aan die woning geskenk. 'n

¹³ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

¹⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09. p. 13.

¹⁵ R.Simpson, *Libertas*, n. p.

¹⁶ R.Simpson, *Libertas*, n. p.

¹⁷ Libertaslêer, Libertas. V. Allen, *Libertas and its treasures*, *Pretoria News*, 1971-11-12. n.p.

¹⁸ Libertaslêer, Libertas. 'n tuiste vir waardevolle Africana, s.a.

¹⁹ NASA, Pretoria, A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

²⁰ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

²¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09. p. 13.

Soortgelyke tafel is deur dié komitee aan Suid-Afrika-huis in Londen geskenk.²² In 1948 is nog een van dié tafeltjies deur mev MT Steyn as 'n geskenk aan koningin Wilhelmina vir haar jubileumvieringe na Nederland geneem.²³ Dié tafel is deur die Departement ontwerp en deur RH Moon van Johannesburg gemaak.²⁴ 'n Beeldhouwerk van JBM Hertzog deur Anton van Wouw, vriend van Moerdyk, is op die tafel geplaas.²⁵ Dit is van Evans & Company aangekoop teen ongeveer £34.

Anton van Wouw (1862-1945) was van Hollandse afkoms. Hy is in Driebergen, Nederland, gebore en het deelyds tekenkuns aan die Rotterdamse Akademie bestudeer. Hy het eers later in beeldhoukuns begin belangstel. Hy kom in 1900 na Pretoria waar hy bedags by 'n wapensmid werk. Saans na werk het hy klas in teken- en skilderkuns gegee. Sammy Marks het hom in 1896 opdrag gegee om 'n standbeeld van Paul Kruger te maak en dit het tot verdere opdragte gelei. Hy het in 1908 na Johannesburg verhuis, maar in 1938 na Pretoria teruggekeer. In 1937 het hy die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning vir beeldhouwerk ontvang en die Universiteit van Pretoria het 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.²⁶

'n Baie interessante voorwerp in die voorportaal was 'n inkstander (fig. 35). Dié inkstander is op 29 Januarie 1937 deur die destydse eerste minister, Hertzog, aan die woning geskenk. Dit is vervaardig uit dele van twee telefone wat deur president Kruger en lede van die Volksraad van die Transvaalse Republiek gebruik is. Die telefone is tydens die ampstyd van dr WJ Leyds, Staatssekretaris van die Transvaalse regering (1884-1901), aan die President en die Raad geskenk. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1898-1902) was 'n aansienlike aantal Britse soldate in Pretoria gestasioneer en was dit noodsaaklik om die telefoondienste uit te brei. In die proses is met die unieke instrumente weggedoen. Van die instrumente is uitmekaar gehaal om as aandenkings te dien. Van die oorspronklike dertien instrumente het minstens drie behoue gebly. Twee is na Engeland geneem en het vir meer as dertig jaar vergete gebly. Toe die eienaars van

22 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

23 *Pretoria News*: Onderskrif by foto, 1948-09-20, p. 1.

24 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

25 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 13.

26 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

die telefone die waarde daarvan beseft het, is dit na Suid-Afrika teruggestuur. Die instrumente is aangepas om as inkstander diens te doen en aan Hertzog geskenk.²⁷



Figuur 35: Die inkstander.

Foto: X. Barnard, 1999.

'n Beeldhouwerk van C Verrain, 'n swart luiperd in marmer, is ook in die vertrek uitgestal.²⁸ Waar nog 'n geskenk van Hertzog aan die woning, 'n beeldhouwerk van twee voëls in goud en silwer geplaas is, is onseker (fig. 36).²⁹

²⁷ NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p.2.

²⁸ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

²⁹ Libertaslêer, *Libertas*. V. Allen, *Libertas and its treasures*, *Pretoria News*, 1971-11-12. n.p.



Figuur 36: Die geskenk van generaal JBM Hertzog en 'n skildery deur F. Oerder.

Foto: X. Barnard, 1999.

b. Hoofontvangsvertrek

Drie glasdeure lei van die voorportaal na die hoofontvangsvertrek. Die vertrek word in die tradisionele Kaaps-Hollandse styl die voorkamer genoem. Die glasdeure is ryklik versier met koperslotte waarop die letters 'PM' en 'EM' (Prime Minister, Eerste Minister) voorkom (fig.37). Die boligte is met houtsneewerk van Suid-Afrikaanse plante versier (fig.33).³⁰

30

R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Figuur 37: Die koperdeurhandvatsels.

Die deurhandvatsels met die voltooiingsdatum van die woning en die letters EM en PM daarop gegraveer.

Foto: X. Barnard, 1999.

Daar word vertel dat die glasdeure na die voorportaal deel van 'n stel vorm. Die ander deure van die stel is deur Rhodes in Grootte Schuur geplaas. Die drie in Libertas is deur die Rhodes-trustees as 'n gebaar van erkentlikheid aan Smuts en die mense van Suid-Afrika vir hulle bydrae tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) geskenk.³¹ Daar kon nie bo alle twyfel vasgestel word of dit wel die geval was nie.

Die hoofontvangslokaal is 'n ruim vertrek, wat in die Renaissance-styl gemeubileer maar tog Suid-Afrikaans in karakter is. Die mees uitstaande kenmerk van dié lokaal is die plafon van Suid-Afrikaanse kìaat.³² Moerdyk het simbolies van die plafon as 'n brandsolder gebruik gemaak.³³ Tydens sy studie van die Kaaps-Hollandse boustyl het die gebruik van die brandsolder hom opgeval en skryf hy dat 'n baie bekende voorbeeld van so 'n brandsolder in Groot Constantia te vinde was.³⁴ Die plafon het plooi-panele van soliede kìaatbalke en die versierde panele het 'n warm gevoel in die vertrek geskep. 'n Bo- en onderdeur van soliede Burmese kìaat

³¹ Skriftelike mededeling: F.Erasmus, Nasionale Monumenteraad, Johannesburg. 1999-04-13.

³² UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Departement PWD -G. Moerdyk, 1940-12-09, p. 13.

³³ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

³⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*. s.a.

en wat 1,3 meter wyd is, lei na die noordelike stoep. Omdat kiaat so mildelik hier gebruik is, het die vertrek later as die kiaatkamer bekend gestaan (fig. 38).³⁵

Daar was twee vuurmaakplekke aan weerskante van die kamer wat met kiaat en teëls met simboliese rotstekeninge uitgevoer was. Die ontwerp van die kiaatblokvloer het die plafonontwerp weerspieël. In 1940 was die kleurskema 'n ryk rooi en room. Die noordelike vensters was behang met gordyne van diep rooi gevoer met room.³⁶ Die kothuisvensters waarvan die boonste rame horisontaal draai met skuiframe onder, is 'n treffende kenmerk van die vertrek. Dit is 'n ontwerp wat nader aan die Kaaps-Hollandse as die Georgiïanise styl is.³⁷



Figuur 38: Die kiaatkamer in 1944.

Uit: *Die Brandwag*, 1944-09-29, p. 15.

'n Mat, wat spesiaal vir die vertrek ontwerp is, was in die proses van vervaardiging. Die ontwerp het bestaan uit die wapen van die destydse Unie van Suid-Afrika en die wapens van die toenmalige vier hoofstede van Suid-Afrika. Die meubels het twee pragtige oud-Hollandse

³⁵ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

³⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G.Moerdyk, 1940-12-09, p. 14.

³⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

kabinette ingesluit.³⁸ 'n Antieke staanhorlosie, gekoop van Evans & Company vir meer as £117, is ook in die vertrek geplaas (fig. 39).³⁹ Die horlosie is tussen 1765 en 1775 deur die Hollandse klokmaker JP Kroese gemaak. Hy het 'n winkel in Kalverstraat, Amsterdam, besit. Die klok het kwartfineersel en dui sowel die tyd as die dae van die week en die fases van die maan aan. Reproduksies van 18-eeuse koperkandelare is aan die plafon gehang.⁴⁰



Figuur 39: Een van die staanhorlosies saam met die inlegwerkstoel.

Foto: X. Barnard, 1999.

38 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 14.

39 NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 6.

40 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

Op 7 Mei 1937 is Maggie Laubser (1886-1973) se werk *Bantoemeisie* deur die staat vir *Libertas* aangekoop.⁴¹ Maggie Laubser is in 1886 op Malmesbury, Kaapprovinsie, gebore. Sy het aan die Slade School, Londen, onder McEvoy en Wilson Steer gestudeer. Na 'n studietydperk van tien jaar in Engeland, Italië en Duitsland keer sy in 1924 na Suid-Afrika terug. Sy was een van Suid-Afrika se pionier 'moderne' skilders met haar kragtige maar naïewe styl uitgevoer in kinderlike eenvoud.⁴² Laubser kon die individuele persoonlikheid en gemoedstoestand van elke model deur middel van kragtige en positiewe kwashale, vorm en kleur uitbeeld.⁴³

c. Eetkamer

In 1937 bied die Goewerneur van Uganda, HE Mitchell, aan Hertzog hout uit Uganda aan om vir die vervaardiging van eetkamermeubels vir die nuwe Premierswoning gebruik te word.⁴⁴ Die mvulihout is aanvaar en die skrynwerkers van die Departement van Openbare Werke het al die eetkamermeubels daarvan vervaardig.⁴⁵ Die eetkamermeubels wat gemaak is, is tafels en stoele in die Regency- en Queen Anne-styl.⁴⁶ Die oorspronklike planne van die eetkamermeubels word in *Libertas* bewaar.

Die eetkamer, langs die hoofontvangskamer, loop deur groot houtdeure uit op die noordelike stoep. In 1940 het die wit koordfluweelgordyne in die vertrek bygedra tot die formele atmosfeer van die kleinerige eetkamer. In die eetkamer het twee skilderye deur JH Pierneef, een van die Karoo en van die Alkmaarvallei, gehang.⁴⁷ Die skilderye is spesifiek vir die woning direk van die kunstenaar teen £85 elk aangekoop.⁴⁸

-
- 41 Libertaslêer. Privaatsekretaresse vir Mev. B. J. Vorster – Mev. E. Delmont, Departement Kunsgeskiedenis, Randse Afrikaanse Universiteit, 1973-08-13.
- 42 Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.
- 43 R. Simpson, *Libertas*, n. p.
- 44 NASA, Pretoria. EM 4/2 152: Sec. PWD - Secretary for External Affairs, 1937-07-28.
- 45 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 5.
- 46 R. Simpson, *Libertas*, n. p.
- 47 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 9.
- 48 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 6.

Jacob Hendrik Pierneef (1877 -1951) is in Pretoria gebore, maar met die val van Pretoria tydens die Anglo-Boereoorlog, het sy ouers na Holland gegaan.⁴⁹ Hier het hy sy eerste kunsonderrig aan die Rotterdamse Akademie ontvang. Na sy terugkeer na Suid-Afrika studeer hy onder FD Oerder, en hou sy eerste uitstalling in 1913. Pierneef het, anders as Oerder se ander studente, hom nie bloot nagevolg nie, maar die beginsels van gekonsentreerde waarneming gebruik om sy eie oorspronklike styl te skep. Pierneef het geen tekort aan steun gehad nie en is vroeg reeds erken as die voorste vertolker van die Suid-Afrikaanse landskap. Die twee landskappe in *Libertas* is geskilder in wat beskryf word as sy tydperk van konsolidasie en herhaling.⁵⁰ Hy was moontlik die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om stylvorme soos kubisme en abstraksie in sy kuns toe te pas.⁵¹

d. Sitkamer

Die opvallendste kenmerk van die sitkamer is die agtkantige plafonpaneel met die ingelate ligte. Die muurversiering was baie eenvoudig en soos die eetkamer loop die vertrek op die groot noordelike stoep uit. Die vensters was behang met seegroen tafsy. Aan die oostelike muur is 'n antieke Brusselse tapisserie uit die sestende eeu gehang. Dit het die jag op 'n eenhoring uitgebeeld. Dit is 'n tipiese uitbeelding van Christelike mitologie verweef met romantiese landskappe. In 'n oop grasveld begrens deur bome en waterplante is diere en die eenhoring wat gejag word. In die agtergrond op 'n heuwel is 'n kasteel en in die voorgrond 'n meer liriese prentjie van rustig weiende hase en patryse. Die uitbeelding van die plante toon, net soos die diere, 'n liefde vir detail in ontwerp en uitvoering. Die randpatroon bestaan uit allegoriese uitbeeldings van vroue, vrugte, blare en blomme. Die ontwerp van die tapisserie het getoon dat België die land van oorsprong was. In die hoofstad Brussel, was die vervaardiging van muurbehangsels van dié aard gedurende die Renaissance aan die orde van die dag. Die weefmerk in die onderste rand wat bestaan uit 'n groot Romeinse A en 'n vis kan waarskynlik die voorletters van die wewer wees. Dit is egter onseker of die werk gekom het van die bekende Van Aelst-familie of van een van die meesters wat 'n vis as teken gebruik het. In 1921 het

⁴⁹ Libertaslêer, *Libertas*. . Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

⁵⁰ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

⁵¹ Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

professor E Haenel, Direkteur van die Historiese Museum in Dresden, Duitsland bevind dat die tapisserie baie goed bewaar gebly het en dat die kleure goed gebalanseerd was.⁵²

Die meubels het 'n stel egte Chippendale-stoele en 'n stel stoele met los oortreksels ingesluit wat van 'n ou Adam-ontwerp gekopieer is. Twee uitstaande meubelstukke word in die vertrek aangetref.⁵³ Die eerste is die 18-eeuse skryftafel van okkerneuthout met inlegwerk en wat in Holland gemaak is en langs die klavier staan. Die ander een is die knoetsokkerneutfineersel-buro met koperhandvatsels en geheime laaitjies. Dit is in 1751 deur Michael Donk van Amsterdam gemaak.⁵⁴

Teen die westelike muur is 'n skildery deur Gwelo Goodman van die ou Kaaps-Hollandse woning ⁵⁵ *Stellenberg*. Die kunswerk is vir £140 uit die boedel van sir Hugh Levick, Burleigh House, Kenilworth, Kaapstad gekoop.⁵⁶

Goodman (1871-1939) is in Engeland gebore en het in 1886 na Suid-Afrika gekom waar hy kunslesse by John Morland geneem het. In 1895 vertrek hy na Parys.⁵⁷ By die Academie Julian studeer hy onder Bougureau, Constant Bachet en Gabriel Ferrier.⁵⁸ In 1900 keer hy na Suid-Afrika terug, waar hy tonele uit die Anglo-Boereoorlog skets. Hy hou sy eerste tentoonstelling in Kaapstad en vertrek in 1915 weer na Engeland. Na sy terugkeer na Suid-Afrika werk hy in Kaapstad, Johannesburg en Durban. Die Kurator van die Pretoriase Kunsmuseum beskryf in 1969 sy styl as essensieel akademies van aard. Sy werk is gegrond op groot tegniese kennis sonder intellektuele diepte.⁵⁹

52 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

53 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 15.

54 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

55 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 15.

56 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 3.

57 Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

58 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

59 Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

Berman beskryf sy werk as 'n "voortreflike uitbreiding van die romantiese akademiese tradisie." Die wisselwerking van lig en skaduwee op die woning word deur Goodman se tipiese intense palet verkry.⁶⁰

e. Môrekamer

Die môrekamer is informeel ingerig met etlike meubelstukke in die Chippendale-styl. Die meubels het 'n mahonie-reproduksie van 'n porseleinvertoonkas in die Chinese Chippendale-styl ingesluit. Die porselein in die vertoonkas is beskryf as: "a cheap lot from a dealer for space filling." Dit het Dresden- en Staffordshire-vase, Chinese borde en Coalport-borde gedateer 1750, ingesluit.⁶¹

'n Tafeltjie in die Hollandse ontwerp uit die Lodewyk XVI-tydperk met inlegwerk, is ook in die vertrek. 'n Baie interessante tafeltjie is die plaaslik vervaardigde kaarttafel wat 'n kopie is van 'n William-en-Mary-stuk uit die Victoria-en-Albert-museum. Wanneer dit oopgemaak word, beeld dit 'n ontwerp van speelkaarte en ander voorwerpe uit. Die gordyne was Engelse handgeverfde linne en die mure is behang met agtiende eeuse spieëls en blomstudies deur Terence McCaw (1913-1978).⁶²

Terence McCaw is in 1913 op Pelgrimsrus gebore. Hy het aan die Witwatersrandse Tegnieuse Kollege onder Sydney Carter en Emily Fern en aan die Central School of Art in Londen gestudeer. Van 1940 tot 1943 was hy oorlogskunstenaar in Egipte en Italië. Hy het graag landskappe in die Kaap en Basoetoland (nou Lesotho) geskilder. As lid van die Nuwe Groep het hy 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van ons skilderkuns gelewer - veral in die dertigerjare.⁶³

f. Eerste Minister se studeerkamer

Oorkant die môrekamer was die Premier se studeerkamer. In 1937 skenk die Nederlandse gevolmagtige minister, dr HA Lorentz, 'n vuurplaat aan Hertzog. Die vuurplaat, met die datum

⁶⁰ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

⁶¹ NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 10.

⁶² UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 10.

⁶³ *Libertas*lêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

1663 daarop, was bestem vir die vuurherd in die Premier se studeerkamer. Dit is van gietyster en die Bybelse toneel van die bruilof by Kanaän word daarop uitgebeeld. Dit was eers gebruik in die kasteel van die landgoed Schaffelaer, die familiesetel van mev Lorentz. Moerdyk het die vuurplaat as as hoogs waardevol en interessant beskou. Die vuurplaat sou by die kaggel gebruik word wat baie sou uitsien soos die een in die beroemde ou Kaaps-Hollandse woning Meerlust. Dit sou 'n marmerraam gehad het, met stinkhoutdeure wat die vuurmaakplek afsluit as dit nie gebruik word nie.⁶⁴ As gevolg van kostebesparings is die kaggel egter weggelaat.⁶⁵

Die meubels was in 'n ryk rooi leer oorgetrek en die tafel van stinkhout gemaak. 'n Bronsplaar van president Kruger,⁶⁶ deur AWB Petersen⁶⁷ en 'n Amschwitz-kunswerk het die mure versier.⁶⁸

John Henry Amschwitz (1882-1942) is in Ramsgate, Engeland, gebore en sy talent het tot 'n beurs gelei om aan die Royal Academy te studeer. Hy het etlike opdragte van veral muurskilderinge soos dié van die stadsaal, Liverpool, en die koninklike beurs, Londen, ontvang. In 1916 toer hy deur Suid-Afrika as deel van 'n dramagroep en bly vir ses jaar in Suid-Afrika. Hier word hy raadgewer en kritikus vir kunstenaars. Teen 1922 keer hy na Engeland terug en kom eers teen 1936 weer na Suid-Afrika toe.⁶⁹

Vandag is die neiging om Amschwitz tot 'n vergete fase van die Suid-Afrikaanse kuns te relegier. Hoewel sy kuns geensins 'n plaaslike gees uitgebeeld het nie, het Amschwitz baie tot die ontwikkeling van plaaslike kunstenaarsaktiwiteite bygedra. In 'n tydperk toe amateurs hoogty gevier het, het hy deur sy vaardigheid en professionaliteit uitgemunt.⁷⁰

⁶⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

⁶⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister's residence Pretoria, Summary of alterations and omissions, 1938.

⁶⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

⁶⁷ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 10.

⁶⁸ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 10.

⁶⁹ E. Berman, *Art and Artists of South Africa*, pp. 34-36.

⁷⁰ E. Berman, *Art and Artists of South Africa*, pp. 34-36.

g. Ontbytvertrek

Die klein informele ontbytvertrek het 'n interessante deur gehad. Dit was van die staldeurtipe wat 'n groot venster gehad het wat boontoe geskuif het en die onderste gedeelte was 'n deur wat na binne oopgeswaai het.⁷¹

Die meubels in die private ontbytvertrek is soos die eetkamertafels ook deur die Departement van Openbare Werke van die mvulihout uit Uganda vervaardig.⁷²

h. Galery

Die trap gee toegang tot 'n galery op die boonste verdieping. Die matte in die gange was 'n vrolike wit en rooi. Langs die mure is 'n aantal antieke kiste geplaas. Ander meubels het 'n ou Chinese konfoor wat bykans 'n honderd jaar tevore uit Nederland ingevoer is, 'n kis wat minstens 400 jaar oud was en 'n kas uit die Kasteel in die Kaap ingesluit.⁷³

In 1935 het sir Herbert Baker 'n sewentiende eeuse Kaaps-Hollandse Barok-stinkhoutkas⁷⁴ aan die Eerste Minister vir die Premierswoning geskenk. Daarmee saam het hy 'n jagterstoel vir Groote Schuur oorhandig.⁷⁵ Hierdie kas het saam met nog 'n Kaap-Hollandse kas in die galery gestaan.

Op daardie tyd is die mening uitgespreek dat die galery na 'n mors van ruimte gelyk het. Dit is egter met 'n spesifieke doel ontwerp. Die galery moes gebruik word om die inwoners se huldeblyke, geskenke en aandenkings uit te stal. Met verloop van tyd sou die galery dus tot die geskiedkundigheid van die woning bygedra het.⁷⁶

⁷¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11, 16.

⁷² NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 12.

⁷³ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11, 16.

⁷⁴ R.Simpson, *Libertas*, n.p.

⁷⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 152: Sec. PWD - Secretary to the Prime Minister, 1935-06-18.

⁷⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 11.

i. Slaapkamers

Uit die galery is toegang tot die slaapkamers verkry. Die slaapkamers, almal op die boonste verdieping, is gerangskik in selfonderhoudende eenhede, elk in sy eie kleurskema. Die eenhede bestaan uit een dubbelkamer, drie enkelkamers, aantrekkamers en badkamers. Die twee suites het elkeen sy eie ingangsportaal. Die meubels was alles in die Kaaps-Hollandse styl. Die hoofsuite se badkamer is donkerblou geteël. Die aangrensende suite het groen teëls. Daar is op 'n ongewone kleurskakering vir die ander suite besluit. Die badkamer het Persiese rooi teëls met kurkvloere gehad. Dit het 'n warm gerieflike atmosfeer geskep.⁷⁷

j. Dienstevleuel

Baie moeite is gedoen sodat die dienste-afdeling van die woning nie die inwoners deur klanke of reuke steur nie. Dié afdeling is in die westelike vleuel rondom 'n oop vierkant gerangskik. Die binnemure was met wit geglasuurde teëls uitgevoer en die toerusting was van die modernste.⁷⁸

Die kelderkamers was 'n deel van die planne aan die westelike kant (fig. 40). Op planne van 1936-25-01 het Moerdyk in die kelder 'n wynkelder en 'n ketelkamer met afdelings vir die berging van hout en steenkool geplaas.⁷⁹ Dit is die kelderkamers wat later in veilige vertrekke vir die inwoners van die woning verander is. 'n Kluisdeur is in die deur van die wynkelder ingebou asook 'n klein kluisdeur vir uitgang na die stoep buite die woning. Daar is kleiner vertrekke in die vroeëre wynkelder ingebou en plek is vir 'n toekomstige toilet ingeruim. Wanneer die veranderinge aangebring is, is nie duidelik nie, maar die kelder was teen 2000 so ingerig.⁸⁰

Volgens die kontroleur van die huishouding uit die tyd van die De Klerks, F Ferreira, moes die huishoudingpersoneel gereeld seker maak dat daar vars water en mediese voorrade in die


77 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 12.

78 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11-12.

79 Argiewe van die Stadsraad van Pretoria, Erasmuskloof-brandweerstasie, Pretoria. Mahlamba Ndlopfu, erf 1, 26, 27 Bryntirion, 0083, Pretoria, Kelderplanne, 5/6.

80 Waarnemings deur skrywer op besoek aan die huis, 2000-06-08.

vertrekke is.⁸¹ Gedurende die restourasiewerk aan die woning in 2000 is veranderinge aan dié gedeelte aangebring, maar daar kon as gevolg van sekuriteitaspekte geen inligting hieroor bekom word nie.



Figuur 40: Die uitleg van die kelder voor die veranderinge in 2000.


Uit: Plan oorgeneem en aangepas van planne van die Departement Argitektuur, UP, rekordnr. 00748.

k Tuine

Die tuine van Libertas is so groot dat dit eerder as 'n landgoed beskryf kan word. Die tuine is gedeeltelik binne en buite die omheining aangelê. Die gedeelte buite die omheining kon deur 'n sirkelroete besigtig word. Die sirkelroete het deel van die straatpatroon van die woonbuurt Bryntirion gevorm. Die roete is later vir die publiek gesluit.⁸²

81 Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

82 M. Naudé, Libertashuis en tuine, *Arcadian*, 1992 Oktober, p. 7.



Figuur 41: Die uitleg van die tuine.

Die grasperk vir onthale is links en die preeel is teen die oostelike helling. In die middel is die fonteine en die leliedammetjies.

Uit: Oorgeneem en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke, nr. 22728.

Die woning het asemrowende uitsigte uit al die vertrekke verskaf en nie een uitsig was dieselfde nie. Die Departement was van voorneme om inheemse bome al om die woning te plant. Daar is gesê dat dit maklik was om die tuine uit te lê, wat in die verte met die blou, groen en pers van die horison wegsmelt. Die tuine aan die suide het na die straatkant geval in 'n reeks breë terrasse, met lang smal leliedamme wat dieselfde spilpunt as dié van die woning gehad het. Die informele fonteine in die leliedamme sou, so is beweer, wanneer die bome groot was, 'n mens aan die tuine van die Taj Mahal herinner (fig. 41).⁸³

83

UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 2, 3.

Die boonste een van die vier terrasse het uit 'n sirkelroetepaadjie en parkering bestaan. Die tweede terras is met dammetjies omring met ruim grasperke, en is geskik vir groot buitenshuise onthale. Die laaste twee terrasse het uit grasperke, blombeddings en rotstuine bestaan. Teen die oostelike helling was 'n prieel wat die kontoer van die heuwel gevolg het. Hier is ook 'n aantal terrasse gebou. Die noordelike helling was vir die private gebruik van die bewoners van die woning gereserveer. Van hier af het onderdak- en oop stoepe uitgekyk oor die noordelike terras wat tot by 'n lae keermuurtjie gestrek het. Die Departement van Openbare Werke het beplan om in die toekoms op een van die terrasse 'n swembad te bou.⁸⁴

Die woning was gereed vir die gebruik van die Eerste Minister, maar sou eers in die tyd van DF Malan gebruik word vir die doel waarvoor dit geskep is.

⁸⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 3, 4.